

**RIGLYNE VIR MAATSKAPLIKE  
WERKERS BY ETNIES-SENSITIEWE  
ROUBERAAD MET XHOSA-  
SPREKENDE PERSONE**

**deur**

**MARINA NINETTE RAUTENBACH**

**Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die  
graad van Magister in die Lettere en Wysbegeerte aan die  
Universiteit van Stellenbosch**



**STUDIELEIER: PROF JI CRONJÉ**

**Maart 2002**

## **VERKLARING**

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander Universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

## OPSOMMING

Die doel van die studie was om riglyne vir etnies-sensitiewe rouberaad met Xhosa-sprekende persone daar te stel. Die riglyne is spesifiek gerig op maatskaplike werkers wat rouberaad met Xhosa-sprekende persone doen. Ten einde die riglyne te formuleer is 'n literatuurstudie en 'n empiriese studie gedoen.

Die literatuurstudie bestaan uit twee hoofstukke. In die eerste hoofstuk is die etnies-sensitiewe perspektief en rouberaad modelle bespreek, daar is ook aandag gegee aan die integrering van die etnies-sensitiewe perspektief met die rouberaad modelle. Die tweede hoofstuk handel oor dood en rou in die Xhosa-kultuur; die rol van die maatskaplike werker as rouberader en die kennis, waardes en vaardighede wat benodig word om rouberaad te doen. Met die literatuurstudie is vasgestel dat 'n maatskaplike werker wat etnies-sensitiewe rouberaad met 'n Xhosa-sprekende persoon wil doen, spesifieke kennis van die Xhosa-sprekende persoon se rouproses moet hê. Vaardighede en waardes moet ook aangepas word by die behoeftes van die Xhosa-sprekende persoon in rou. In die literatuurstudie het dit ook duidelik na vore gekom dat suksesvolle etnies-sensitiewe rouberaad slegs gedoen kan word indien die maatskaplike werker deeglike kennis dra van sy/haar eie ervaringe en houdings ten opsigte van die rouproses en ten opsigte van 'n ander kultuur, byvoorbeeld die Xhosa-kultuur.

'n Empiriese studie is gedoen om Xhosa-sprekende persone se behoeftes ten opsigte van rouberaad te bepaal. Die respondente het bestaan uit Xhosa-sprekende persone wat in 'n rouproses was. 'n Vraelys met kwalitatiewe en kwantitatiewe vrae is as meetinstrument gebruik, en is deur tien respondente voltooi. Die steekproef van tien respondente is verkry deur doelbewuste seleksie, van respondente wat bereidwillig en beskikbaar vir die navorsing was.

Die bevindinge van die empiriese studie het aangedui dat Xhosa-sprekend persone unieke behoeftes het wat in ag geneem moet word tydens rouberaad. Daar is bevestig dat dit vir 'n maatskaplike werker nodig is om spesifieke kennis van die Xhosa-sprekende persoon se rouproses te hê, ten einde etnies-sensitiewe rouberaad te lewer. Die bevindinge lig duidelike riglyne vir maatskaplike werkers by etnies-sensitiewe rouberaad met Xhosa-sprekende persone uit.

## SUMMARY

The purpose of the study was to establish guidelines for ethnic-sensitive bereavement counselling with Xhosa speaking people. These guidelines are specifically aimed at Social Workers who do bereavement counselling with Xhosa speaking people. In order to formulate the guidelines, both literature review and empirical studies were undertaken.

The literature review consists of two chapters. In the first chapter the ethnic-sensitive perspective and bereavement counselling models are discussed and attention is given to the integration of the ethnic-sensitive perspective with bereavement counselling models. The second chapter deals with death and bereavement in the Xhosa culture, the role of the Social Worker as bereavement counsellor and the knowledge, values and skills required to do bereavement counselling.

Through the literature review it was established that specific knowledge of a Xhosa speaking person's bereavement process is essential for any Social Worker who wishes to do ethnic-sensitive bereavement counselling with a Xhosa speaking person. Skills and values must be tailored to the needs of the Xhosa speaking person in bereavement. During the literature review it also became clear that successful ethnic-sensitive bereavement counselling can only be done if the Social Worker is totally knowledgeable about his/her own experiences and attitudes in respect of the bereavement process as well as in respect of another culture, for example the Xhosa culture.

The empirical study was done to establish the needs of Xhosa speaking people in respect of bereavement counselling. The respondents consisted of Xhosa speaking individuals who were in the bereavement process. The measurement instrument consisted of a questionnaire with quantitative and qualitative questions and these were completed by ten respondents. The sample of ten respondents were selected from amongst respondents who were available and willing to participate in the research.

The findings of the empirical study pointed to the unique needs of Xhosa speaking people which must be considered during bereavement counselling with them. It was also confirmed that a Social Worker required specific knowledge of Xhosa speaking people's bereavement process in order to deliver ethnic-sensitive bereavement counselling. The finding establishes

clear guidelines for Social Workers doing ethnic-sensitive bereavement counselling with Xhosa speaking people.

## ERKENNING

Ek wil my opregte dank en waardering teenoor die volgende persone en instansies betuig:

- Die Hemelse Vader wat vir my hierdie geleentheid gegee het en die leiding om daardeur te groei.
- My ouers, vir hulle liefde, opvoeding, ondersteuning en opoffering waarsonder ek nie hierdie mylpaal sou bereik het nie.
- Prof. Cronjé vir hulp en leiding.
- Sandra Welman vir die deel van kennis, skep van geleenthede en deurlopende ondersteuning.
- Charl Jonker vir ure se harde werk, geduld en morele ondersteuning.
- Cornelia Prins vir haar tikwerk en ondersteuning.
- Irene Mbiza, 'n uitstekende tolk met baie geduld en deursettingsvermoë.
- Stellenbosch Hospice wat 'n deurslaggewende rol in die voltooiing van die studie gespeel het.

## INHOUDSOPGAWE

Bladsy

### HOOFSTUK 1: INLEIDING

<b>1.1</b>	<b>MOTIVERING VIR DIE ONDERSOEK.....</b>	<b>1</b>
<b>1.2</b>	<b>DIE DOEL VAN DIE NAVORSING .....</b>	<b>2</b>
1.2.1	Doel .....	2
1.2.2	Doelwitte .....	2
<b>1.3</b>	<b>METODE VAN DIE ONDERSOEK.....</b>	<b>2</b>
<b>1.4</b>	<b>AFBAKENING VAN DIE NAVORSINGSVELD.....</b>	<b>4</b>
<b>1.5</b>	<b>BEGRIPSOMSKRYWINGS.....</b>	<b>4</b>
1.5.1	Etnies-sensitiewe perspektief.....	4
1.5.2	Etnisiteit.....	4
1.5.3	Kultuur.....	4
1.5.4	Etniese groep.....	4
1.5.5	Rou .....	4
1.5.6	Rouproses .....	4
1.5.7	Rouberaad.....	5
<b>1.6</b>	<b>AANBIEDING .....</b>	<b>5</b>

### HOOFSTUK 2: ROUBERAAD VANUIT 'N ETNIES-SENSITIEWE PERSPEKTIEF

<b>INLEIDING.....</b>	<b>6</b>	
<b>2.1</b>	<b>DIE ETNIES-SENSITIEWE PERSPEKTIEF .....</b>	<b>6</b>
2.1.1	Die ontstaan en grondlegging van die etnies-sensitiewe perspektief.....	6

2.1.2	Uitgangspunte, beginsels en grondbegrippe .....	7
(a)	Uitgangspunte van die etnies-sensitiewe perspektief.....	7
(b)	Beginsels van die etnies-sensitiewe perspektief.....	10
(c)	Die sewe grondbegrippe van die etnies-sensitiewe perspektief.....	11
<b>2.2</b>	<b>DIE DRIE ROUBERAADMODELLE .....</b>	<b>17</b>
2.2.1	Die mediese model.....	18
(a)	Die aard van die mediese model .....	18
(b)	Kritiek teen die mediese model .....	18
(c)	Die mediese model en etniese realiteit .....	19
2.2.2	Die Fase-model .....	19
(a)	Die aard van die fase-model .....	19
(b)	Kritiek teen die fase-model.....	21
(c)	Die fase-model en etniese realiteit .....	21
2.2.3	Die take-model.....	22
(a)	Die aard van die take-model .....	22
(b)	Kritiek teen die take-model .....	23
(c)	Die take-model en etniese realiteit .....	24
	<b>SAMEVATTING.....</b>	<b>24</b>
<b>HOOFSTUK 3: ROUBERAADMODELLE VANUIT 'N ETNIESE-SENSITIEWE PERSPEKTIEF</b>		
<b>3.1</b>	<b>INLEIDING .....</b>	<b>25</b>
<b>3.2</b>	<b>DIE DOOD EN ROU IN DIE XHOSA-KULTUUR.....</b>	<b>25</b>
3.2.1	Die spirituele en die dood.....	26
3.2.2	Die sterwensproses.....	26
3.2.3	Die dood en rituele na die afsterwe.....	26



3.2.4	Die begrafnis.....	27
<b>3.3</b>	<b>DIE ROL VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER AS ROUBERADER.....</b>	<b>28</b>
3.3.1	Selfkennis .....	29
3.3.2	Spesialiteitskennis en vaardighede nodig vir die rouproses .....	30
(a)	Die fases en take van die rouproses .....	30
(b)	Faktore wat die rouproses beïnvloed.....	31
(c)	Normale en gekompliseerde rou .....	35
<b>3.4</b>	<b>ETNIES-SENSITIEWE ROUBERAAD .....</b>	<b>42</b>
3.4.1	Waardes .....	43
3.4.2	Kennis.....	46
3.4.3	Vaardighede .....	47
	<b>SAMEVATTING.....</b>	<b>49</b>

**HOOFSTUK 4: 'N ONDERSOEK VAN DIE XHOSA-SPREKENDE GROEP  
SE BEHOEFTE TEN OPSIGTE VAN ETNIES-SENSITIEWE  
ROUBERAAD**

<b>4.1</b>	<b>INLEIDING .....</b>	<b>50</b>
<b>4.2</b>	<b>EMPIRIESE STUDIE .....</b>	<b>50</b>
4.2.1	Metode van navorsing .....	50
4.2.2	Steekproeftrekking en dataversameling .....	50
<b>4.3</b>	<b>RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK .....</b>	<b>51</b>
4.3.1	Identifiserende besonderhede .....	51
(a)	Naam en van .....	51

(b)	Geslag .....	51
(c)	Ouderdom .....	51
(d)	Huistaal .....	51
(e)	Verhouding met oorledene .....	52
4.3.2	Die rol van die maatskaplike werker as etnies-sensitiewe rouberader .....	52
(a)	Etnies-sensitiewe ondersteuning in die rou tydperk .....	52
(b)	Geforseerde rouberaad deur 'n maatskaplike werker van 'n ander kultuur .....	53
(c)	Die invloed van etniese geskiedenis op die rouproses .....	55
(d)	Kennis van die Xhosa-kultuur .....	56
(e)	Begrip van gebruike in die Xhosa-kultuur .....	57
(f)	Verlangde ondersteuning tydens rou tydperk .....	59
4.3.3	Rouberaadmodelle .....	60
(a)	Modelle van die rouproses .....	61
(b)	Fases van die rouproses .....	62
(c)	Take van die rouproses .....	63
(d)	Die Xhosa-sprekende persoon se persepsie van rou .....	65
4.3.4	Dood en rou in die Xhosa-kultuur .....	65
(a)	Die afsterwe en die begrafnis .....	65
(i)	Plek van voorkeur vir die afsterwe van 'n persoon .....	65
(ii)	Rituele na die afsterwe van 'n persoon .....	66
(iii)	Die oordra van die doodstydning en die tref van begrafnisreëlings .....	66
(iv)	Spesifieke rituele voor die begrafnis .....	67
(v)	Veranderende tradisies rondom die begrafnis .....	67
(b)	Die spirituele aspek van die dood en rou in die Xhosa-kultuur .....	68
(i)	Die rol van 'n geestelike leier .....	68
(ii)	Die besluit oor lewe en dood .....	69
(iii)	Die rol van voorvadergeeste .....	69
(iv)	Die oorledene se ewigheidsbestemming .....	69
4.3.5	Die faktore wat die rouproses van die Xhosa-sprekende persoon beïnvloed .....	70
(a)	Gedragreëls wat 'n rol speel in die rouproses van die Xhosa-sprekende persoon .....	70

(i)	Take en optredes wat onderskeidelik van mans en vroue tydens rou verwag word .....	70
(ii)	Die optrede van 'n familie tydens die rouproses .....	71
(iii)	Kinders en die rouproses .....	71
(iv)	Bejaardes en die rouproses .....	72
(v)	Die invloed wat die manier van sterf op die rouproses het .....	72
(b)	Ondersteuningstelsels wat 'n rol speel in die rouproses van die Xhosa-sprekende persoon .....	72
(i)	Primêre bron van ondersteuning .....	73
(ii)	Die tipe ondersteuning wat ontvang is van die familie .....	73
(iii)	Die tipe ondersteuning wat van vriende ontvang is .....	74
(iv)	Vorme van verlies wat beskou word as verbode gespreksonderwerpe .....	75
4.3.6	Normale en gekompliseerde rou in die Xhosa-kultuur .....	75
(a)	Normale rou .....	75
(i)	Manifestasies van normale rou in die Xhosa-kultuur .....	75
(ii)	Bystand met die verwerking van normale rou .....	79
(b)	Gekompliseerde rou in die Xhosa-kukltuur .....	81
<b>4.4</b>	<b>SAMEVATTING .....</b>	<b>81</b>

**HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS .....** **82**

**5.1 INLEIDING .....** **82**

**5.2 GEVOLGTREKKINGS .....** **82**

5.2.1 Die rol van die maatskaplike werker as etnies-sensitiewe rouberader .....

5.2.2 Rouberaadmodelle .....

5.2.3 Dood en rou in die Xhosa-kultuur .....

5.2.4	Die faktore wat die rouproses van die Xhosa-sprekende persoon beïnvloed .....	84
5.2.5	Normale en gekompliseerde rou in die Xhosa-kultuur .....	85
<b>5.3</b>	<b>AANBEVELINGS.....</b>	<b>85</b>
5.3.1	Etnies-sensitiewe rouberaad dienste vir Xhosa-sprekende kliënte .....	85
5.3.2	Die impak van westerse gebruike op die tradisionele Xhosa-rouproses .....	86
5.3.3	Die behoefte aan rouberaad .....	86
5.3.4	Verdere navorsing .....	86
<b>BRONNELYS.....</b>		<b>88</b>

**LYS VAN FIGURE**

- **Figuur 4.1**      **Ondersteuning van 'n nie-Xhosa-sprekende maatskaplike werker .....53**
- **Figuur 4.2**      **Geforseerde rouberaad deur 'n nie-Xhosa-sprekende maatskaplike werker ..... 54**
- **Figuur 4.3**      **Die invloed van' n etniese verlede op rou ..... 55**
- **Figuur 4.4**      **Die maatskaplike werker se kennis van die Xhosa-kultuur ..... 56**
- **Figuur 4.5**      **Eiesoortige gebruike rondom rou in die Xhosa-kultuur ..... 58**
- **Fituur 4.6**      **Die werker se poging om Xhosa-gebruike te verstaan ..... 59**
- **Figuur 4.7**      **Vorme van hulpverleen deur die maatskaplike werker ..... 60**
- **Figuur 4.8**      **Ervaring van die rouproses ..... 61**
- **Figuur 4.9**      **Die fases in die rouproses ..... 63**
- **Figuur 4.10**      **Die take in die rouproses ..... 64**
- **Figuur 4.11**      **Verkieste geestelike leier ..... 68**
- **Figuur 4.12**      **Tipes ondersteuning ontvang van die familie ..... 73**
- **Figuur 4.13**      **Tipes ondersteuning van vriende ontvang..... 74**
- **Figuur 4.14**      **Behoeftte aan ondersteuning tydens die rouproses ..... 76**
- **Figuur 4.15**      **Ondersteuningstelsels waarvan gebruik gemaak is tydens rou ..... 80**

## LYS VAN TABELLE

- **Tabel 4.1**      **Somatiese manifestasies van rou..... 76**
- **Tabel 4.2**      **Intrapsigiese manifestasies van rou ..... 77**
- **Tabel 4.3**      **Gedragmanifestasies van rou ..... 78**

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING

#### 1.1 MOTIVERING VIR DIE ONDERSOEK

Suid-Afrikaanse maatskaplike werkers het 'n kliëntsisteem wat saamgestel word uit 'n breë spektrum van kulture en etniese groepe. Dit is vir maatskaplike werkers belangrik om die kliënt se optrede en oortuigings binne die raamwerk van die kliënt se kultuur of etnisiteit te ondersteun. Die Witskrif vir Welsyn (1997) skryf voor dat welsynsprogramme sensitief moet wees ten opsigte van kulturele omstandighede en meld verder dat mense se sosiale funksionering beïnvloed word deur die probleme wat ondervind word met die hantering van lewensomstandighede en verandering binne hierdie omstandighede. Welsynsprogramme moet dus optimale sosiale funksionering en sosiale stabiliteit bevorder.

Die dood van 'n persoon is 'n gebeurtenis wat vir die naasbestaandes 'n ingrypende verandering van lewensomstandighede meebring. Die hantering van hierdie veranderinge sowel as die emosies rondom die rouproses kan vir 'n persoon oorweldigend word. Worden (1991:1) is van mening dat mense vir rouberaad aanmeld omdat hulle vasgevang voel in hul rouproses en hulp nodig om deur hierdie proses te werk. Onverwerkte rou manifesteer ook dikwels in die vorm van fisiese en geestelike afwykings. Dit strem 'n persoon se sosiale funksionering en veroorsaak sosiale onstabiliteit. Rouberaadprogramme as deel van welsynsdienste in Suid-Afrika is noodsaaklik om die Witskrif vir Welsyn (1997) se visie van optimale sosiale funksionering en sosiale stabiliteit te verseker.

Die sukses van rouberaadprogramme in Suid-Afrika se etnies-diverse samelewing sal bepaal word deur die etniese sensitiwiteit van die program. Mulrain (1993:33) lê klem daarop dat elke kultuur 'n unieke manier het om die dood te beskou en te hanteer. Parkes et al. (1996:128) ondersteun Mulrain (1993:33) met die standpunt dat indien rouberaad binne 'n multi-etniese samelewing gelewer word, 'n deeglike begrip moet bestaan van die rituele en sieninge van ander kulture ten opsigte van die dood. Die sienings van Parkes (1996:128) en Mulrain (1993:33) het 'n duidelike boodskap ten opsigte van die formulering van rouberaadprogramme vir die Suid-Afrikaanse konteks. Die etniese diversiteit in Suid-Afrika noodsaak rouberaadprogramme wat in die verskillende etniese groepe se unieke behoeftes sal voorsien.

Hierdie studie is gedoen om 'n etnies-sensitiewe rouberaadprogram, met die fokus op die Xhosa-sprekende groep, daar te stel. Die uitkomstes van die studie gee vir die maatskaplike werker konkrete riglyne ten opsigte van die Xhosa-sprekende groep se gebruike en behoeftes met betrekking tot die dood en rou. Dit sal die maatskaplike werker bemagtig om die Xhosa-sprekende groep se verwagtinge rondom die dood en die groep se manier van rou te verstaan. Nyatonga (1997:203) beweer dat suksesvolle rouberaad *slegs* gedoen kan word indien die berader die kliënt se kulturele agtergrond verstaan. Die kulturele agtergrond van 'n kliënt sluit ook sy wyse van rou in.

## **1.2 DIE DOEL VAN DIE NAVORSING**

### **1.2.1 Doel**

Om riglyne vir 'n etnies-sensitiewe rouberaadprogram vir die Xhosa-sprekende groep te formuleer.

### **1.2.2 Doelwitte**

- Om westerse rouberaadmodelle tesame met die etnies-sensitiewe perspektief te ontleed ten einde riglyne vir etnies-sensitiewe rouberaad te skets.
- Om die Xhosa-sprekende groep se persepsies, houdinge en behoeftes rondom die dood en rouberaad te bepaal.
- Om die maatskaplike werker se rol ten opsigte van rouberaad en veral etnies-sensitiewe rouberaad te verduidelik.

## **1.3 METODE VAN ONDERSOEK**

Die navorsing is gedoen deur hoofsaaklik gebruik te maak van 'n verkennende navorsingsontwerp. Dit is gebruik omdat hierdie ontwerp volgens Williams, Tutty & Grinnel (1995:197-204) 'n navorsingsvraag ondersoek waaroor daar min bekend is, met die doel om veralgemenings bloot te lê en hipoteses te ontwikkel. Die navorsingsvraag kan later weer deur meer komplekse en presiese ontwerpe en dataversamelingsmetodes getoets word. Babbie (1998:90-91) is van mening dat verkennende navorsing gedoen word om drie hoofredes:



- a) Om die navorser se strewe na insig en kennis rondom 'n onderwerp te bevredig.
- b) Om die uitvoerbaarheid van verdere studie op die gebied te ondersoek.
- c) Om metodes vir gebruik in verdere studie te ontwikkel.

'n Addisionele ontwerp wat saam met die verkennende ontwerp gebruik is, is die beskrywende ontwerp. Hierdie ontwerp stel die navorser in staat om situasies en gebeurtenisse waar te neem, en die waarneming op 'n wetenskaplike manier te beskryf (Babbie 1998:91-92).

Die studiepopulasie van hierdie navorsing is Xhosa-sprekende gesinne wat 'n gesinslid in die afgelope twee jaar verloor het en tans rouberaad ontvang of reeds rouberaad voltooi het. Die steekproef van 10 gesinne is getrek vanuit die studiepopulasie deur gebruik te maak van doelbewuste seleksie. Hierdie tipe steekproeftrekking is gebruik om 'n spesifieke werkbare steekproef te trek (Williams, Tutty & Grinnell, 1995:230). Kriteria wat vir hierdie steekproeftrekking gebruik is, is die beskikbaarheid en toeganklikheid van die gesinne sowel as die vlak waartoe daar suksesvol met 'n gesin deur middel van 'n tolk gekommunikeer kon word.

Die studie is kwalitatief van aard omdat daar gepoog word om sosiale interaksie te interpreteer, beskryf en die betekenis daarvan vir die elemente (gesinne) te verken (Denzin & Lincoln 1994:2). Die bogenoemde sosiale interaksie dui vir die doel van hierdie studie op die gesinne se rouproses na die afsterwe van 'n lid. 'n Gestruktureerde onderhoud met elke gesin is gebruik om hierdie inligting te bekom. Die onderhoude fokus op die spesifieke gebruike en behoeftes van die Xhosa-sprekende gesin in rou, sowel as op spesifieke behoeftes en probleme wat ondervind word met betrekking tot rouberaad. Die kwalitatiewe aard van die studie is aangevul deur enkele kwantitatiewe aspekte in te sluit, byvoorbeeld houdings en tevredenheidsvlakke, wat aangedui moet word. Die data wat verkry is, is volgens toepaslike metodes verwerk en weergegee word.

Die geldigheid van kwalitatiewe navorsing word deur Babbie (1998:303-304) as baie hoog geag. Hy meld dat kwalitatiewe navorsing se geleentheid tot observasie en diepgaande vrae baie meer omvattende inligting verskaf as byvoorbeeld opnames. Die betroubaarheid van hierdie tipe navorsing word egter onder verdenking geplaas. Babbie (1998:304-305) is van mening dat kwalitatiewe navorsing meer ruimte laat vir subjektiwiteit deur die navorser. Die enkele kwantitatiewe aspekte wat ingesluit sal word, poog egter om die betroubaarheid te verhoog.

## 1.4 AFBAKENING VAN DIE NAVORSINGSVELD

Die navorsing dek die invloed van die Xhosa-sprekende groep se kultuur op rou. Die fokus is op spesifieke behoeftes vir rouberaad wat deur die Xhosa-kultuur geskep word.

Die teikengroep is Xhosa-sprekende gesinne wat 'n gesinslid weens 'n terminale siekte verloor het. Die terrein is die riglyne wat verkry word vanuit die navorsing om maatskaplikewerk-riglyne vir etnies-sensitiewe rouberaad ten opsigte van die Xhosa-sprekende-groep duideliker te maak.

## 1.5 BEGRIPSOMSKRYWINGS

**1.5.1 Etnies-sensitiewe perspektief:** 'n Maatskaplikewerk-perspektief wat gebruik word om te verseker dat die maatskaplike werker tydens dienslewering bedag is op die etniese, kulturele en godsdienstige diversiteit van die kliëntsisteem, sodat die impak en probleme van diskriminasie binne die praktyk aangespreek sal word (Sheafor, Horejsi, & Horejsi, 1994:94).

**1.5.2 Etnisiteit:** Etnisiteit verwys na die mate waartoe persone van dieselfde etniese groep 'n gevoel van geborgenheid binne die groep ervaar (Devore & Schlesinger, 1996:45).

**1.5.3 Kultuur:** 'n Konsep wat verwys na groepe mense wat verskil ten opsigte van die manier waarop gedrag gestruktureer word, wêreldsienings, perspektiewe op die ritmes en patrone van lewe, en die konsep ten opsigte van die basiese natuur van die mens (Devore & Schlesinger, 1996:45).

**1.5.4 Etniese groep:** 'n Kenmerkende groep (byvoorbeeld: die Xhosa-sprekende groep) mense wat 'n algemene taal, stel gebruike, geskiedenis, kultuur, ras, geloof en oorsprong deel (Barker, 1987:51).

**1.5.5 Rou:** Normale reaksie wat volg op verlies deur die dood en dikwels gepaard gaan met depressie en simptome soos swak eetlus, gewigsverlies en slapeloosheid (Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk, 1995:57).

**1.5.6 Rouproses:** Die proses waardeur herinneringe aan die gestorwene opgeroep word en aanpassing ten opsigte van die verlies geskied (Barker, 1987:15).

**1.5.7 Rouberaad:** 'n Terapeutiese proses waardeur die naasbestaendes en vriende van 'n oorledene tydens die proses van rou begelei en ondersteun word (Nuwe Woodeboek vir Maatskaplike Werk, 1995:57).

## **1.6 AANBIEDING**

Die tesis is in vyf hoofstukke verdeel. Hoofstuk 1 is 'n inleidende hoofstuk en word in beslag geneem deur die motivering en beplanning van die studie. Hoofstuk 2 van hierdie studie fokus op bestaande westerse rouberaadmodelle, asook op die etnies-sensitiewe perspektief. In die hoofstuk word daar aandag gegee aan die strukturering van 'n etnies-sensitiewe rouberaadmodel. Die Xhosa-sprekende groep se rituele en gebruike rondom die dood en rou word in Hoofstuk 3 bespreek tesame met die maatskaplike werker se huidige rol ten opsigte van rouberaad met hierdie groep.

Hoofstuk 4 word in beslag geneem word deur die terugvoer van die data wat verkry en ontleed is. Laastens gee Hoofstuk 5 die aanbevelings en uitkomste ten opsigte van die studie.

## HOOFSTUK 2

### ROUBERAAD VANUIT 'N ETNIES-SENSITIEWE PERSPEKTIEF

#### INLEIDING

Hoofstuk 2 fokus op rouberaad vanuit die etnies-sensitiewe perspektief. Die doel van hierdie hoofstuk is om riglyne vir etnies-sensitiewe rouberaad te ondersoek. Die hoofstuk word verdeel in twee dele. Die eerste deel bespreek die etnies-sensitiewe perspektief en die toepassing van die perspektief in maatskaplike praktyk. Deel twee bespreek die drie modelle van rouberaad. Die bespreking gee ook aandag aan die impak van die etniese realiteit op elke model.

#### 2.1 DIE ETNIES-SENSITIEWE PERSPEKTIEF

Die etnies-sensitiewe perspektief word bespreek sodat 'n basis vir etnies-sensitiewe rouberaad geskep kan word. Etnies-sensitiewe rouberaad is slegs suksesvol as die maatskaplike werker deeglike kennis het van die etnies-sensitiewe perspektief en die toepassing daarvan.

##### 2.1.1 Die ontstaan en grondlegging van die etnies-sensitiewe perspektief

Die etnies-sensitiewe perspektief is in 1981 deur Wynetta Devore & Elfriede G Schlesinger gekonseptualiseer. Die skrywers het daarna gestreef om die begrip van die impak wat etnisiteit, sosiale status en minderheidstatus het, te integreer met die beginsels en strategie van maatskaplikewerk-praktyk. In teenstelling met alle teorieë en perspektiewe wat reeds gedokumenteer was, het die skrywers van die etnies-sensitiewe perspektief die bydrae van etnisiteit en sosialeklas tot die vorming van intervensie- en assesseringsprosesse benadruk en ondersoek (Devore & Schlesinger, 1996:xi; Lum, 1996:115). Die doel van die etnies-sensitiewe perspektief is om te verseker dat die maatskaplike werker wat dit toepas, bedag sal wees op etniese, kulturele en religieuse diversiteit onder kliënte (Sheafor, Horejsi & Horejsi, 1994:94). Die verdere doel is om die probleem en impak van diskriminasie aan te spreek binne die praktyk.

Die etnies-sensitiewe perspektief fokus op kliënte se etnisiteit en die impak wat die etniese realiteit op dienslewering het. Lum (1996:115) beweer dat Devore en Schlesinger (1996) geen nuwe benaderings tot maatskaplikewerk-praktyk voorlê nie. Hulle poog om aan bestaande maatskaplikewerk-benaderings 'n etnies-sensitiewe dimensie te gee. Devore & Schlesinger (1991:161) is egter na mening dat daar vir 'n baie lang tyd baie min aandag gegee is aan die

verfyning van vaardighede en benaderings, sodat etnies-sensitiewe dienste gelewer kan word. Baie min riglyne vir etnies-sensitiewe praktyk word vanuit ou gevestigde teorieë en modelle verkry. Devore & Schlesinger (1996) het hierdie leemte erken en deur middel van hulle perspektief sekere beginsels, aannames en riglyne vir etnies-sensitiewe praktyk geskep.

Binne die raamwerk van die etnies-sensitiewe perspektief word daar klem gelê op begrip vir die kliënt se etniese realiteit. Die begrip moet spruit uit goeie kennis van menslike gedrag en spesifieke kennis van etniese groepe. Die maatskaplike werker moet daarvan bewus wees dat etnisiteit menslike gedrag beïnvloed. Die invloed van etnisiteit is egter nie net beperk tot individuele gedrag nie. Etnisiteit beïnvloed die optredes en samestelling van gesinne, groepe en gemeenskappe. Die toepassing van die etnies-sensitiewe perspektief moet gevolglik op mikro- sowel as makrovlak plaasvind.

Devore & Schlesinger (1996) verduidelik die etnies-sensitiewe perspektief aan die hand van uitgangspunte, beginsels en grondbegrippe. Kennis, waardes en vaardighede relevant tot die perspektief word vermeng in die grondbegrippe en vorm die rigtingwysers van etnies-sensitiewe praktyk.

### **2.1.2 Uitgangspunte, beginsels en grondbegrippe**

Die uitgangspunte, beginsels en grondbegrippe van die etnies-sensitiewe perspektief dien as riglyne vir maatskaplikewerk-intervensie. Dit stel vir die maatskaplike werker in staat om die kliënt se etnisiteit as basis vir interventie te gebruik. Green (1995:17) verduidelik dat die kliënt met sy eie unieke waardesisteen en verwysingsraamwerk die basis word vir die beplanning van 'n interventieproses. 'n Meer gedetailleerde bespreking van hierdie uitgangspunte, beginsels en grondbegrippe volg.

#### **(a) *Uitgangspunte van die etnies-sensitiewe perspektief***

Devore & Schlesinger (1996:155) het vier uitgangspunte geïdentifiseer waarop die etnies-sensitiewe perspektief gegrond is, naamlik:

- Individuele en kollektiewe geskiedenis het 'n invloed op die ontstaan en oplos van probleme.
- Die hede is die belangrikste.
- Etnisiteit is 'n bron van kohesie, diversiteit en krag asook 'n bron van stremming, onenigheid en twis.

➤ Onbewustelike gebeurtenisse beïnvloed individuele funksionering.

Die bespreking van elkeen van hierdie uitgangspunte, soos weergegee in Devore & Schlesinger (1996:155-169), sal verduidelik hoekom hierdie vier uitgangspunte gebruik word as vertrekpunt vir die perspektief. Die uitgangspunte gee ook 'n duidelike beeld van die kennis, waardes en vaardighede nodig om die perspektief suksesvol te implementeer.

***Uitgangspunt 1:      Individuele en kollektiewe geskiedenis het 'n invloed op die ontstaan en oplos van probleme***

'n Belangrike aspek van 'n etniese groep se geskiedenis is die manier waarop die groep se kultuur kennis gemaak het met ander kulture, binne die samelewing waarin die etniese groep voorkom. Die ervaringe wat opgedoen is tydens die proses van kennismaking, het 'n blywende invloed op die manier waarvolgens die groep hulle eie lewens beskou asook die manier waarop ander na die groep kyk. Dit is belangrik om te onthou dat die kollektiewe ervarings van 'n groep, individueel op verskillende wyses beïnvloed. Die persoonlikheid en eie lewensgeskiedenis van elke individu dien as filters: dit bepaal watter aspekte van etniese identiteit en geskiedenis deel sal bly van die individu. Individuele optredes in tye van krisis of siekte word bepaal deur die waardes van hulle etnisiteit wat vir hulle belangrik is (Haynes & Singh, 1992:45). Kadushin (1990:306) verduidelik dat daar verskille bestaan in die wyse hoe etniese groepe probleme definieer, verklaar en oplos. Dit is die maatskaplike werker se taak om die kliënt se siening van die probleemsituasie te respekteer. Die kliënt sal altyd 'n bewustheid van sy of haar etnisiteit asook gemeenskaplike kultuur as deel van sy/haar persoonlikheid behou. Haynes & Singh (1992:45) beklemtoon die belangrikheid van 'n begrip vir die individu se breër sosio-kulturele omgewing. Dit gee aan die maatskaplike werker die nodige vaardighede vir etnies-sensitiewe dienslewering.

Die kern van hierdie eerste aanname is dat elke individu 'n etniese geskiedenis het wat sorg dat die individu wortels het in 'n etniese groep se verlede en ontwikkeling. Die tradisies, gebruike, rituele en gedragskodes van die etniese groep het alles 'n invloed op die individu. Die invloed wat al hierdie faktore van die verlede op die individu het, het die potensiaal om sy persepsie van probleme in die hede te beïnvloed.

***Uitgangspunt 2:      Die hede is die belangrikste***

Die verlede van 'n individu of groep vorm en beïnvloed die probleme wat in die hede mag ontwikkel. Dit is die maatskaplike werker se plig om te fokus op die huidige probleem.

Terselfdertyd moet daar 'n duidelike bewustheid wees dat die voorkoms of verspreiding van probleme dikwels verband hou met die etniese realiteit van die individu of groep. Die respektering van elke etniese groep se tradisies en waardes is noodsaaklik wanneer hulpverlening ten opsigte van diverse probleme geïnisieer word, byvoorbeeld die maatskaplike werker moet bedag wees op etniese groepe wat in die gemeenskap eerder self probleme wil oplos as om eksterne hulp te aanvaar. Potgieter (1998:206) waarsku dat maatskaplike werkers nie moet vasval in 'n spesifieke wyse waarop dienste gelewer word nie. Hy maan maatskaplike werkers om hulle eie dienste te bevraagteken en die geskiktheid daarvan te ondersoek.

Indien diensorganisasies en maatskaplike werkers doeltreffende etnies-sensitiewe dienste wil lewer, moet hulle dienste die kliënt se onmiddellike probleem binne die kliënt se etniese konteks kan aanspreek, byvoorbeeld rouberaad moet binne die klient se etniese konteks gelewer word. Dit kan slegs bereik word as dienste beplan is met omvattende kennis en insig van die geskiedenis, gebruike en waardes van verskillende etniese groepe.

Die tweede uitgangspunt vestig die maatskaplike werker se aandag daarop dat die huidige probleem altyd primêre aandag moet geniet. Die maatskaplike werker moet ook bewus wees daarvan dat 'n etniese groep se geskiedenis die huidige persepsie en metodes van probleemoplossing sal beïnvloed.

***Uitgangspunt 3: Etnisiteit is 'n bron van kohesie, diversiteit en krag asook 'n bron van stremming, onenigheid en twis***

Devore & Schlesinger (1996:160) bespreek etnisiteit as 'n bron van kohesie, diversiteit en krag asook 'n bron van stremming, onenigheid en twis aan die hand van familie, rituele en feeste, etniese skole en taal. Elkeen word afsonderlik bespreek.

**Die familie.** Die familie is een van die primêre groepe, verantwoordelik vir die versorging van kinders, oordra van waardes en emosionele ondersteuning. 'n Individu se etnisiteit en sosiale stand bepaal die waarde van familiebande en die individu se betrokkenheid by die oplos van familieprobleme. Die maatskaplike werker moet bepaal in watter mate familiewaardes bots of ooreenstem met die verwagtinge en vooroordele van die samelewing. Dienslewering moet sensitief wees vir botsings tussen die familie en samelewing en die bydrae wat dit tot die probleem het, in ag neem. Die familie verwys na 'n gesin plus ander familie lede soos oumas, oupas, ooms, tantes, neefs en niggies.

**Rituele en feeste.** Rituele en feeste is tradisies wat as opwindende en noodsaaklike gebeurtenisse beskou word. Dit word hoofsaaklik gebruik om die jeug bewus te maak van hulle etniese erfenis en om hulle bewus te maak van hul afwyking van tradisie.

**Etniese skole.** Die band met die ouer generasie van 'n etniese groep word deur skole, soos byvoorbeeld inisiasieskole vir Xhosa-seuns, in stand gehou. Die jeug ervaar nie altyd 'n behoefte aan hierdie ervaring nie, en dit word uitgedruk deur middel van rebelsheid teenoor hierdie tradisie. Daar word dikwels ervaar dat hierdie skole, wat as buitemuurse aktiwiteite bedryf word, inmeng met aktiwiteite soos sport wat die jeug eerder wil beoefen.

**Taal:** Meeste etniese groepe word geïdentifiseer deur 'n eie taal of dialek. Die groep se taal dra by tot 'n eie karakter, atmosfeer en wêreldsiening. 'n Tweede taal wat aangeleer word om byvoorbeeld ekonomies aktief te wees, word deur meeste minderheidsgroepe as 'n noodsaaklikheid gesien.

#### ***Uitgangspunt 4:      Onbewustelike gebeurtenisse beïnvloed die individu se funksionering***

'n Aantal outeurs, onder andere Compton & Galaway (1999); Devore & Schlesinger (1996), wys daarop dat maatskaplike werkers bewus moet wees van die onbewustelike aspekte van menslike funksionering. Daar heers konsensus dat kliënte tydens onderhoude met maatskaplike werkers dikwels verwys na “verskuilde emosies”, vae gedagtes en vae herinneringe. Compton & Galaway (1999:184) beweer dat kulturele waardes invloedryke kragte is wat deel vorm van die onderbewuste. Hierdie waardes is so 'n integrale deel van 'n kulturele groep dat die individue in die groep nie die invloed van die waardes kan vermy nie.

Die onbewuste word deel van die kern van elke individu se denke, en beïnvloed emosies en optrede. Etnisiteit het 'n spesifieke impak op die onbewuste en dit word op 'n unieke wyse in aksies en emosies weerspieël.

#### ***(b)      Beginsels van die etnies-sensitiewe perspektief***

Die beginsels van die etnies-sensitiewe perspektief lê die basis vir dienslewering, en word gebruik as vertrekpunt vir praktyk. Die maatskaplike werker het ook sekere rigtingwysers nodig, wat praktiese leiding ten opsigte van etnies-sensitiewe praktyk gee. Die beginsels van die etnies-sensitiewe perspektief vervul hierdie doel, en is die praktiese rigtingwysers vir die implementering daarvan.



Devore & Schlesinger (1996:169) bespreek twee beginsels, naamlik: die maatskaplike werker moet gelyktydige aandag gee aan individuele sowel as sistemiese wanfunksionering, en vaardighede moet aangepas word om spesifiek te wees vir die behoeftes van verskeie etniese groepe.

Die beginsels vereis dat dienslewering gelyktydig op mikro- en makrovlak moet geskied. Dienslewering moet ook aangepas word volgens die behoeftes van die spesifieke etniese groep/persoon wat hierdie dienste ontvang.

Hierdie twee beginsels stel hoë eise aan dienslewering. Dit kan substansiële beplanning verg om die beginsels suksesvol in dienslewering toe te pas. Lum (1996:115-117) verskaf drie riglyne as hulpmiddels vir die taak:

- Die maatskaplike werker moet die etniese gemeenskap verstaan. Die maatskaplike werker moet kennis dra van *populasie-eienskappe, die toeganklikheid van hulpbronne en die netwerke binne die gemeenskap wat vir die kliënt van hulp kan wees*. Bronne wat die maatskaplike werker kan gebruik om die dinamiek binne die gemeenskap bloot te lê en te bemeester, is sensusmateriaal, gemeenskapspublikasies en onderhoude met gemeenskapsleiers.
- Die maatskaplike werker moet selfkennis sowel as kennis van menslike gedrag hê. Dit stel die maatskaplike werker in staat om te fokus op die spesifieke prosesse van die etniese familie, sowel as die etniese groep se kognitiewe, affektiewe en gedragsresponse. Daar moet ook in gedagte gehou word dat etniese houdings ten opsigte van taal, kultuur en maatskaplike probleme 'n invloed het op die kliënt se reaksie teenoor die maatskaplike werker. *Die maatskaplike werker se eie etniese agtergrond beïnvloed ook gedrag teenoor die kliënt.*
- Die maatskaplike werker moet voor die eerste kennismaking met die kliënt data versamel oor die verwysing en die probleem. Dit verskaf aan die werker die geleentheid om data te hersien, ontleed en te organiseer. Dit is veral belangrik om inligting te bekom oor die kliënt se etniese agtergrond, sosiale status, kwessies van rassisme en moontlike vooroordele.

**(c) *Die sewe grondbegrippe van die etnies-sensitiewe perspektief***

Devore & Schlesinger (1996:109-125) bespreek sewe grondbegrippe van die etnies-sensitiewe perspektief, naamlik maatskaplike werk waardes; basiese kennis van menslike gedrag;

professionele praktyk word beïnvloed deur die kennis en vaardighede wat deel is van die organisasie se dienste; bewustheid van self; die impak van die etniese realiteit op die daaglikse lewe van die klient, 'n begrip vir die impak van die roete na die werker en die aanpassing van strategieë en prosedures. Die grondbegrippe is 'n vermenging van die kennis, waardes en vaardighede wat deel is van die etnies-sensitiewe perspektief, en vorm saam met die uitgangspunte en beginsels die basiese raamwerk daarvan.

***Grondbegrip 1: Maatskaplikewerk-waardes*** (Devore & Schlesinger 1996:110-111)

Maatskaplike werk se kernwaardes kan volgens Johnson (1995:51) uitgedruk word in beginsels soos selfwaarde, respek vir individualiteit, reg op selfbeskikking en reg op konfidensialiteit. Die waardes sal altyd as die grondslag vir maatskaplikewerk-praktyk beskou word. Die wyse waarop waardes in die praktyk toegepas word, kon egter nie staties bly nie. Die uitvoer van praktyk, en sodoende die toepassing van maatskaplikewerk-waardes, moet aanpas by veranderende ekonomiese, politieke en maatskaplike omstandighede. 'n Kliëntebasis waar etniese diversiteit toeneem, is 'n sprekende voorbeeld waar waardes aangepas sal moet word vir doeltreffende dienslewering.

Die waardebasis wat Devore & Schlesinger (1996:111) as die doeltreffendste vir die etnies-sensitiewe perspektief beskou, is die waardebasis wat ontwikkel is deur Levy (1967). Dit vorm die waardegrondslag vir die etnies-sensitiewe perspektief en word in drie hoofpunte bespreek.

Eerstens: Waardes as voorkeuropvatting van mense. Dit fokus op die oriëntasie ten opsigte van *die verhoudings tussen mense en hulle omgewing*. 'n Persoon word gesien as iemand met intrinsieke waardes en die kapasiteit om te groei en vaardighede te ontwikkel. Die kliënt word as bevoeg gesien om oor vaardighede te beskik wat hom in staat kan stel om sy eie huidige en toekomstige probleme op te los. Compton & Galaway (1999:235) sien kultuur as 'n bron waaruit kliënte vaardighede kan put. Vaardighede eie aan 'n kliënt se kultuur moet gebruik word om die kliënt te bemagtig. Dit is 'n unieke kragbron wat vir die kliënt meer geleentheid tot groei en selfbeskikking kan gee. Die etnisiteit van die kliënt word gevolglik eerder gesien as 'n waardevolle hulpmiddel as iets wat nadelig is in die hulpverleningsproses.

Tweedens: Waardes as voorkeur-uitkomst vir mense. Dit fokus op die kwaliteit van lewe, en dit wat geglo word ten opsigte van maatskaplike voorsiening en beleidsontwerp vir die verbetering van die kwaliteit van lewe. Self-realisering, self-aktualisering en die gelykheid van geleentheid word as belangrik geag. Dit is belangrik dat die maatskaplike werker sal let op

individue en groepe se stryd om op hul eie te groei en te ontwikkel. Potgieter (1998:39) beskryf hierdie waardes as drome en ideale vir mense. Die drome en ideale vir elke kliënt moet gelykheid, demokrasie en gerigtheid wees. Die maatskaplike werker moet ondersteunend wees in die stryd hiervoor en bewus wees dat die etniese realiteit 'n struikelblok of voordeel kan wees.

Derdens: Waardes as voorkeur-instrumente vir die hantering van mense. Dit fokus op die korrekte manier waarop mense behandel moet word. Kliënte moet as individue aanvaar word en nie veroordeel word vir hulle tekortkominge nie. Die maatskaplike werker moet fokus op die waarde en sterkpunte van die kliënt (Potgieter, 1998:39).

**Grondbegrip 2: Basiese kennis van menslike gedrag.** (Devore & Schlesinger 1996:111-113)

Kennis dien as die rigtingwyser vir die aksies van die maatskaplike werker (Johnson, 1995:46). Die maatskaplike werker wat vanuit die etnies-sensitiewe perspektief werk, het sekere kennis nodig, dit word benodig om te verseker dat intervensie op 'n etnies-sensitiewe wyse geskied.

Devore & Schlesinger (1996:111) gebruik die kurrikulumbeleidsverklaring van die "Board of Social Work Education" in die VSA. Dit dien as grondslag vir die kennisbasis van die etnies-sensitiewe perspektief. Die verklaring lui as volg: Studente benodig kennis van individue en die individue se ontwikkeling tydens hul lewensiklus. Kennis word ook benodig van die individu se lidmaatskap binne families, groepe en organisasies sowel as die verhoudinge tussen biologiese, sosiale, sielkundige en kulturele sisteme. Kennis moet ook bestaan van die sisteme se impak op gedrag sowel as die impak wat gedrag op hierdie sisteme het.

Die kurrikulumbeleidsverklaring word deur Devore & Schlesinger (1996:111) opgedeel in vier dele: die lewensverloop van die individu en familie, die sosialerol-teorie, persoonlikheidsteorie en die sosiale-sisteemteorie. Dit vorm die kennisbasis van die etnies-sensitiewe perspektief. Elke deel word afsonderlik bespreek.

➤ **Die lewensverloop van die individu en familie:** Daar moet bewustheid wees van die voorkoms van veranderende gedrag vanaf geboorte tot sterfte. Kanse op suksesvolle intervensie word verhoog indien die maatskaplike werker kennis dra van die gedrag verbonde aan 'n spesifieke lewenstadium en die verandering wat moet plaasvind om 'n volgende stadium binne te gaan.

Kennis van take wat kenmerkend is van sekere stadiums in die familiesiklus is ook belangrik. Die verskuiwing van verantwoordelikhede soos die familie ouer word, moet in ag geneem word. Die verskuiwing van verantwoordelikhede bring die verskuiwing van mag in verhoudings mee. 'n Ouer het minder verantwoordelikhede teenoor 'n volwasse kind as teenoor 'n kleuter. Die volwasse kind is meer onafhanklik en sorg vir hom/haarself. Dit beteken dat die ouer minder mag oor die kind se doen en late het. Die aard en hoeveelheid van mag in familieverhoudings verskil van kultuur tot kultuur. Jonker & Cronje (2000:230) sien kennis van spesifieke kulturele magsverhoudings in families as belangrik vir suksesvolle intervensie met kliënte van ander kulture.

- **Sosialerol-teorie.** Kennis van sosiale rolle verleen 'n beter insig in die funksionering van families. In meeste families word rolle toegeken op grond van ouderdom, geslag en posisies binne die familie. Spesifieke gedrag word binne families toegeken aan sekere rolle. Indien die rolle en die gedrag daaraan gekoppel mekaar nie meer komplementeer nie, ontstaan probleme. Probleme word ook ervaar wanneer individue rolle ontvang waarvoor hulle nie die vaardighede het nie, of wanneer te veel rolle aan 'n individu toegeskryf word.
- **Persoonlikheidsteorie.** Hierdie teorie wys daarop dat 'n kliënt se sukses of mislukking op die uniekheid van sy persoonlikheid berus. Die eienskappe wat die kliënt ontwikkel om aan te pas in 'n unieke eie lewenstyl speel ook 'n belangrike rol.
- **Sosialesisteem-teorie.** Die maatskaplike werker met 'n sistemiese perspektief is bewus van die fisiese omgewing sowel as die impak van sosiale, ekonomiese en politiese magte. Die individu en familie word gesien as deel van 'n sosiale sisteem en nie as 'n afsonderlike entiteit nie.

Die bostaande teorieë moet ook in ag geneem word tydens rouberaad. Die rouberader moet bewus wees van die verhoudings en rolle in 'n familie en hoe dit die rouproses sal beïnvloed. Daar moet ook gelet word op elke individu se hanteringsmeganismis en sy / haar se unieke wyse van rou. Laastens moet die berader daarvan bewus wees dat die gemeenskap waarin 'n familie bly 'n impak sal hê op die familie se rouproses.

**Grondbegrip 3:** *Professionele praktyk word beïnvloed deur die kennis en vaardighede wat deel is van die organisasie se beleid en dienste.* (Devore & Schlesinger, 1996:114-115).

Die maatskaplike werker moet deeglike kennis dra van die doelwitte, struktuur en funksies van die organisasie waarin hy of sy werk. Die impak van hierdie aspekte op dienslewering moet deur die werker in ag geneem word. Intervensie mag hierdeur bevorder of gestrem word. Deeglike kennis moet ook gedra word van die interafhanklikheid en samewerking met ander welsyns- en diensleweringsorganisasies.

Doeltreffende dienslewering sou die produk wees van 'n maatskaplike werker wat deeglike kennis dra van sy/haar organisasie se beleid. Die werker sal weet wat hy of sy gemagtig is om te doen, wanneer om 'n kliënt te verwys en waarheen om die kliënt te verwys.

**Grondbegrip 4:** *Bewustheid van die self; insluitende insig in eie etnisiteit en begrip vir die moontlike invloed daarvan op professionele praktyk.* (Devore & Schlesinger, 1996:115-118)

Devore & Schlesinger (1996:115) verwys na die 1955 definisie van maatskaplikewerk-praktyk wat voorstel dat maatskaplike werkers oor selfkennis moet beskik. Dit stel hulle in staat om verantwoordelikheid te neem vir emosies en houdings wat dienslewering beïnvloed. Die maatskaplike werker moet by die punt kom waar die besef ontstaan dat hy of sy nie altyd aangenaam is nie en somtyds veroordelend, vooroordelend en nie empaties is nie. Selfkennis moet omvattend genoeg wees sodat die werker sal besef wanneer bogenoemde aspekte dienslewering beïnvloed.

Deeglike introspeksie in die werker se eie kulturele erfenis en houdings is die kern van hierdie grondbegrip. Sikhitha (1996:64) waarsku dat 'n maatskaplike werker haar/sy rassistiese houdings en kulturele vooroordele moet erken en bewus moet wees daarvan. Dit beteken dat die maatskaplike werker sy/haar ongemak met sekere kliënte eerlik moet erken en dan hiermee moet werk. Die maatskaplike werker moet vasstel waarin hy of sy glo en hoe dit optrede in die praktyk sal beïnvloed. Compton & Galaway (1999:183) fokus op die kognitiewe element van die maatskaplike werker. Dit is die kennis en waardes van die werker wat 'n intervensieproses sal beïnvloed. Die maatskaplike werker moet die invloed van eie waardes en kennis op gevolgtrekkings en besluite tydens die intervensieproses erken. Dit kan slegs gedoen word as die maatskaplike werker bewus is van 'n eie etnisiteit se waardes en kennis.

**Grondbegrip 5:** *Die impak van die etniese realiteit op die daaglikse lewe van die kliënt*  
(Devore & Schlesinger 1996:116-119)

Etnisiteit is een van die belangrikste aspekte van identifiserende inligting tydens assessering. Die impak wat die kliënt se etnisiteit op sy self, familie en omgewing het, moet duidelik wees. Unieke probleme en oplossings gekoppel aan die etnisiteit van die kliënt moet geëksploreer word. Situasies waar diskriminasie deel is van die kliënt se probleem, moet met erns en omsigtigheid hanteer word. 'n Maatskaplike werker wat die probleme van die kliënt aan 'n "kultuurgaping" toeskryf lewer onvoldoende dienste (Durst, 1994:30). Die maatskaplike werker moet daarop bedag wees dat dienslewering aangepas moet word om voorsiening te maak vir etnisiteit en die impak wat dit op probleme en situasies het.

**Grondbegrip 6:** *Daar moet 'n begrip bestaan vir die impak wat die roete na die maatskaplike werker het op die manier wat dienste ontvang en gelever word.* (Devore & Schlesinger, 1996:119-124)

Die kliënt kan die maatskaplike werker op twee maniere bereik, naamlik vrywillig of gedwonge. 'n Kliënt wat gedwing word om van maatskaplike dienste gebruik te maak se probleem sal ook deur die bevel geïdentifiseer word. Die maatskaplike werker moet bedag wees daarop dat daar nie tydens dienslewering gefokus moet word op dit wat die maatskaplike werker of gedwonge verwysing as die probleem sien nie, maar op die behoeftes van die kliënt.

Die probleem moet op so 'n manier geïdentifiseer word dat die kliënt dit kan verstaan. Aandag moet gegee word aan die kliënt se behoeftes en dit wat hy of sy as die probleem sien. Die kliënt moet so veel as moontlik toegelaat word om by te dra tot probleemformulering. Die maatskaplike werker wat ooreenkomstig met die sesde grondbegrip wil werk, moet twee beginsels onthou en toepas:

- Oorspronklike probleemidentifisering en formulering hou in 'n groot mate verband met die manier waarop die kliënt die maatskaplike werker bereik.
- Ongeag die manier waarop die kliënt die maatskaplike werker bereik, is dit die maatskaplike werker se verantwoordelikheid om die probleem binne die kliënt se begripveld en binne professionele maatskaplike waardes te formuleer.

Maatskaplike werkers is verplig om kennis te dra van die ontstaan van die kliënt se probleem, asook van die interaksie tussen private probleme en openbare kwessies. Die maatskaplike

werker moet bewus wees van die kanale wat die kliënt tot by die maatskaplike werker moes volg sowel as die verskillende strukture wat die kliënt moes deur om die werker te bereik.

**Grondbegrip 7: *Die aanpassing van strategieë en prosedures vir etnies-sensitiewe praktyk*** (Devore & Schlesinger 1996:187-206)

Grondbegrip 7 vereis dat die maatskaplike werker die kennis, vaardighede, rolle en tegnieke waaroor hy of sy beskik sal evalueer. Daar moet bepaal word hoe toepaslik dit vir etnies-sensitiewe dienslewering is en op watter manier die hulpbronne meer etnies-sensitief gemaak kan word. Die uiteindelige doel is om bronne wat intern en ekstern tot die maatskaplike werker en organisasie is, van toepassing te maak op die etniese realiteit.

Die maatskaplike werker moet die “institusionele kultuur” van die organisasie waarvoor hy of sy werk, ontleed. Daar moet vasgestel word hoe etnies-sensitief die organisasie as geheel is (Doel & Shardlow, 1998:170). Die maatskaplike werker sal deur hierdie ontleding kan vasstel in watter mate sy organisasie se prosedures en strategieë op ’n etnies-sensitiewe manier toegepas kan word. Austin & McClelland (1996:253) benadruk dat dit belangrik is dat die atmosfeer binne ’n organisasie diversiteit sal ondersteun.

Die aanpassing van strategieë en prosedures vereis dat die kliënt met sy etniese realiteit die middelpunt van dienslewering sal word. Greene (1994:77) skryf dat dit ’n baie komplekse, maar uiters noodsaaklike taak is. Dit is die enigste manier waarop die etnies-sensitiewe perspektief met sukses toegepas kan word.

## **2.2 DIE DRIE ROUBERAADMODELLE**

Drie modelle bestaan ten opsigte van rou: die fasemodel, die mediese model en die take van roumodel. Elkeen van hierdie modelle is ontwikkel in ’n poging om rou te beskryf en te kategoriseer. Parkes (1998:21) meld dat hoewel elke model rou op ’n verskillende manier probeer verklaar, elkeen van die drie modelle geldig en bruikbaar is. Die modelle is ontwikkel deur westerse navorsers en is gegrond op westerse rou. Die bespreking van elke model sal afgesluit word met ’n kort oorsig van die impak van die etniese realiteit op die model.

## 2.2.1 Die mediese model

### (a) *Die aard van die mediese model*

Die mediese model is ontwikkel deur die psigiater George Engel (Parkes, 1998:21). Hy het geredeneer dat die dood van 'n geliefde sielkundig traumaties is; tot op dieselfde vlak as wat 'n baie ernstige wond of brandwonde fisiologies traumaties is. Hy argumenteer dat rou 'n afname in 'n persoon se gesondheid verteenwoordig, en net soos tyd benodig sou word vir fisiese heling na trauma, benodig die persoon tyd om sielkundig te heel. Indien hierdie heling suksesvol is, sal die persoon weer homeostase in sy of haar lewe bereik. Worden (1991:10) is van mening dat Engel (Worden, 1991:10) die proses van rou gelykstel aan die proses van heling.

In hierdie tyd van heling ervaar die persoon simptome gelykstaande aan dié van 'n siekte, byvoorbeeld pyn en versteuring van die fisiese en psigiese funksies. Die persoon moet hom of haarself vir 'n tyd onttrek van sy of haar "normale" lewenstyl om gesond te word en dus weer optimale funksionering te bereik. Cook & Oltjenbruns (1998:170) skryf dat in 'n rouberaad metafore van heling algemeen gebruik word om die tyd waarin 'n persoon sy abnormale funksionering oorkom te beskryf.

### (b) *Kritiek teen die mediese model*

Parkes (1998:21) skryf dat hierdie model deur baie mense as onaanvaarbaar bestempel word. Die standpunt dat die persoon wat rou 'n geestesongesteldheid beleef, word verwerp en gereserveer vir persone wat abnormale of patologiese rou toon. Patologiese of abnormale rou word beskryf as die toename in die intensiteit van rou, tot op die vlak waar die persoon oorweldig word en wanfunksionerende gedrag begin toon. Dit is ook wanneer 'n persoon in die staat van rou bly sonder om deur die rouprosesse te werk (Horowitz, 1980:1157). Wêreldwyd onderskei elke samelewing volgens eie standaarde tussen patologiese en normale rou. Elke samelewing se definisie van wanfunksionering en die proses van rou verskil en word gekoppel aan sekere kulturele en etniese riglyne. Die probleem wat geskep word, is dat dit wat as normaal in een samelewing gesien word as abnormaal in 'n ander samelewing gesien word. Siekte en gesondheid word deur die samelewing gedefinieer sowel as die stigma verbonde aan 'n spesifieke diagnose.



**(c) Die mediese model en etniese realiteit**

'n Persoon se etnisiteit sou 'n bepalende faktor wees in die manier waarop hy of sy sal rou. Die maatskaplike werker wat rouberaad vir die kliënt verskaf, moet bedag wees daarop dat die assessering van die kliënt se rouproses sekere implikasies kan hê. Die maatskaplike werker kan die kliënt se proses van rou as abnormaal identifiseer, terwyl dit heeltemal “normaal” binne die kliënt se etniese realiteit kan wees. Devore & Schlesinger (1996:118) bevel aan dat die terapeut voor dienslewering die nodige inligting moet versamel aangaande die kliënt se etnisiteit. Dit word gebruik om 'n toepaslike benadering vir terapie te bepaal.

Dit is belangrik om die etniese groep waaraan die individu behoort se gebruike, norme en dinamiek te bepaal (Greene, 1994:17 & Austin & McClelland, 1996:247). Die maatskaplike werker sal op die mikro- sowel as makro-vlak 'n deeglike assessering van die individu se etniese groep moet doen. Die assessering moet gerig word op die groep se opvattinge rakende normale en abnormale rou. Die assessering moet gedoen word voordat 'n diagnose gemaak word. Indien die maatskaplike werker hierdie assessering deeglik en objektief wil doen, moet sy/hy bewus wees van 'n eie etnisiteit (Devore & Schlesinger, 1996:115). Die maatskaplike werker moet begrip hê vir die gevormde idees rondom normale en abnormale rou as gevolg van sy of haar etniese agtergrond. Dit moet tydens assessering nie as maatstaf gebruik word nie en daar moet doelbewus teen die invloed van die opvattinge gewaak word.

Die mediese model se uitgangspunt van rou as 'n disekwilibrium in 'n persoon se funksionering, speel 'n rol in rouberaad en is 'n model wat patologie rondom rou kan uitwys. Dit is egter belangrik om hierdie model nie volgens 'n rigiede konsep van abnormaliteit en normaliteit toe te pas nie. Indien abnormaliteit vermoed word, moet dit volgens die kriteria van die spesifieke etniese groep se sienings van abnormaliteit gemeet word. Normaliteit is 'n relatiewe begrip; rou wat vir een groep normaal is, mag deur 'n ander as abnormaal beskou word.

**2.2.2 Die Fase-model****(a) Die aard van die fase-model**

Die fase-model is ontwikkel deur James Robertson (Parkes, 1998) en John Bowlby (Parkes, 1998). Hulle wou die reaksies van jong kinders verklaar wanneer hulle van hulle moeders geskei word. John Bowlby (Parkes, 1998) en Colin Murray Parkes (1998) het die model verder verfyn, waarna navorsers soos Kübler-Ross (1995) en Marrone (Parkes, 1998) dit uitgebrei het.

Bowlby en Robertson (Parkes, 1998) het tydens hulle navorsing met jong kinders drie fases geïdentifiseer, naamlik intense verlange gevolg deur depressie, wanhoop en laastens losmaking (Parkes 1998:21). Bowlby en Parkes (Parkes, 1998) het die model toegepas op volwassenes en nog 'n fase bygevoeg, naamlik: "afstomping en gevoelloosheid". Corr, Nabe & Corr (1993:177) skryf dat die fases in Bowlby en Parkes (Parkes, 1998) se model elemente in 'n proses van realisasie is. Tydens hierdie proses moet die persoon die realiteit van die situasie vir homself internaliseer en aanvaar. Hierdie proses geskied deur middel van vier stappe: skok en gevoelloosheid, verlange en soekende gedrag, disorganiserings en herorganiserings.

- Skok en gevoelloosheid. Dit is die eerste reaksie teenoor verlies en kan ook in 'n later stadium van die rouproses voorkom wanneer die persoon weer deur sekere aspekte van sy rou sou werk. Die eerste reaksie wat 'n persoon op die verlies van 'n geliefde toon, dien as 'n verdowingsmiddel teenoor die impak van die verlies en die pyn wat dit veroorsaak. In dié stadium is die persoon meestal nie in staat om na sy eie basiese behoeftes om te sien nie. Die stadium is tydelik en verbygaande van aard.
- Verlange en soekende gedrag. Die tweede stadium verteenwoordig die poging om die situasie te herstel soos wat dit oorspronklik was. Die skok van die eerste stadium word vervang deur die realisering van die omvang van die verlies. Die persoon is onwillig om dit te aanvaar en hunker na dit wat was, en klein rituele soos om 'n plek aan die etenstafel vir die afgestorwene te dek, kom voor.
- Disorganiserings is die derde fase. Dit is 'n verstaanbare reaksie op die mislukking om die situasie te herstel soos dit was. Die werklikheid van die situasie vereis dat die persoon 'n nuwe identiteit moet aanneem, bv. dié van weduwee. Hierdie nuwe identiteit bring nuwe rolle en take mee. Die individu word tydens hierdie stadium gedisorganiseer en sukkel om te konsentreer en daaglikse take uit te voer. Die individu sukkel ook om logiese sin te maak uit alles wat vir hom in die gesig staar, en 'n gevoel van verlorenheid mag ontstaan.
- Herorganiserings. Dit is die vierde en laaste fase en is die stadium wanneer 'n persoon sy lewe weer kan herorganiseer. Die persoon se lewe sal nooit weer dieselfde wees soos voor die verlies nie. Die geleentheid bestaan egter om 'n nuwe lewe en verwysingsraamwerk te vestig.

Die vier-fase-model van Parkes en Bowlby (Parkes, 1998) is verder uitgebrei deur navorsers soos Kübler-Ross (1995). Sy beskryf vyf stadiums naamlik ontkenning, woede, onderhandeling, depressie en aanvaarding.

### 2.2.2.2 *Kritiek teen die fase-model*

Die fase-model beskryf rou as 'n proses. Die proses word in fases verdeel waardeur 'n individu moet gaan om sy rouproses te voltooi. Die siening van die fase-model word deur verskeie individue gekritiseer. Cook & Oltjenbruns (1998:93) wys daarop dat Bugen (1979) drie argumente ten opsigte van die model het:

- Die stadiums wat weergegee word, volg nie noodwendig op mekaar nie. Individue mag emosies in 'n ander volgorde ervaar as wat deur die stadiums aangedui word. Emosies uit meer as een stadium kan ook gelyktydig ervaar word.
- Spesifieke stadiums het geen konkrete begin of eindpunte nie en vloei eerder inmekaar.
- Die fase-model reflekteer nie die uniekheid van die individu se rou nie. Individue kan dalk nie al die voorgeskrewe emosies ervaar nie. Baie ander emosies wat nie deur die model genoem word nie, kan ervaar word.

Die punte van kritiek word deur die skrywers van die fase-model erken. Parkes (1998:21) gee te kenne dat die fase-model nie 'n verduideliking is nie, maar eerder 'n poging om rou op 'n empiriese wyse te verklaar, sowel as om die proses van rou te klassifiseer. Klassifikasie word gedoen op grond van dit wat die meeste mense tydens rou ervaar. Hy erken dat dit nooit die doel was om stadiums van rou voor te skryf nie. Individue kan hierdie fases in verskillende volgordes ervaar.

### (c) *Die fase-model en etniese realiteit*

Kruiskulturele studies bewys dat daar 'n baie groot verskil tussen verskillende kulture is in die uitdrukking van rou. Indien die maatskaplike werker tydens rouberaad die fase-model as rigiede riglyn gebruik, kan probleme ontstaan wanneer die kliënt nie die spesifieke fases ervaar nie as gevolg van sy etnisiteit. Cleiren (1991:3) beweer dat dood en die gevolge van dood binne 'n konteks plaasvind. Die konteks word deur etnisiteit bepaal. Die etnisiteit van die

agtergeblewene bepaal unieke rituele, gebruike, emosionele ervarings en optredes in die stadium van rou.

Die maatskaplike werker moet altyd bewus wees van die kliënt se kulturele konteks, en die impak wat dit op rou het. Devore & Schlesinger (1996:115) se aannames dat individuele en kollektiewe geskiedenis 'n invloed het op die oplos en ontstaan van probleme, en die invloed van die onbewuste op funksionering, dien as belangrike riglyne. Rou is wel 'n proses (Parkes, 1998:22), maar die manier waarop hierdie proses gaan plaasvind kan nie voorgeskryf word nie. 'n Etnies-sensitiewe maatskaplike werker sal in ag neem dat hoewel sekere voorgeskryfde fases kan voorkom, die individu se etnisiteit die bepalende faktor in die verloop van die proses is.

### **2.2.3 Die take-model**

#### ***(a) Die aard van die take-model***

Die take van 'n roumodel het ontwikkel vanuit Freud se waarneming dat dit tyd en pynlike moeite vir die persoon in rou neem om die realiteit van verlies te aanvaar (Parkes, 1998:22).

Lindeman (1944:143) beskryf rou-take as die proses waardeur die losmaak van die verbintenis met die oorledene geskied, heraanpassing tot die omgewing waaruit die oorledene geneem is plaasvind en nuwe verhoudings gevorm word. Die stellings van Freud (Parkes, 1998) en Lindeman (1944) sinspeel albei op die proses waardeur 'n individu moet gaan om rou te verwerk. Cook & Oltjenbruns (1998:99) definieer die take van rou as die afhandeling van 'n aantal take wat insluit: 'n verandering in selfkonsep, aspirasies, doelwitte en verhoudings met die buitewêreld. Hoewel hierdie take baie dreinerend is, stel dit die agtergeblewene weer in staat om ekwilibrium te bereik.

Worden (1991:10) het vier take geformuleer wat hy as belangrik beskou. Die take moet voltooi word om weer ekwilibrium te bereik sodat die proses van rou voltooi sal word. Die voltooiing van die take word vergelyk met die ontwikkeling van 'n kind. Indien die kind nie sekere take tydens sy vroeë ontwikkeling bemeester nie, sal hy nie later meer veeleisende take kan verrig nie.

Die eerste taak wat Worden (1991:10-11) identifiseer is: Die aanvaarding van die realiteit van die verlies. Die eerste taak vereis dat daar 'n direkte konfrontering met die realiteit van die sterfte moet plaasvind. Die besef dat die persoon vir ewig weg is en nie gaan terugkeer nie, moet bereik word. Die kern van die taak is om te aanvaar dat geen reünie met die afgestorwene

moontlik is nie en dat hy of sy finaal uit die lewe op aarde weg is. Die begrip moet nie net op 'n intellektuele vlak plaasvind nie, maar ook op 'n emosionele vlak. Emosioneel moet die verlies aanvaar en verwerk word, bo en behalwe die intellek se aanvaarding en begrip.

Die tweede taak is die verwerking van die pyn van rou. Worden (1991:13) meen dat die pyn wat deur die verlies veroorsaak word, erken en verwerk moet word. Indien dit nie gedoen word nie, kan dit later manifesteer in abnormale rou (Parkes, 1972:173). Tydens hierdie stadium moet die maatskaplike werker let op die persoon se ondersteuningstelsels sowel as die gemeenskap waarin die persoon woon se houding teenoor rou. Indien die gemeenskap openlike rou afkeur, sal dit die persoon se rou-take en -proses strem. Daar moet ook gelet word op enige vermydingsgedrag wat die persoon mag toon om die verwerking van rou te vermy. Intensiewe terapie mag hiervoor benodig word. Dit is ook baie moeiliker om pyn wat vermy was op 'n later stadium te verwerk.

Taak drie is die aanpassing in 'n omgewing waar die oorledene ontbreek. Die aanpassing in 'n nuwe omgewing beteken verskillende dinge vir verskillende mense. Die aanpassing hang af van die tipe verhouding wat die persoon met die oorledene gehad het, sowel as die verskillende rolle wat die oorledene vervul het en nou oorgeneem moet word (Worden, 1991:14).

Die persoon wat agterbly is nie altyd bewus van al die rolle wat die oorledene wel vervul het nie. Dit is 'n minder positiewe ervaring om nuwe take en kennis aan te leer, sodat die oorledene se take oorgeneem kan word. Die persoon word gedwing om hom- of haarself te herdefinieer omdat nuwe rolle, take en verantwoordelikhede deel word van elke dag se bestaan. Die derde taak vereis van 'n persoon om sy of haar identiteit, wêreldbeskouing, doelwitte, verhoudings en veel meer aan te pas by 'n nuwe situasie, byvoorbeeld weduweeskap.

Die laaste en vierde taak word deur Worden (1991:18) beskryf as die taak wat vir baie die moeilikste is om af te handel. Die taak vereis dat die agtergeblewene die oorledene emosioneel moet "bêre" en met die lewe voortgaan. Dit beteken nie dat die oorledene vergeet moet word nie. Schuchter & Zisook (1986:117) verduidelik dat die oorlewende se gereedheid om nuwe verhoudinge aan te knoop nie beteken dat daar opgegee en vergeet word van die oorledene nie. Daar word eerder 'n geskikte plek vir die oorledene in die oorlewende se sielkundige raamwerk gevind; 'n plek wat belangrik is, maar ruimte laat vir ander. Dit is die maatskaplike werker se taak om die kliënt te help om hierdie geskikte plek te kry. Die kliënt moet verstaan dat die verbintenis met die oorledene nie afgesny word nie, maar dat daar plek gemaak word vir nuwe verbintenisse.

Die kliënt wat al die take suksesvol voltooi, herwin belangstelling in die lewe, voel meer hoopvol, ervaar weer tevredenheid en pas by nuwe rolle aan (Worden, 1991:19).

**(b) *Kritiek teen die take-model***

Die take in die model is verkry vanuit die westerse wyse van rou. Die take sal nie altyd by elke kliënt aangetref word nie, veral wanneer die kliënt nie 'n westerse agtergrond het nie. Die model kan nie rigied toegepas word nie en ruimte moet gelaat word vir individuele wyses vir die verwerking van rou.

**(c) *Die take-model en etniese realiteit***

Die manier en volgorde waarin take afgehandel word, sal eiesoortig wees aan elke etniese groep. 'n Etniese groep kan 'n eiesoortige taak hê wat eie is aan die groep se rouproses. Die maatskaplike werker moet sensitief wees vir die individuele behoeftes van elke kliënt. Dienslewering moet buigsaam wees en ruimte moet gelaat word vir kulturele invloed.

**SAMEVATTING**

Die etnies-sensitiewe perspektief sien die kliënt as 'n individu met 'n eie etniese realiteit. Die individu se etniese realiteit bepaal sy/haar optrede en behoeftes. Die etnies-sensitiewe perspektief vereis van die maatskaplike werker om dienste volgens die unieke etniese behoeftes van die kliënt te rig. Dit kan slegs gedoen word indien die maatskaplike werker die kliënt se etnisiteit respekteer. Die kliënt moet toegelaat word om die probleem te benader met die bronne en hanteringsmeganismes wat eie is aan sy/haar etniese groep. Die etnies-sensitiewe perspektief as deel van rouberaad-dienste hou verskeie implikasies vir die dienste in. Die maatskaplike werker wat etnies-sensitiewe rouberaad wil lewer, staar 'n ingewikkelde taak in die gesig. Westerse rouberaadmodelle kan as riglyne vir berading gebruik word. Die kliënt se rouproses sal beïnvloed word deur sy/haar etnisiteit. Dit beteken dat die kliënt unieke etniese behoeftes sal hê wat 'n westerse model nie noodwendig sal aanspreek nie. Die maatskaplike werker moet voorsiening maak vir die kliënt se unieke rouproses. Dit kan slegs geskied indien riglyne van die etnies-sensitiewe perspektief gekombineer word met bestaande rouberaad-modelle.

## HOOFSTUK 3

### ROUBERAADMODELE VANUIT 'N ETNIES-SENSITIEWE PERSPEKTIEF

#### 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word gefokus op die maatskaplike werker in die rol van rouberader. Die eerste deel van die hoofstuk bespreek dood en rou in die Xhosa-kultuur. Dit word bespreek om te benadruk dat die maatskaplike werker wat etnies-sensitiewe rouberaad doen, spesifieke kulturele kennis benodig. Die bespreking van dood en rou in die Xhosa-kultuur maak daarop aanspraak dat elke kultuur se rouproses uniek is. Dit bevestig ook die behoefte aan 'n etnies-sensitiewe benadering tot rouberaad, soos bespreek in Hoofstuk 2.

Die tweede deel van die hoofstuk wat spesifiek op die maatskaplike werker in die rol as rouberader fokus; beklemtoon dat rouberaad 'n spesialiteitsveld is wat spesifieke kennis en vaardighede verg. Die kennis en vaardighede gekombineer met kulturele kennis is die grondslag van etnies-sensitiewe rouberaad.

#### 3.2 DOOD EN ROU IN DIE XHOSA-KULTUUR

Die Xhosa-sprekende groep is 'n kulturele groep wat tradisioneel in die suid-ooste van Suid-Afrika gebly het. Die groep vorm deel van die talle uiteenlopende kulturele groepe in Suid-Afrika, van wie elkeen sy eie gebruike, tradisies en waardes het. Elke kulturele groep het 'n eie tradisie rakende die dood. Mulrain (1993:33) skryf dat die manier waarop elke kultuurgroep rou, uniek is tot dié spesifieke kultuurgroep. Die Europese invloed het gelei tot die versteuring van die oorspronklike Xhosa-stam se infrastruktuur. Xhosa-sprekende persone word nie net meer in die Oos-Kaap aangetref nie, maar regoor Suid-Afrika. Baie Xhosa-sprekende persone is besig om hulle tradisionele gebruike te verruil vir meer westerse gebruike. 'n Vermenging van tradisionele en westerse kultuur word gevolglik by baie Xhosa-persone aangetref, veral die mense wat in stede gaan woon het met die oog op 'n beter lewe. Hoewel eie kultuur nie vergeet word nie, kan dit nie die invloede van ander kulture afweer nie. Die redes hiervoor is veelvuldig en regverdig 'n studie op sy eie. Moeilike lewensomstandighede, vreemde gebruike, die verlies aan familie- en samelewingstrukture dra alles by tot die vervaging van tradisies. Die dood en rou in die Xhosa-kultuur sal bespreek word deur te fokus op die spirituele en die dood, die sterwensproses, rituele na die afsterwe en die begrafnis.

### **3.2.1 Die spirituele en die dood**

Soga (1931:317) verduidelik dat 'n Xhosa-sprekende persoon die dood as die ingryping van 'n opperwese beskou. Dood vir die Xhosa beteken nie 'n afsnypunt nie, die siel van die persoon leef voort en dit bewaar die voortsetting van die familie. Die siel van die oorledene het direkte kontak met dié wat nog leef en kan voorspoed of teenspoed soos siekte of dood vir die familie stuur. Lewis (1999:8) skryf dat die dood slegs as 'n fisiese skeiding van die lewendes gesien word. *Die afgestorwene sluit aan by die wêreld van die voorvadergeeste. Dit stel hom/haar in staat om wag te hou oor die lewendes en as kontak te dien tussen die lewende en spirituele wêreld.* Rituele rondom die afgestorwene se begrafnis en dood is belangrik, want dit verseker dat hy/sy deur die voorvadergeeste ontvang sal word. Die tradisionele geloof in die voorvadergeeste word beïnvloed deur ander gelowe. Die Christelike geloof wat deur baie Xhosa-sprekende persone aanvaar is, keur die erkenning van voorvadergeeste af. 'n Vermenging van die Christendom en tradisionele spiritualiteit het ontstaan. Die invloed van ander gelowe soos Islam het ook 'n vervaging van die Xhosa-sprekende persoon se geloof in voorvadergeeste meegebring.

### **3.2.2 Die sterwensproses**

Die vrees vir die dood is 'n bepalende faktor in die Xhosa-sprekende persoon se hantering van die dood (Soga, 1931:319). Die mistiek daarom maak dit 'n gebeurtenis wat met groot respek behandel word. Lewis (1999:8-9) verduidelik die sterwensproses as volg: Die familie verkies om die sterwende persoon tuis te laat sterf. Mndende (1997:795) meld dat die hospitaal as 'n onnodige inmenging in die natuurlike proses van die dood gesien word. Die inmenging is vir die familie 'n baie traumatiese ervaring.

Dit is belangrik dat familie die sterwende omring. Dit sal vir die sterwende persoon die geleentheid gee om laaste wense uit te spreek, familielede te seën en te groet. *Die ritueel is belangrik sodat die sterwende se wens om orde en harmonie agter te laat vervul kan word.* Dit is ook belangrik sodat die agtergeblewenes sal weet wie die sterwende se rol en verantwoordelikhede moet oorneem.

### **3.2.3 Die dood en rituele na die afsterwe**

Walaza (1995:3-4) gee 'n duidelike uiteensetting van die Xhosa-groep se rituele na die afsterwe van 'n persoon. Die liggaam van die persoon word in die huis gehou sodat die familie tyd het



om te groet en met die oorledene te praat. Die persoon wat die doodstyding moet oordra, word met sorg gekies, want die tyding moet versigtig en met respek oorgedra word. 'n Samekoms van mense sal volg en daar sal individueel met elke familielid gesimpatiseer word. Respek word op hierdie manier aan die familie betoon. Hierdie proses neem tyd en kan tot drie weke duur in plattelandse areas.

Walaza (1995:5) verduidelik verder dat die tydperk na die afsterwe en voor die begrafnis deur aandgebede gekenmerk word. 'n Nagwaak word die aand voor die begrafnis gehou. Gaste wat aan die ritueel deelneem sal oorslaap terwyl hulle wag vir die begrafnis, of vir die lyk om vanaf die lykshuis te kom. Tradisioneel is vroue in hierdie tydperk nie toegelaat om sekere plekke te besoek of kossoorte soos vleis en melk te eet nie. Vroue se kleredrag verander ook as aanduiding vir die gemeenskap om eerbiedig op te tree. 'n Verdere tradisionele gebruik is die respek wat aan bejaardes in hierdie tyd betoon word. Hulle slaap oor by die huis van die oorledene om sodoende die familie te ondersteun en om respek aan die dooie te bewys.

### 3.2.4 Die begrafnis

Walaza (1995:5) noem dat tradisioneel geen kis gebruik is nie. 'n Bees is geslag en die dooie is in die vel begrawe. Indien die persoon nie op hierdie wyse begrawe is nie, kan hy/sy nie vreedsaam rus nie. Die gebruik is nie meer prakties en algemeen in stedelike gebiede nie. Die oorledene word nou in 'n kis begrawe en in sommige gevalle word die beesvel oor die kis gegooi. Baie families wat nog sterk bande met die ou Transkei of Ciskei het, neem die lyk terug huis toe na waar hy/sy gebore is om die begrafnis daar te hou.

Almal is deel van 'n begrafnisseremonie en kinders word nie uitgesluit nie. Hulle is deel van die weeklange ritueel en al hulle vrae word beantwoord. Kinders se hare is ook tradisioneel kort gesny in dié tyd. Na die begrafnis word almal se hande gewas. Indien dit nie gedoen word nie, word daar geglo dat jy die dood in jou huis inbring. Die begrafnis in die Xhosa-kultuur is 'n tydsame proses en almal wat belang het kom. 'n Noodsaaklike raamwerk van hulp word deur 'n uitgebreide ondersteuningsraamwerk geskep. Almal verleen emosionele, spirituele en soms finansiële ondersteuning. Die ete na die begrafnis, waar vleis 'n noodsaaklikheid is, word deur almal bygewoon (Walaza, 1995:3-4)

In die Xhosa-kultuur is daar geen plek vir verassing nie. Die familie wil die lyk sien en self begrawe. 'n "Pauper"-begrafnis, waar die staat die lyk veras en die familie geen aandeel of teenwoordigheid het nie, is uiters traumaties en onaanvaarbaar. Dit laat vir die familie geen

tasbare voorwerpe om oor te rou nie. Sangomas speel hier 'n baie belangrike rol. Hulle kan vir die familie 'n droom of visioen gee wat daarop dui dat die afgestorwene veilig by die voorvadergeeste is. Dit sal vir die familie vrede gee en sal die rituele wat nie moontlik was nie, vervang.

Die sterwensproses, dood en begrafnis in die Xhosa-kultuur geskied volgens eeue-oue rituele. Die rituele moet gerespekteer word. Die proses van rou waar die familie saamkom en mekaar ondersteun, moet nie ontwig word deur westerse metodes van rouberaad en ondersteuning nie. Tshabalala (1992:78) verduidelik dat die maatskaplike werker slegs 'n multi-kulturele diens kan lewer as hulle kennis het van die Afrika-perspektief, dit wil sê van kulturele lewenstyle, gedrag en waardes. Die maatskaplike werker wat met die Xhosa-persoon in rou werk, moet beskik oor kennis van die Xhosa se rituele ten opsigte van die dood en rou. Dit sal vir die maatskaplike werker die nodige insig en respek gee om nie inbreuk te maak op gevestigde gebruike wat al vir eeue effektief werk nie. Dit sal ook vir die maatskaplike werker sy rol en noodigheid tydens die rouproses duidelik uitspel.

### **3.3 DIE ROL VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER AS ROUBERADER**

Tradisioneel was rouberaad nie gesien as 'n beduidende deel van maatskaplike werk nie. Maatskaplike werkers, werksaam in nie gespesialiseerde welsynsorganisasies, kry af en toe met sterftes en rou te doen. Die tendens is dat maatskaplikewerk-dienste al hoe meer gespesialiseerd word. Organisasies fokus meer en meer op 'n spesifieke veld van dienslewering. Dit vereis dat die maatskaplike werker gespesialiseerd moet kan werk.

Maatskaplike werkers in hospitale, ouetehuse, versorgingseenhede vir terminale pasiënte, VIGS-aksies en Hospice-organisasies kry daaglik met die dood te doen. Die toename van MIV/VIGS bring mee dat 'n breër spektrum van maatskaplike werkers blootgestel word aan persone wat sterf en families in rou (Davidson & Foster, 1995:1). Die maatskaplike werkers in hierdie organisasies moet daartoe in staat wees om rouberaad te doen. Die rol as rouberader vereis van die maatskaplike werker om oor spesifieke kennis en vaardighede te beskik. Die maatskaplike werker moet die verloop van die rouproses verstaan en as fasiliteerder vir die proses kan optree. Die rol van fasiliteerder vereis deeglike voorbereiding omdat daar met die kliënt se verliese en rouproses gewerk moet word. Die voorbereiding vereis van die maatskaplike werker om deeglike selfkennis op te doen ten opsigte van eie waardes, houdings en emosies rondom verlies en rou. Selfkennis, spesialiteitskennis en vaardighede rakende die rouproses en normale en abnormale rou sal bespreek word.

### 3.3.1 Selfkennis

Badawi & Biamonti (1990:148-149) benadruk dat die maatskaplike werker 'n omvattende begrip van die rouproses van die kliënte sowel as die werker se eie proses ten opsigte van rou moet hê. Daar is vier veranderlikes waaraan aandag gegee moet word voordat die maatskaplike werker rouberaad kan doen (Kramer, 1998:213). Die eerste drie veranderlikes is gefokus op selfkennis:

- Die maatskaplike werker moet voorbereid wees om met verliese in sy/haar eie lewe te werk.
- Die maatskaplike werker moet voorbereid voel om met kliënte in rou te werk.
- Die maatskaplike werker moet die dood aanvaar.

Die bogenoemde vind plaas indien die maatskaplike werker 'n hoë vlak van selfkennis van eie vrese en emosies ten opsigte van die dood het, ten einde eie aanvaarding en emosies met professionele kennis te integreer (Irwin & Helberg, 1992). Worden (1991:143) verduidelik dat indien verlies in die berader se lewe nie opgelos is nie, dit 'n stremming kan wees op betekenisvolle intervensie. Indien die verlies deur die maatskaplike werker verwerk is en deel van sy/haar lewenservaring gemaak is, kan dit betekenisvol en voordelig wees tydens intervensie.

Die maatskaplike werker het 'n professionele lewe en 'n persoonlike lewe (Smith, 1982:57). Dit beteken nie dat dit wat in die maatskaplike werker se persoonlike lewe gebeur, geen invloed op sy/haar professionele lewe sal hê nie. Daar is deurentyd 'n nou verbintenis en gedurige wisselwerking tussen hierdie twee areas. Die maatskaplike werker het as persoon sy/haar eie ervaring, norme, waardes, kultuur en persepsies. Dié aspekte kan nie bloot afgeskakel word nie. Dit beïnvloed professionele optrede en bepaal onbewustelik die aanslag van intervensie. Die maatskaplike werker wat 'n rol as rouberader vervul, moet bedag wees op die invloed van sy/haar persoonlike verwysingsraamwerk op professionele rouberadingsdienste. Die berader se persepsies, ervarings, kultuur en sienings in verband met die dood en rou beïnvloed die wyse van berading. Mulrain (1993:35) waarsku hierteen. Hy sê dat die maatskaplike werker as objektiewe fasiliteerder vir die rouproses moet optree. Die berader is die buitestaander wat nie deel is van die familie se rouproses nie. As fasiliteerder vir die proses moet die berader oor die vermoë beskik om die familie toe te laat om deur die fases en take van rou te werk volgens hulle eie verwysingsraamwerk. Die familie se gebruike, tradisies en sienswyses in verband met die dood en rou moet gerespekteer en geakkommodeer word. Devore & Schlesinger (1996:115-119) beskou die respek vir in familie se tradisies as deel van hulle etnies-sensitiewe perspektief.

Hulle benadruk die belangrikheid van selfkennis tesame met respek vir die kliënt se etniese gebruike.

'n Realistiese en nugter begrip van die maatskaplike werker se eie rouproses stel hom/haar in staat om die kliënt se rouproses te fasiliteer sonder om eie onopgeloste rou of vooropgestelde idees te laat inmeng. Buiten begrip vir die rouproses moet die maatskaplike werker sensitief wees vir kulturele verskille. Slage (1978:83) meld dat mense grootgemaak word met sekere kulturele boodskappe wat gewensde en ongewensde gedrag bepaal. Die rouberader moet van sy/haar kulturele boodskappe bewus wees en moet daarop bedag wees om nie dieselfde kulturele gedrag in die kliënt se rouproses te verwag nie.

Goeie selfkennis stel die maatskaplike werker in staat om 'n duidelike beeld van die idees, waardes en sterk- en swakpunte rakende die dood en rou te verkry. Dit stel hom/haar ook in staat om te beseft dat elke individu se verwysingsraamwerk ten opsigte van die dood en rou verskil. Die berader wat oor hierdie kennis beskik kan 'n ander persoon se rouproses fasiliteer, sonder om eie agendas daarmee te laat inmeng. Dit stel die berader in staat om die persoon in rou te respekteer en ruimte toe te laat vir individualiteit en selfhandhawing.

### **3.3.2 Spesialiteitskennis en vaardighede nodig vir die rouproses**

Die laaste van Kramer (1998:213) se veranderlikes is, die rouverwante kennis en vaardighede waarvoor die maatskaplike werker moet beskik om rouberaad te doen. Die maatskaplike werker moet die rouproses verstaan. Dit beteken dat hy/sy kennis moet dra van die fases en take van rou, die aspekte wat rou beïnvloed en bemoeilik sowel as die verskil tussen normale en abnormale rou.

#### **(a) *Die fases en take van die rouproses***

Die drie rouberaadmodelle asook die fases en take van rou is reeds in Hoofstuk 2 bespreek onder punt 2.2 Hoofstuk 2. Die persoon wat as rouberader optree, moet hom nie vasstaar in rigiede fases, modelle en take nie. Parkes (1996:7) voer aan dat rou 'n proses is en nie 'n staat is waarin iemand verkeer nie. Hy benadruk dat rou nie 'n aantal simptome is wat voorkom na 'n verlies en dan verdwyn nie. Rou is eerder 'n stel kliniese prentjies wat in mekaar vloei en mekaar verplaas (Parkes, 1996:7).

Die rouproses is die verwerking van 'n verlies, sowel as die herstrukturering van 'n lewe, omdat die verlies 'n leemte gelaat het. Die proses sal sekere fases en take hê. Elke individu se

behoefte verskil egter en fases en take kan nie as 'n voorgeskrewe resep gesien word nie. Die maatskaplike werker moet die kliënt toelaat om sy/haar rou op sy/haar manier binne eie tyd te verwerk. Fases en take kan slegs as riglyn gebruik word om te bepaal of die kliënt wel vordering maak binne die rouproses.

**(b)           *Faktore wat die rouproses beïnvloed***

Elke individu se rouproses, is uniek. Dit stel hoë eise aan die rouberader om elke situasie te kan ontleed en te bepaal wat die kliënt se behoeftes binne sy rouproses is. Die maatskaplike werker moet tydens assessering inligting kry om die behoeftes van die kliënt te bepaal. Spesifieke kriteria is gestel waarvolgens die situasie van die kliënt geassesseer kan word. Cook & Oltjenbruns (1998:102) is van mening dat hierdie faktore, wat die rouproses beïnvloed, die manifestering, duur en intensiteit van rou bepaal. Dit stel die maatskaplike werker in staat om die individu se rouproses te probeer verstaan, sodat ondersteuning en fasilitering gerig sal wees op die kliënt se behoeftes.

Cook & Oltjenbruns (1995:103) het die faktore in vier hoofkategorieë opgedeel. Die persoon in rou; die oorledene; die doodsgebeurtenis en algemene faktore.

**Die persoon in rou**

Eienskappe van die persoon in rou wat die rouproses sal beïnvloed, is: kulturele agtergrond, geslag, ouderdom en persoonlikheidseienskappe.

- ***Kulturele agtergrond:*** Worden (1991:33) verduidelik dat elke individu aan verskillende subkulture behoort, byvoorbeeld etniese en godsdienstige subkulture. Die kulture stel vir die individu spesifieke riglyne vir gedrag. Hoewel rou na 'n dood 'n universele verskynsel is, het antropologiese studies bewys dat dit verskil in graad en intensiteit tussen samelewings (Parkes 1996:153). Elke kultuur het 'n unieke manier van rou en 'n unieke wyse waarop die lyk tot ruste gelê word. Die maatskaplike werker moet in ag neem dat dit wat volgens die kliënt se kultuur van hom/haar verwag word, sy/haar rouproses sal beïnvloed.
- ***Geslag:*** Parkes (1996:124) het bevind dat vroue tydens rou meer sielkundige probleme ondervind as mans. Mans daarenteen is meer geneig om hartprobleme te ontwikkel na die dood van 'n eggenoot. Bonnano (1994) se studie verduidelik dat hierdie verskynsel daaraan toegeskryf kan word dat vroue makliker sielkundige hulp soek as mans. Mans gee nie soos vroue uiting aan hulle rou nie. Dit veroorsaak 'n verhoogde stresvlak wat lei tot

hartprobleme. Die verskil tussen mans en vroue se maniere van rou kan met die verskille tussen kulture vergelyk word. Cook & Oltjenbruns (1988:107) beweer dat mans en vroue gesosialiseer word om verskillend te rou. Mans mag nie hulle emosies wys nie, maar vroue wel. Die ongeskrewe reëls veroorsaak die verskille tussen die rouproses van die geslagte.

- **Ouderdom:** Die ouderdom van die persoon in rou is 'n veranderlike wat 'n impak het op die “simptome van rou” asook op die hanteringsmeganismes beskikbaar vir die persoon in rou (Cook & Oltjenbruns, 1998:109). 'n Ouer persoon word gesien as iemand met meer lewenservaring. Die lewenservaring gee vir die persoon die geleentheid om hanteringsmeganismes te ontwikkel. Die persoon leer hoe om situasies te hanteer. Parkes (1996:33) beskou ouderdom sowel as geslag as deel van die determinante van persoonlikheid. Ouderdom en geslag bepaal die struktuur van persoonlikheid. Dit sal die persoon se verwerking en benadering tot die rouproses bepaal.
- **Persoonlikheidseienskappe:** 'n Persoon se ouderdom en geslag is twee belangrike veranderlikes van sy/haar persoonlikheid. Parkes (1996:33) noem nog ses ander veranderlikes van 'n persoonlikheid wat die rouproses kan beïnvloed. Dit is:
  - hoe die persoon sy/haar emosie inhibeer;
  - hoe goed die persoon angs hanteer;
  - hoe die persoon stresvolle situasies hanteer
  - hoe afhanklik 'n persoon van ander is;
  - hoe moeilik 'n persoon nuwe verhoudings vorm; en
  - of die persoon persoonlikheidsversteurings het.

Die maatskaplike werker moet tydens assessering en fasilitering van die rouproses bedag wees op die verskillende persoonlikheidseienskappe. Elke eienskap moet in ag geneem word en die impak wat dit op die rouproses kan hê, moet nie onderskat word nie.

## **Die oorledene**

Wanneer 'n berader wil bepaal hoe 'n persoon teenoor 'n verlies sal reageer, moet daar eerstens bepaal word wie die oorledene was (Parkes, 1996:32). 'n Grootouer se dood sal anders verwerk word as 'n eggenoot of kind se dood. Die ouderdom van die oorledene word as 'n bepalende faktor in die rouproses gesien. Cook & Oltjenbruns (1998:111) verduidelik dat die dood van 'n kind deur baie mense as die mees traumatiese verlies gesien word. 'n Kind se dood word as

ongegronde en te vroeg gesien, terwyl die dood van 'n ouer persoon as meer verwags en "gepas" gesien word.

Die verhouding wat die oorlede met die persone wat agterbly gehad het, speel ook 'n rol in die verloop van die rouproses. Worden (1991:32) verwys hierna as die aard van die verbintenis wat bestaan het met die oorledene. Die verbintenis word gemeet aan vier faktore:

- Die hegtheid van die verbintenis. Hoe hechter en meer intens die verbintenis was, hoe moeiliker sal die rouproses wees.
- Sekuriteit van die verbintenis. Die sekuriteit verwys na die belangrikheid wat die oorledene gehad het ten opsigte van die welstand van die oorlewende. Baie mense se selfbeeld word deur hulle eggenoot onderhou. Indien die eggenoot sou sterf, is daar niemand meer om die behoefte te vervul nie.
- Ambivalensie binne die verhouding. In enige hegte verhouding heers daar 'n mate van ambivalensie. Die persoon het die ander persoon lief, maar daar is altyd sekere negatiewe emosies. In normale verhoudings is hierdie negatiewe emosies min, maar in sekere verhoudings kan die negatiewe emosies gelyk aan, of meer wees as die liefde teenoor die persoon. Worden (1991:32) verduidelik dat so 'n hoogs ambivalente verhouding dikwels skuldgevoelens na 'n dood veroorsaak. Die agtergeblewene voel dat hy/sy nie genoeg gedoen het nie, saam met woede omdat hy/sy alleen gelaat is.
- Konflik. Dit is die laaste faktor wat Worden (1991:32) bespreek. Dit verwys nie net na konflikte wat tydens die afsterwe onopgelos was nie, maar ook 'n geskiedenis van konflik wat kan bestaan het. 'n Aspek wat hier 'n baie groot rol kan speel, is 'n geskiedenis van fisiese of seksuele mishandeling.

### **Die doodsgesbeurtenis**

Die manier waarop die oorledene gesterf het, beïnvloed die rouproses van die persone wat agterbly. Faktore wat 'n rol speel, is 'n verwagte of onverwagte dood. 'n Skielike dood word as meer traumaties gesien, teenoor 'n verwagte dood waar voorbereiding op die dood moontlik was. 'n Tweede faktor is die manier waarop die dood plaasgevind het, naamlik: natuurlik, 'n ongeluk, moord of selfmoord. Worden (1991:33) verduidelik laastens dat die plek waar die dood plaasgevind het ook 'n beduidende rol speel, dit wil sê of die dood ver of naby naasbestaendes plaasgevind het.

Die maatskaplike werker moet nie die impak van die omstandighede rondom die dood op die rouproses van die kliënt onderskat nie. 'n Traumatiese dood sal dikwels 'n meer gekompliseerde rouproses tot gevolg hê as 'n minder traumatiese en meer verwagte dood.

### **Algemene faktore**

Daar is verskeie algemene faktore wat ook 'n invloed op die verloop van die rouproses kan hê. Een van die belangrikste is die beskikbaarheid van ondersteuning vanaf die gemeenskap, vriende en familie. Vachon & Stylianos (1978:176) beskou hierdie ondersteuning as die troos, bystand en inligting wat ontvang word deur formele of informele kontak met individue of groepe. Die persoon wat 'n geliefde verloor het, het 'n behoefte aan betekenisvolle ondersteuning. Dit moet nie net in die dae en weke na die dood gegee word nie, maar ook in die daaropvolgende maande en jare. Die ondersteuning kan slegs verkry word indien die persoon 'n infrastruktuur van vriende en familie het waarmee goeie en hegte bande heers.

Die ondersteuning wat ontvang word na 'n dood word deur meer bepaal as beskikbare ondersteuningstelsels. Ondersteuning word bemoeilik of geïnhibeer wanneer daar verliese plaasgevind het wat nie openlik erken word, sosiaal geldig is of openlik oor gerou word nie (Parkes 1996:134).

Parkes (1996:134) verduidelik dat hierdie verliese meestal is as gevolg van vier faktore waarvoor nie openlik gerou kan word nie:

- Nie-erkende verhoudinge, byvoorbeeld buite-egtelike verhoudinge, homoseksuele verhoudings, eks-huweliksmaats, biologiese ouers van aangenome kinders en dokters of verpleegsters wat geheg geraak het aan 'n pasiënt.
- Nie-erkende verliese, byvoorbeeld miskrame, aborsies, die gee van 'n kind vir aanneming, verlies van 'n troeteldier en sosiale en sielkundige verliese wanneer 'n eggenoot aan Alzheimersiekte ly.
- Nie-erkende persone in rou. byvoorbeeld kinders wat as te jonk beskou word om te rou of bejaarde persone wat as te oud en "seniel" gesien word, verstandelik gestremde of versteurde persone.
- Beskikbare ondersteuning. Elke persoon wat 'n verlies ervaar se verlies moet erken word. *Ondersteuning moet aangebied word, maar nie afgedwing word nie.* Die maatskaplike werker wat weet die persoon in rou werk, moet spesifiek aandag gee aan die beskikbare



ondersteuningstelsels en die optimale benutting daarvan. Die wyse van ondersteuning verskil egter van kultuur tot kultuur en wanneer dienste aan die kliënt gelewer word, moet die maatskaplike werker sensitief wees vir die kulturele konteks waarin ondersteuning beskikbaar is.

'n Verdere algemene faktor wat die rouproses kan beïnvloed is wanneer verskeie verliese kort op mekaar volg. Cook & Oltjenbrun (1998:119) beweer dit gebeur wanneer 'n persoon se rou gekompliseer word weens die verskeie ander verliese. Die aspek sal vollediger onder abnormale rou bespreek word.

- Die laaste algemene faktor waarna Cook & Oltjenbrun (1998:119) verwys is 'n dubbelsinnige verlies. Dit is wanneer die persoon in rou nie die werklike betekenis van die verlies begryp nie. 'n Voorbeeld is wanneer 'n persoon fisies teenwoordig, maar sielkundig afwesig is soos tydens Alzheimersiekte of wanneer 'n persoon fisies afwesig is, maar sielkundig teenwoordig, soos 'n vermiste soldaat.

Die rouproses word deur verskeie faktore beïnvloed wat die verloop van die proses sal bepaal. Die maatskaplike werker moet tydens intervensie bedag wees op elkeen van hierdie faktore en die impak wat dit op die kliënt het. Dit sal vir die maatskaplike werker antwoorde verskaf ten opsigte van redes vir optredes en wendinge tydens die rouproses. Dit sal ook help om die behoeftes, swakpunte en sterkpunte van die kliënt te bepaal.

### **(c) Normale en gekompliseerde rou**

Die maatskaplike werker wat rouberaad dienste lewer, het sekere gespesialiseerde kennis rakende die veld nodig. 'n Deel van hierdie kennis is die vermoë om tussen normale en gekompliseerde rou te kan onderskei. Die maatskaplike werker wat as fasiliteerder vir 'n kliënt se rouproses optree, moet die gevaartekens wat op gekompliseerde rou dui, kan onderskei en identifiseer. Gekompliseerde rou is 'n aanduiding dat die kliënt patalogie as gevolg van 'n gefaalde rouproses ontwikkel. Dit vereis dat die berader die kliënt moet verwys na 'n sielkundige of psigiater. Corr, Nabe & Corr (1993:171) waarsku dat elke kultuur unieke eienskappe van rou toon en dat dit nie met gekompliseerde rou verwar moet word nie.

Normale en gekompliseerde rou sal afsonderlik bespreek word. Die doel is om 'n duidelike beeld te skep van hoe elkeen manifesteer. Die faktore wat die kanse van gekompliseerde rou kan verhoog, sal uitgelig word. Voorbeelde van gekompliseerde rou sal ook bespreek word.

## Normale rou

Navorsers stem saam dat rou 'n komplekse en veranderende proses met verskeie dimensies is (Jacobs; Kosten; Kasi; Ostfield; Berkman & Charpentier, 1987:41-52). Die proses geskied deur middel van fases en take wat die kliënt moet deurwerk. Elke kliënt se proses verskil en daar is geen konkrete resep wat aandui dat 'n persoon op 'n "normale" voorgeskrewe manier rou nie. Corr, Nabe & Corr (1993:171) sien normale rou as 'n gesonde proses waar toepaslike response ten opsigte van die verlies plaasvind. Die persoon in rou mag dalk nie gemaklik binne hul situasie en met hulself wees nie, maar hulle is nie ongemaklik in die sin van "siek" of ongesond nie. Die terme, toepaslike response en "gemaklik binne 'n situasie" moet weer eens met sensitiwiteit ten opsigte van die kulturele konteks benader word. Mulrain (1993:33) benadruk dat elke kultuur 'n unieke manier het waarop hulle rou hanteer. Hy sê verder dat navorsing ten opsigte van verskillende kulture se rouprosesse benodig word. Dit sal die berader in staat stel om 'n onderskeid tussen normale en gekompliseerde rou binne die spesifieke kultuur te maak.

Cook & Oltjenbrun (1998:94-98) bespreek normale rou en die aard van normale rou in drie kategorieë van manifestasies, naamlik somatiese, intrapsigiese en gedragsmanifestasies. Die drie kategorieë is algemene verskynsels wat by die meeste individue in rou aangetref word. Die intensiteit van enige gegewe manifestasies sal met tyd minder word met tyd indien die persoon op 'n normale wyse rou. Tabel 3.1 toon die drie kategorieë aan.

Tabel 3.1: Drie kategorieë van manifestasies van normale rou

(Cook &amp; Oltjenbruns, 1998:94-98)

Somatiese Manifestasies	Intrapsigiese Manifestasies	Gedrags Manifestasies
Toegetrekte keel	Skok	Huil
Kort van asem	Emosionele gevoelloosheid	Onttrekking van ander
Versteurde slaappatrone	Hartseer	Oorafhanklikheid
Moegheid	Woede	Verlies van belangstelling in daaglikse take
Verlies aan energie	Vrees	Rusteloosheid
Verandering in eetlus	Depressie	Vyandige uitbarstings
Hoofpyn	Angs	
Verskeidenheid van gesondheidsprobleme	Apatie	
	Hopeloosheid	
	Hulpeloosheid	
	Waardeloosheid	
	Skuldgevoelens	
	Disoriëntasie	
	Onvermoë om te konsentreer	
	Hallusinasies	
	Oorbehepthed	

- **Somatiese manifestasies:** Dit is manifestasies wat fisies van aard is. Parkes (1988:365) benadruk dat min nog bekend is oor die interaksie tussen fisiologiese en sielkundige reaksies van rou.
- **Intrapsigiese manifestasies:** Die manifestasies verwys na die verskillende emosionele en sielkundige reaksies teenoor verlies. Dit is byvoorbeeld veranderinge in die denkprosesse en hallusinasies.
- **Gedragsmanifestasies:** Die manifestering van sekere vorme van gedrag kan deur verskeie faktore beïnvloed word. Die persoon se persoonlikheid, kultuur en hanteringsmeganismes kan 'n rol speel.

'n Persoon wat normale rou ervaar, sal verskeie van die manifestasies toon. Indien die rouproses suksesvol verloop, sal dit al hoe minder intens en met groter tussenposes voorkom. Worden (1991:18) meld dat rou as afgehandel beskou kan word wanneer 'n persoon sy/haar emosies weer in sy/haar lewe kan belê. Dit is ook wanneer die oorlewende aan die oorledene kan dink sonder intense pyn. Daar sal altyd 'n gevoel van hartseer wees, maar dit sal nie so ongenaakbaar wees soos in die begin nie. Worden (1991:42) verskaf tien riglyne vir intervensie met 'n kliënt wat 'n normale rouproses het:

- 1) Help die kliënt om die verlies 'n werklikheid te maak.
- 2) Help die kliënt om sy emosies te identifiseer en uit te druk.
- 3) Ondersteun die kliënt met 'n nuwe lewe sonder die oorledene. Help die kliënt om onafhanklik weer 'n eie lewe op te bou.
- 4) Help die kliënt om 'n nuwe emosionele status vir die oorledene te vind, sodat die kliënt kan begin om nuwe verhoudinge op te bou.
- 5) Gee vir die kliënt tyd om te rou.
- 6) Verduidelik aan die kliënt dat hy/sy normaal is om sekere gedrag tydens rou te toon.
- 7) Akkommodeer individuele verskille.
- 8) Hou vol met ondersteuning.
- 9) Help die kliënt om sy/haar verdedigings- en hanteringsmeganismes te identifiseer en te ontleed.
- 10) Identifiseer gekompliseerde rou en verwys, na 'n persoon wat gekwalifiseer is om gekompliseerde rou te behandel, byvoorbeeld 'n sielkundige.

### **Gekompliseerde rou**

Die diagnosering van simptome wat gekompliseerde rou impliseer, moet met deeglike oorweging en ondersoek gedoen word. Die reaksies van 'n persoon teenoor 'n verlies moet binne die konteks van die spesifieke verlies, die spesifieke persoon en die spesifieke omstandighede ontleed word (Rando, 1993:12). Die maatskaplike werker moet baie seker maak dat dit wat hy/sy as gekompliseerde rou diagnoseer, wel die geval is.

Die vraag ontstaan: Wat is gekompliseerde rou en hoe kan dit uitgeken word? Horowitz, Wilner, Marmar & Krupnick (1980:1157) definieer gekompliseerde rou as volg: Dit is rou wat tot op die vlak beweeg het waar die persoon in rou oorweldig word, wanaangepaste gedrag toon en in die proses van rou bly sonder om daardeur te beweeg en afsluiting kan plaasvind. Rando (1993:45) sluit by die definisie aan deur te verduidelik dat gekompliseerde rou die

onderhandeling, verdraaiing of mislukking is van een of meer van die take van rou, gesien in die lig van die tyd na die dood. Al twee die definisies wys daarop dat gekompliseerde rou die mislukking is in die suksesvolle afhandeling van die rouproses. Die kliënt kan nie na 'n toepaslike en nodige tyd van rou weer met 'n normaal-aangepaste lewe voortgaan nie.

Die maatskaplike werker wat rouberaad doen, het sekere kriteria nodig wat vir hom/haar kan aandui wanneer rou gekompliseerd word. Die maatskaplike werker moet kennis dra van die redes hoekom sekere persone nie die rouproses kan deurvoer nie. Hy/sy moet ook weet wat die aard van gekompliseerde rou is. Laastens is dit noodsaaklik om riglyne te hê vir die diagnose van gekompliseerde rou.

### **Die ontstaan van gekompliseerde rou**

Worden (1991:66-70) bespreek vyf faktore wat kan veroorsaak dat 'n persoon nie die rouproses suksesvol kan deurvoer nie. 'n Kort opsomming van die faktore word gegee en dit is belangrik om hierdie faktore veral tydens assessering in ag te neem. Die faktore is:

- **Verhoudings:** 'n Abnormale of gekompliseerde verhouding wat met die oorledene geheers het, kan gekompliseerde rou veroorsaak.
- **Omstandighedsfaktore:** Dit is wanneer die verlies onseker is, bv. 'n soldaat wat vermis word na 'n sending, en/of wanneer veelvuldige verliese ondervind word.
- **Historiese faktore:** Persone wat in die verlede gekompliseerde rou getoon het, het 'n groter kans om dit weer te toon. Verliese in die verlede en die ervaring daarvan, beïnvloed ook die optrede teenoor verliese in die hede.
- **Persoonliheidsfaktore:** Dié faktore verwys na 'n persoon se karakter en hoe dit sy vermoë beïnvloed om emosionele stres te hanteer. Persone wat baie afhanklik van die afgestorwene was of wie se selfbeeld deur die oorledene onderhou is, is in gevaar.
- **Sosiale faktore:** Daar is drie sosiale faktore wat kan veroorsaak dat 'n persoon nie die rouproses deurvoer nie. Die eerste is wanneer die verlies sosiaal “onnoembaar” is, byvoorbeeld selfmoord of aborsie. Die tweede is wanneer die verlies sosiaal afgeskeep word, dit wil sê die gemeenskap tree op asof die verlies nie van belang is nie. Die laaste faktor is die afwesigheid van sosiale ondersteuning.

Indien een of meer van die vyf faktore teenwoordig is by 'n kliënt in rou, moet die maatskaplike werker bedag wees op die moontlike ontstaan van gekompliseerde rou.

## **Die aard van gekompliseerde rou**

Gekompliseerde rou manifesteer op spesifieke wyses. Die eerste hiervan is kroniese roureaksies. Worden (1991:71) meld dat dit maklik is om hierdie tipe van gekompliseerde rou te diagnoseer. Die kliënt besef meestal self dat hy/sy nie vorder met die rouproses nie. Cook & Oltjenbruns (1998:126) beskryf kroniese rou as manifestasies van rou wat intens is en gewoonlik lank na die normale rou tydperk aanhou. Die persoon bly in so 'n intense staat van rou dat daar geen beplanning vir die toekoms is nie. Worden (1991:70) wys daarop dat die kliënt voel dat daar baie dinge is wat onklaar is en dat intervensie op die afhandeling van take moet fokus. Cook & Oltjenbruns (1995:127) waarsku dat kultureel-gebonde rituele nie verwar moet word met kroniese rou nie.

'n Tweede gekompliseerde roureaksie is vertraagde roureaksies. Worden (1991:73) beskryf vertraagde rou as geïnhibeerde, onderdrukte of uitgestelde reaksies van rou. Die persoon toon wel 'n reaksie tydens die verlies, maar dis nie genoeg om die verlies te verwerk nie. Die rouproses sal weer later opduik en baie intens beleef word tydens 'n latere verlies.

Worden (1991:72-74) verduidelik nog twee kenmerkende reaksies.

***Oordryfde en gemaskerde roureaksies.*** Oordryfde reaksies teenoor verlies is wanneer die persoon die verlies so intens ervaar dat die normale roureaksie verskerp word en die persoon oorweldig voel. Die gevoel van oorweldiging kan wanaangepaste gedrag veroorsaak. Voorbeelde van wanaangepaste gedrag is kliniese depressie, angs, alkoholisme en simptome van post-traumatische stressindroom. Die kliënt besef gewoonlik self dat hy/sy se wanaangepaste gedrag deur gekompliseerde rou veroorsaak word en soek self hulp.

***Gemaskerde reaksies*** is die teenoorgestelde van oordryfde roureaksies. Die persoon ervaar simptome en gedrag wat problematies is, maar hulle besef nie dat dit deur onverwerkte verlies veroorsaak word nie. Gemaskerde rou manifesteer deur middel van 'n fisiese simptoem of deur wanaangepaste gedrag. Die kliënt wat hom/haarself nie toelaat om rou direk te ervaar nie, kan mediese simptome soos dié van die oorledene ontwikkel of enige ander vorm van psigosomatiese klagtes. Die rou kan ook gemasker word deur 'n psigiatriese probleem, byvoorbeeld onverklaarbare depressie.

Cook & Oltjenbruns (1998:127-128) beskryf gekompliseerde rou op dieselfde wyse as Worden, (1991:10) maar voeg nog twee ekstra manifestasies by, naamlik idealisering en identifisering.

Idealisering is wanneer die kliënt slegs die positiewe eienskappe van die oorledene onthou en noem. Indien idealisering tot die uiterste gevoer word, word dit problematies. Die kliënt idealiseer die oorledene in so 'n mate dat hy/sy nie verhoudings met ander mense wil aanknoop nie, want die mense word nie as “goed genoeg” ervaar nie. Identifisering met die oorledene vind plaas wanneer die kliënt simptome, probleme of gedragseienskappe manifesteer wat dieselfde is as dié wat die oorledene getoon het. Die kliënt wat nie die rouproses suksesvol voltooi het nie, hou die oorledene “lewendig” deur probleme of simptome te toon, soortgelyk aan dié wat die oorledene voor sy/haar dood ervaar het.

Dit moet in ag geneem word dat identifisering of idealisering deel kan wees van die normale rouproses. Dit word slegs as abnormaal gesien as dit die kliënt se rouproses deurentyd strem.

### **Die identifisering van gekompliseerde rou**

'n Identifikasie van gekompliseerde rou moet na baie oorweging en met groot omsigtigheid gemaak word. Maatskaplike werkers kan onseker voel en selfs bang wees om 'n kliënt se gekompiliseerde rou te identifiseer. Worden (1991:74) wys daarop dat identifisering op twee maniere kan plaasvind:

- die kliënt kom self met 'n diagnose;
- die kliënt kom met 'n fisiese of psigiatriese probleem, maar besef nie dat dit verbonde is aan sy/haar verlies nie.

Worden (1991:75) gee 12 leidrade wat vir die maatskaplike werker kan help om gekompliseerde rou te identifiseer. Hierdie leidrade is deur Lazare (1979:498-512) geïdentifiseer. Dit word benadruk dat die leidrade op hul eie nie genoeg is vir 'n definitiewe identifisering nie, maar dat dit 'n aanduiding is dat gekompliseerde rou heel moontlik besig is om te ontwikkel.

Die leidrade is:

- Die kliënt kan nie oor die oorledene praat sonder om intense of “vars” rou te ervaar nie.
- 'n Klein gebeurtenis veroorsaak 'n intense roureaksie.
- Temas van verlies kom voor in 'n kliniese onderhoud.

- Die persoon wat die verlies ervaar het, is onwillig om materiële besittings van die oorledene te skuif. Die omgewing moet presies dieselfde bly as toe die oorledene nog geleef het.
- Die persoon ervaar dieselfde fisiese simptome wat die oorledene gehad het, byvoorbeeld die psigosomatiese simptome manifesteer op die herdenking van die dood.
- Persone wat radikale veranderinge in hulle lewe aanbring na die dood van die oorledene of wat familie, vriende of aktiwiteite wat verband hou met die oorledene, afsny na die dood.
- Die kliënt toon 'n lang geskiedenis van subkliniese depressie wat gekenmerk word deur skuldgevoelens en 'n verlaagde selfbeeld.
- 'n Kompulsiewe behoefte om die oorledene na te aap, veral as die kliënt geen spesifieke neiging tot dieselfde gedrag het nie. Dit ontstaan vanuit die behoefte om te kompenseer vir die verlies deur die self te identifiseer met die dooie.
- Selfvernietigende impulse kan voorkom.
- Onverklaarbare hartseer gedurende 'n sekere tyd elke jaar kan ook dui op 'n onopgeloste rou. Dit kan byvoorbeeld voorkom tydens herdenkings en verjaarsdae.
- 'n Fobie vir siekte of die dood. Die fobie sal dikwels verband hou met die siekte waaraan die oorledene gesterf het.
- Die omstandighede tydens die sterfte. Dit kan vir die maatskaplike werker help om die moontlikhede van gekompliseerde rou te bepaal.

Die bespreking van normale en abnormale rou gee 'n duidelike boodskap weer. Die kliënt in rou moet op 'n holistiese manier geassesseer, ondersteun en behandel word. Daar is soveel faktore wat 'n rol in die kliënt se rouproses kan speel, dat die nalating om van hierdie faktore te oorweeg tot ondoeltreffende intervensie sal lei.

### **3.4 ETNIES-SENSITIEWE ROUBERAAD**

Jacques (2000:361) verduidelik dat dit belangrik is vir 'n maatskaplike werker om die doel van dienslewering in 'n spesifieke konteks te bepaal. Etnisiteit skep 'n konteks waarbinne dienslewerer moet word. Die doel van hierdie dienslewerer word bepaal deur die behoeftes van die kliënt. Die behoeftes van die kliënt word bepaal deur sy/haar etnisiteit. Rouberaad dienste is nie 'n uitsondering nie. Bopape (1995:266) benadruk dat dit baie belangrik is om sosio-kulturele faktore in ag te neem wanneer daar met 'n persoon in rou gewerk word. 'n Maatskaplike werker



wat die basiese kennis en vaardighede het om rouberaad te doen; maar wat dit nie op 'n etnies-sensitiewe wyse kan doen nie, kan nie suksesvolle dienste lewer nie. Etnies-sensitiewe rouberaad is 'n vermenging van die teorie, kennis en vaardighede van rouberaad met die kennis, vaardighede en waardes van die etnies-sensitiewe perspektief.

Etnies-sensitiewe rouberaad het 'n eie unieke stel kennis, waardes en vaardighede. Dit sal bespreek word deur gebruik te maak van die Xhosa-sprekende groep se rouproses.

### **3.4.1 Waardes**

Etnies-sensitiewe rouberaad is alleenlik moontlik as die maatskaplike werker die kliënt se waardes erken en aanvaar. Brammer & MacDonald (1999:177) meld dat geen individu neutraal is nie. Elke persoon het vooroordele. Hy is van mening dat hierdie vooroordele slegs oorkom kan word as die maatskaplike werker ander se waardesisteme aanvaar en probeer verstaan. 'n Xhosa-sprekende persoon sal vereis dat die Xhosa-sprekende groep se waardes ten opsigte van rou aanvaarbaar moet wees en verstaan moet word. Dit vereis dat die maatskaplike werker 'n etnies-sensitiewe waardebasis moet gebruik. Jonker en Cronje (2000:228) beskou so 'n waardebasis as 'n raamwerk van positiewe benaderings wat die maatskaplike werker moet implementeer, byvoorbeeld die werker moet die klient respekteer. Sowers-Hoag en Sandau-Beckler (1996:39) identifiseer agt kernwaardes wat met sukses toegepas kan word as 'n waarderaamwerk vir etnies-sensitiewe rouberaad met die Xhosa-sprekende groep. Die agt waardes is: die maatskaplike werker moet die eienskappe van die klient se kultuur respekteer; die maatskaplike werker moet die klient se waardigheid bewaar deur die bewaring van die klient se kultuur; die waarde en hulpverleningsisteme binne die klient se kultuur moet erken en gebruik word as primêre ondersteuningsstelsels; die familie moet as primêre ondersteuningsbron gerespekteer word; etnies-sensitiewe dienste vir minderheidsgroepe moet bevorder word, 'n kultuur wat prosesgeoriënteerde eerder as uitkomsgeoriënteerde diens verkies moet gerespekteer word, die klient se gedrag moet binne die konteks van sy kultuur geassesseer word en die maatskaplike werker moet sensitief wees vir konflik tussen waardes van die etniese groep en die waardes van die wyer samelewing. Elkeen van die agt waardes word afsonderlik bespreek.

- 1) Die maatskaplike werker moet die unieke eienskappe van die kliënt se kultuur respekteer. Die Xhosa-sprekende persoon se kultuur het sekere unieke rituele wat uitgevoer moet word tydens die rouproses, byvoorbeeld 'n nagwaak voor die begrafnis. Potgieter is van mening dat die uniekheid van die individu slegs gerespekteer kan word

indien die maatskaplike werker bereid is om sy/haar eie ervaringsveld uit te brei. Dit impliseer dat die werker die uniekheid van die Xhosa-kultuur kan respekteer deur byvoorbeeld die nagwaak by te woon, indien die werker welkom is. Dit sou die funksie en doel van die unieke ritueel duidelik maak en sal vir die werker 'n dieper insig en waardering vir die unieke eienskappe van die Xhosa-kultuur gee. Die gebaar dra ook die boodskap uit dat die Xhosa-sprekende kliënt se kultuur aanvaar en nie veroordeel word nie.

- 2) Die maatskaplike werker moet die waardigheid van die kliënt bewaar deur die bewaring van die kliënt se kultuur. Kultuur kan slegs bewaar word indien dit gerespekteer en erken word. Jonker & Cronje (2000:228) is van mening dat kultuur erken moet word deur die impak wat dit op die kliënt en op die intervensieproses het. Die invloed van kultuur op die Xhosa-sprekende persoon se rouproses is belangrik en die rouberader moet dit erken. Hierdie erkenning gee nie net waarde aan die Xhosa-kultuur nie, dit dra ook aan die Xhosa-sprekende persoon 'n boodskap uit dat hy/sy waarde het as individu – 'n individu met 'n eie kultuur wat as belangrik en waardevol geag word.
- 3) Die waarde van hulpverleningsisteme binne die kliënt se kultuur moet erken en gebruik word as primêre ondersteuningstelsels. 'n Waarde wat voorkom in alle menseverhoudings in die Afrika-kulture is Ubuntu. Tshabalala (1992:75) verduidelik dat Ubuntu die kwaliteite en eienskappe van warmte, empatie, vertrouwe en eer onderskryf. Die Xhosa-kultuur as deel van Afrika-kulture, besit ook die beginsel van Ubuntu. Die etnies-sensitiewe rouberader sal Ubuntu in ag moet neem en die ondersteuningstelsels wat natuurlik binne die Xhosa-kultuur bestaan, integreer by intervensie. Westerse rouberaad is gefokus op 'n kliënt-terapeut verhouding. Die maatskaplike werker sal sy/haar plek in die gemeenskaplike ondersteuningstelsels van die Xhosa-sprekende kliënt moet vind. 'n Bereidheid om die gemeenskap in die terapeut-kliënt verhouding te integreer, moet bestaan.
- 4) Die maatskaplike werker moet die familie (soos gedefinieer deur die kultuur) as primêre ondersteuningsstelsel respekteer. 'n Familie se samestelling verskil van kultuur tot kultuur. Die maatskaplike werker moet die tyd afstaan om die Xhosa-sprekende kliënt se gesinsamestelling te verken. Die gesin se belangrikheid as ondersteuningsbron moet bepaal word en in dienslewering gebruik word.

- 5) Die maatskaplike werker moet etnies-sensitiewe dienste vir minderheidsgroepe bevorder. Dit is die taak van die maatskaplike werker om as advokaat vir sy/haar kliënt op te tree. Kliënte van minderheidsgroepe ondervind dikwels dat dienste nie etnies-sensitief is teenoor die kliënt se behoeftes nie. Die maatskaplike werker moet namens die kliënt onderhandel vir etnies-sensitiewe dienste. Potgieter (1998:41) meld dat maatskaplike werkers se waardebasis ook drome en ideale vir die kliënt moet bevat. Hy noem gelykheid, demokrasie en sosiale geregtigheid as ideale wat deel moet vorm van die werker se waardebasis. Hierdie ideale kan slegs bereik word indien die maatskaplike werker bereid is om namens die kliënt as advokaat op te tree en te onderhandel vir die ideale.
- 6) 'n Kultuur wat eerder 'n prosesgeoriënteerde diens verkies as 'n uitkomsgeoriënteerde diens, moet gerespekteer word. Compton & Galaway (1999:235) beskou die kliënt as die ekspert van sy/haar situasie. Dit sluit in die kulturele aspekte wat die situasie beïnvloed. Die Xhosa-sprekende kliënt is die ekspert van haar/sy eie kultuur. Die kliënt weet hoe probleme en veral die proses van rou binne die Xhosa-kultuur benader en opgelos word. Die maatskaplike werker moet dit respekteer en moet nie met 'n vooropgestelde uitkomsgebaseerde plan die kliënt benader nie.
- 7) Die kliënt se gedrag moet binne die konteks van sy kultuur geassesseer word. Devore & Schlesinger (1996:116-119) wys daarop dat etnisiteit tydens assessering een van die belangrikste fokuspunte is. Die impak wat etnisiteit op die kliënt, sy familie en die omgewing het, moet duidelik wees. Gedrag wat vir die maatskaplike werker vreemd is, mag vir die Xhosa-sprekende persoon binne sy/haar kulturele konteks normaal wees. Die maatskaplike werker moet weet watter gedrag die Xhosa-sprekende persoon tydens sy/haar rouproses sal toon. Hierdie gedrag moet aanvaar en gerespekteer word as deel van die kliënt se unieke rouproses.
- 8) Die maatskaplike werker moet sensitief wees vir konflik tussen waardes van die etniese groep en die waardes van die wyer samelewing. Die samelewing as geheel in Suid-Afrika word grotendeels deur Westerse waardes beïnvloed. Besighede en dienste is Westers ingestel. Die waardes van die Xhosa-sprekende groep bots met die awestersgeoriënteerde samelewing. 'n Werknemer sal byvoorbeeld van die Xhosa-sprekende persoon verwag om 'n begrafnis binne 'n naweek of twee dae af te handel. Die Xhosa-sprekende persoon het volgens sy kultuur 'n langer tydperk nodig. Hierdie teenstrydige

waardes skep konflik en dit is die maatskaplike werker se plig om as tussenganger op te tree.

'n Etnies-sensitiewe waardebasis vereis 'n doelbewuste besluit van die maatskaplike werker om die kliënt se etnisiteit te respekteer. Die kliënt se gebruike, rituele en sienings, byvoorbeeld tydens die rouproses, moet ingesluit word in die hulpverleningsproses.

### 3.4.2 Kennis

'n Maatskaplike werker kan nie 'n kultuur respekteer indien hy/sy nie oor kennis van die kultuur beskik nie. Jonker & Cronje (2000:230) lig drie kennisareas uit wat belangrik is vir etnies-sensitiewe dienslewering: Die maatskaplike werker moet kennis dra van die eienskappe, houding teenoor aanvaarding van professionele hulp en die magsverhouding in die kultuur.

- 1) Die maatskaplike werker moet kennis dra van die eienskappe van die kliënt se kultuur. Kennis moet bestaan van die geloofsisteem, geslagsrolle en perspektiewe ten opsigte van ouderdom in die kultuur. Die werker wat rouberaad dien aan 'n Xhosa-sprekende kliënt verskaf, moet kennis dra van die kliënt se geloofsisteem. Daar moet bepaal word in watter mate die kliënt 'n tradisionele of 'n ander geloof, soos Christenskap of Islam, aanhang. Die implikasies wat die geloofsisteem tydens die rouproses sal hê, moet ook bepaal word. Die maatskaplike werker moet ook duidelikheid hê oor die rolle wat mans en vroue moet vervul tydens die rouproses. Kennis moet ook bestaan van die rolle wat verskillende ouderdomsgroepe in die proses sal speel. Kennis van die geloofstelsels, rolle en perspektiewe van die Xhosa-sprekende kliënt, sal vir die maatskaplike werker help om dienste op so 'n manier te lewer dat dit nie rituele en gebruike sal minag nie. 'n Voorbeeld is die Xhosa-kultuur se gebruik om die persoon wat die doodstyding moet oordra met sorg te kies (Walanza 1995:3-4). Die maatskaplike werker wat hierdie ritueel minag en self die nuus versprei of self iemand aanwys, sal onherroeplike skade aan die vertrouensverhouding aanrig.
- 2) Kennis moet bestaan van die kliënt se houding teenoor die aanvaarding van professionele hulp. Devore & Schlesinger (1996:119-124) verduidelik dat die kliënt verskeie roetes moes volg om by die maatskaplike werker uit te kom. Die kliënt mag verwys word deur 'n dokter of 'n ander welsynsorganisasie. Vorige ervarings met maatskaplike werkers kon negatief gewees het. Die kliënt kan 'n negatiewe ingesteldheid ontwikkel omdat hy

verwys is en nie by die eerste plek waar hy hulp gesoek het, gehelp is nie. 'n Negatiewe ingesteldheid kan ook ontstaan as gevolg van 'n vorige negatiewe ervaring met 'n maatskaplike werker. 'n Kliënt se woede, negatiewe en agterdog teenoor dienslewering moet erken word. Die maatskaplike werker moet hierdie emosies saam met die kliënt hanteer sodat die hulpverleningsverhouding op 'n positiewe wyse begin kan word.

- 3) Die maatskaplike werker moet kennis hê van die magsverhoudinge in die kultuur. Daar moet bepaal word of die kultuur 'n matriargale of patriargale sisteem het. Die Xhosa-kultuur het 'n patriargale sisteem. Besluite word deur mans geneem en daar is streng voorskrifte ten opsigte van die rol van die vrou. In 'n tyd van rou mag die vroue van die oorledene se familie nie die huis verlaat nie en moet hulle sekere klere dra (Walanza 1995:2). *Die magsverhoudinge in 'n kultuur bepaal ook die bronne wat vir individue beskikbaar sal wees, byvoorbeeld die Xhosa-vrou wat tuis moet bly tydens die rou tydperk sal nie self 'n maatskaplike werker kan nader vir rouberaad nie.*

Kennis van magsverhoudinge binne 'n kultuur stel die maatskaplike werker in staat om die rol- en taakverdeling tussen geslagte te verstaan. Dit sal verhoed dat die werker gesag minag en sodoende sy/haar kredietwaardigheid verlaag.

- 4) Die vierde en laaste punt fokus op die maatskaplike werker se selfkennis. *Selfkennis stel vir die maatskaplike werker in staat om bewus te wees van eie waardes en vooroordele.* Indien die maatskaplike werker hiervan bewus is, kan hy/sy doelbewus die invloed wat dit op intervensie mag hê, reguleer. Selfkennis ten opsigte van etnisiteit is breedvoerig op bl. 15 bespreek terwyl selfkennis van die rouproses in 3.3.1 bespreek is.

### **3.4.3 Vaardighede**

Johnson (1995:55) beskou vaardighede as die komponent wat kennis en waardes saamvoeg en omskakel tot aksie. Vaardighede stel die maatskaplike werker in staat om te assesser, die intervensieproses deur te voer en te evalueer. Johnson (1995:57) verdeel vaardighede in twee kategorieë, naamlik kognitiewe vaardighede en interaktiewe vaardighede.

Kognitiewe vaardighede is die vaardighede wat gebruik word om te dink aan die persoon in die situasie, kennis wat nodig is te identifiseer, te beplan vir intervensie en evaluering uit te voer. Die etnies-sensitiewe rouberader gebruik kognitiewe vaardighede om 'n intervensieproses saam te stel wat in die behoeftes van die kliënt voorsien. Bapedi (1995:265) lê klem daarop dat

persone in rou somtyds meer praktiese hulp wil hê, byvoorbeeld finansiële hulp of hulp met begrafnisreëlins. Dit is die maatskaplike werker se plig om gebruik te maak van eksplorering, vraagstelling, klarifikasie en luistervaardighede om die kliënt se behoeftes te bepaal. Die kliënt se behoeftes saam met die werker se kennis van rouberaad en etnies-sensitiewe praktyk moet gebruik word om die intervensieproses te rig.

Die tweede kategorie waarna Johnson (1995:57) verwys, is Interaktiewe Vaardighede. Dit is die vaardighede wat gebruik word om binne die kliëntsisteem te werk, te kommunikeer en begrip te ontwikkel, en die intervensieproses gesamentlik te beplan en uit te voer. Hierdie vaardighede vereis van die maatskaplike werker om baie nou saam met sy kliënt te werk. Jonker & Cronje (2000:35) is van mening dat hierdie samewerking van die werker sal vereis om kulturele verskille op 'n sensitiewe en konstruktiewe manier te hanteer sonder om afstand in die verhouding te skep. Die maatskaplike werker kan dit slegs doen indien hy/sy op 'n eerlike en ondubbelsinnige manier met die kliënt kommunikeer. Compton & Galaway (1999:234) waarsku dat kulture se wyse van kommunikasie uniek is en dat hierdie unieke manier van kommunikasie verstaan moet word, anders sal misverstande ontstaan. 'n Verhouding waar kulturele verskille gehanteer word, verg dus goeie kommunikasie- en luistervaardighede van die maatskaplike werker.

Die maatskaplike werker met goeie interaktiewe vaardighede is bereid om:

- geduldig, met insig en nie-veroordelend na die kliënt se storie te luister;
- objektief te wees teenoor die kliënt se etnisiteit en die sterkpunte wat dit bied te identifiseer;
- die kliënt se manier van kommunikasie te respekteer en om daarby aan te pas;
- eie kommunikasie so te rig dat dit op die kliënt se vlak is;
- intervensie saam met die kliënt te beplan met die kliënt en sy etnisiteit as primêre vertrekpunt;
- seker te maak dat die werker weet wat die kliënt van die intervensieproses verwag;
- seker te maak dat die kliënt weet wat die intervensieproses vir hom of haar kan bied.

'n Maatskaplike werker wat etnies-sensitiewe rouberaad aan die Xhosa-sprekende groep wil lewer, moet van kognitiewe en interaktiewe vaardighede gebruik maak. Dit sal die werker in staat stel om 'n etnies-sensitiewe intervensieproses saam met die kliënt te beplan. Die vaardighede, indien dit met sorg geïmplementeer word, sal sorg dat rouberaad gerig is op die kliënt se behoeftes en dat dit geskied binne die riglyne van die kliënt se etniese agtergrond.

## SAMEVATTING

Die rouproses is 'n baie komplekse proses. Die maatskaplike werker in die rol van rouberader staan 'n veld met uiteenlopende invloede in die gesig. Spesifieke kennis en vaardighede asook selfkennis is uiters noodsaaklik. Die maatskaplike werker sal ook sy/haar dienste moet aanpas by die kliënte/kliëntegroep vir wie hy/sy dienste lewer. Rituele ten opsigte van rou verskil van kultuur tot kultuur en stel 'n uitdaging aan die maatskaplike werker om dienste te lewer wat sensitief sal wees vir die kliënt se kultuur, gebruike en behoeftes. Suid-Afrika is 'n land met uiteenlopende kulture, wat beteken dat rituele ten opsigte van rouprosesse sal verskil van groep tot groep. Die rol van die maatskaplike werker ten opsigte van verlies en rou in Suid-Afrika skep nuwe uitdagings vir rouberaad as gevolg van die diverse kultuursamestelling.

Die maatskaplike werker wat rouberaad in Suid-Afrika doen, moet oor die vermoë beskik om etnies-sensitief ten opsigte van rouprosesse te werk. Rouberaad kan nie volgens rigiede westerse modelle gelewer word nie. Dit is nie ontwerp vir die behoeftes van Afrikakulture nie. Die maatskaplike werker moet seker maak dat hy/sy 'n goeie grondslag het van die kennis en vaardighede vir rouberaad. Die grondslag moet buigbaar wees sodat dit aangepas kan word by die behoeftes van elke kliënt se spesifieke kultuur.

## **HOOFTUK 4**

### **DIE XHOSA-SPREKENDE GROEP SE BEHOEFTE TEN OPSIGTE VAN ETNIES-SENSITIEWE ROUBERAAD**

#### **4.1 INLEIDING**

Maatskaplike werkers wat etnies-sensitiewe rouberaad aan Xhosa-sprekende kliënte wil lewer, benodig sekere kennis. Die werkers moet die behoeftes, gebruike, rituele ten opsigte van die rouproses en die geloofsoortuiging van die Xhosa-sprekende kliënt verstaan. Die doel van hierdie studie is om riglyne vir etnies-sensitiewe rouberaad met Xhosa-sprekende persone daar te stel.

Die hoofstuk bevat die resultate van die studie wat met Xhosa-sprekende persone in rou onderneem is. Die data wat in die studie versamel is word bespreek en vergelyk met bestaande literatuur. Laastens word die data gebruik om afleidings te maak ten opsigte van die behoeftes wat 'n Xhosa-sprekende persoon het rakende rouberaad.

#### **4.2 EMPIRIESE STUDIE**

Die afdeling bevat die bevindinge van die empiriese studie wat uitgevoer is, waarna die resultate van die ondersoek volledig weergegee en bespreek word. Die metode van navorsing en steekproeftrekking sowel as dataversameling word verduidelik.

##### **4.2.1 Metode van navorsing**

Die studie is beperk tot Xhosa-sprekende persone wat 'n familielid verloor het en tans rouberaad by Stellenbosch Hospice ontvang. Die respondente is almal woonagtig binne Stellenbosch. Beide kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes is gebruik in hierdie studie.

##### **4.2.2 Steekproeftrekking en dataversameling**

Die steekproef van die studie is verkry vanuit Xhosa-sprekende gesinne wat gedurende 2000 en 2001 rouberaad by Stellenbosch Hospice ontvang het. Doelbewuste seleksie is gebruik om 'n steekproef van 10 respondente te trek. Die kwalitatiewe en kwantitatiewe data van die studie is verkry deur 'n vraelys wat die respondente moes invul. Die vraelys het kwantitatiewe en kwalitatiewe vrae bevat. Die vraelys (Addendum A) is verdeel in ses afdelings. Die respondente wat gesukkel het met die vraelys, veral ten opsigte van taal, is deur 'n tolk bygestaan.



### **4.3 RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK**

Die gegewens wat met behulp van die ingevulde vraelyste versamel is, word aangebied volgens die ses afdelings waaruit die vraelys bestaan, naamlik identifiserende besonderhede, die rol van die maatskaplike werker as etnies-sensitiewe rouberader, rouberaadmodelle, dood en rou in die Xhosa-kultuur, faktore wat die rouproses van die Xhosa-sprekende persoon beïnvloed en normale en gekompliseerde rou.

#### **4.3.1 Identifiserende besonderhede**

Die identifiserende besonderhede van die respondente is as volg.

##### **(a) *Naam en Van***

Respondente het nie hulle naam en van ingevul nie. Anonimiteit is sodoende verseker.

##### **(b) *Geslag***

Van die tien respondente was nege vroulik en een manlik. Die data wat verkry is, was dus meestal vanuit 'n vroulike perspektief. Bonnano (1994) het bevind dat vroue tydens rou makliker sielkundige hulp soek as mans. Die afleiding kan dus gemaak word dat hierdie groep respondente, waarvan 90% vroulik was, meer geneig sou wees om aan te dui dat hulle rouberaad van 'n maatskaplike werker sou verlang.

##### **(c) *Ouderdom***

Die respondente se ouderdomme het gestrek vanaf 21 jaar tot 56 jaar. Ouderdom word beskou as 'n determinant van 'n persoon se persoonlikheid en hanteringsmeganismes (Parkes 1996:33). 'n Persoon se ouderdom kan dus sy of haar hantering van die rouproses beïnvloed. 'n Bree verteenwoordiging van ouderdomsgroepe in hierdie studie verseker dat resultate nie gebonde is aan 'n sekere ouderdomsgroep se ervarings nie.

##### **(d) *Huistaal***

Die tien respondente was almal Xhosa-sprekend.

**(e) *Verhouding met die oorledene***


Vier van die respondente was die moeder van die oorledene. Vier respondente was die suster van die oorledene en twee respondente was die neef en niggie van die oorledene. Die respondente was dus almal naby familie van die oorledene.

**4.3.2 Die rol van die maatskaplike werker as etnies-sensitiewe rouberader**

Effektiewe etnies-sensitiewe rouberaad kan slegs gedoen word as die maatskaplike werker die kliënt se behoeftes ken. In dié afdeling word die Xhosa-sprekende persoon se behoeftes en verwagtinge ten opsigte van die rol van die etnies-sensitiewe maatskaplike werker se rouberaaddienste, ondersoek.

**(a) *Etnies-sensitiewe ondersteuning in die rou tydperk***

Die respondente is gevra om aan te dui of 'n maatskaplike werker van 'n ander kultuur wel 'n ondersteuningsdiens in 'n tyd van rou sal kan lewer. In Fig. 4.1 word aangedui dat agt (80%) van die respondente positief geantwoord het terwyl slegs een (10%) se mening negatief, was.




**Figuur 4.1 Ondersteuning van 'n nie-Xhosa-sprekende maatskaplike werker**

Die tendens vanuit figuur 4.1 weerspieël dat agt (80%) van die respondente wel van mening is dat 'n maatskaplike werker van 'n ander kultuur ondersteuning in 'n tydperk van rou kan lewer. Die afleiding wat gemaak kan word, dui daarop dat die oorgrote meerderheid van die respondente wel oortuig is dat die werker etnies-sensitiewe dienste kan lewer. Die mening van die respondente reflekteer die oortuiging van Devore & Schlesinger (1996) dat indien 'n maatskaplike werker 'n etnies-sensitiewe perspektief gebruik, etnies-sensitiewe dienste moontlik is.

**(b) Geforseerde rouberaad deur 'n maatskaplike werker van 'n ander kultuur**

Jonker & Cronjé (2000:230) is van mening dat kennis moet bestaan van die kliënt se houding teenoor die aanvaarding van professionele hulp. Die maatskaplike werker kan nie sy/haar dienste op die kliënt afdwing nie.

Respondente moes aandui hoe hulle sou reageer op 'n maatskaplike werker van 'n ander kultuur wat daarop aandring om die respondent in sy/haar tyd van rou te ondersteun.




**Figuur 4.2 Geforseerde rouberaad deur 'n nie-Xhosa-sprekende maatskaplike werker**

Figuur 4.2 toon aan dat ses (60%) van die respondente nie geforseerde dienste sal verwelkom nie terwyl vier (40%) geforseerde dienste dit sal verwelkom. Dit wil voorkom asof die tendens meer vanuit persoonlike voorkeure spruit. Indien die Xhosa-kultuur geforseerde rouberaad afgekeur het, sou die oorgrote meerderheid van respondente, wat almal deel is van die Xhosa-groep, negatief geantwoord het. Die respons op hierdie vraag lig 'n belangrike aspek uit. Die etnies-sensitiewe maatskaplike werker moet nie die kliënt se individuele persoonlikheidseienskappe veralgemeen op grond van die eienskappe van die kliënt se etnisiteit nie. Die klient se behoeftes word nie altyd deur sy of haar etnisiteit beïnvloed nie, individuele persoonlikheidseienskappe speel dikwels 'n meer oorheersende rol. Die individu se keuse is dus as gevolg van eie voorkeure en nie as gevolg van sy of haar etnisiteit nie.

**(c) Die invloed van etniese geskiedenis op die rouproses**

Die respondente moes aandui of die geskiedenis van die Xhosa-kultuur 'n invloed op die respondent se manier van rou het. Die respondente moes een van drie kategorieë merk: Ja / Onseker of Nee.



(\* Respondente kon meer as een antwoord verskaf)


**Figuur 4.3 Die invloed van 'n etniese verlede op rou**

In figuur 4.3 word aangetoon dat vyf (50%) van die respondente ja gemerk het terwyl vier (40%) onseker was en een (10%) nee gemerk het. Die afleiding wat gemaak kan word, dui daarop dat die geskiedenis van die Xhosa-kultuur wel die respondente se rouproses beïnvloed. Hoewel vier (40%) onseker gemerk het en nie ja of nee nie, dui dit aan dat hulle wel nog invloed ervaar, hoewel op 'n onbewustelike vlak, anders sou hulle negatief gemerk het. Die tendens staaf die menings van Devore & Schlesinger (1996:156), Haynes & Singh 1992:45) en Kodushin (1990:306) dat etnisiteit en die geskiedenis van 'n kliënt se etniese groep sy/haar

optrede beïnvloed. Die tradisies, gebruike, rituele en gedragskodes van die Xhosa-kultuur sal die Xhosa-sprekende kliënt se rouproses bepaal. Haynes & Singh (1992:45) beklemtoon dat die etnies-sensitiewe maatskaplike werker 'n begrip moet hê van die kliënt se sosio-kulturele omgewing. Hierdie begrip sal insig verskaf ten opsigte van die invloed van die Xhosa-kultuur op die Xhosa-sprekende kliënt se rouproses.

**(d) Kennis van die Xhosa-kultuur**

Die respondente moes die kennis van 'n nie-Xhosa maatskaplike werker ten opsigte van Xhosa-kultuur en rou in die Xhosa-kultuur evalueer in vyf kategorieë. Die vyf kategorieë word aangedui in figuur 4.4.



**Figuur 4.4 Die maatskaplike werker se kennis van die Xhosa-kultuur**


Die tendens wat vanuit figuur 4.4 afgelei kan word, is dat 10 (100%) van die respondente van mening is dat 'n maatskaplike werker sal weet wanneer hy/sy welkom is om ondersteuning te bied. Die bevindinge dui daarop dat maatskaplike werkers wel oor kennis beskik van die Xhosa-sprekende persoon se houding ten opsigte van wanneer hy/sy hulp sou verlang. Jonker & Cronje (2000:230) is van mening dat maatskaplike werkers ten alle tye bewus moet wees van

die klient se houding tenoor die aanvaarding van hulp. Indien die maatskaplike werker bewus is van die klient se houding sal dit vir hom / haar instaat stel om die klient se behoeftes te respekteer. Die meerderheid van die respondente, ses (60%) het ook aangedui dat die maatskaplike werker sal weet watter unieke eienskappe/gebeurtenisse binne die Xhosa-kultuur tydens rou gerespekteer moet word. Die respondente was egter minder positief teenoor die maatskaplike werker se kennis van die Xhosa-kultuur se waardes en gedrag ten opsigte van rou. Figuur 4.4 toon aan dat vier (40%) van die respondente van mening is dat die werker nie genoeg kennis van waardes in die Xhosa-kultuur tydens rou het nie en drie (30%) was onseker. Die ander drie (30%) het aangedui dat die werker wel genoeg kennis het. Dieselfde tendens kom voor ten opsigte van kulturele gedrag: vier (40%) het gevoel dat die werker nie genoeg kennis van kulturele gedrag het nie, drie (30%) was onseker. Die ander drie (30%) was van mening dat die werker wel genoeg kennis van kulturele gedrag tydens die rouproses het. Die wantroue in die maatskaplike werker se kennis van kulturele gedrag en waardes word weerspieël in die laaste kategorie. Figuur 4.4 dui aan dat agt (80%) van die respondente van mening is dat die maatskaplike werker nie sal weet wanneer sekere optredes van die werker disrespekvol teenoor die rouproses sal wees nie. Dit blyk dat die respondente van mening is dat maatskaplike werkers nie genoeg kennis van die Xhosa-kultuur se waardes en gedrag tydens rou het nie. Die gebrek aan kennis sal die maatskaplike werker se rol as etnies-sensitiewe rouberader strem.

'n Maatskaplike werker kan slegs etnies-sensitief optree indien hy/sy oor kennis van die kultuur beskik. Bopape (1995:266) wys daarop dat dit baie belangrik is om sosio-kulturele faktore in ag te neem wanner daar met 'n persoon in rou gewerk word. Die maatskaplike werker kan slegs die klient se sosio-kulturele faktore in ag neem indien die werker kennis dra van hierdie faktore. Etnies-sensitiewe rouberaad se basiese grondslag moet bestaan uit kennis van die klient se sosio-kulturele faktore. Die maatskaplike werker wat rouberaad dienste aan 'n Xhosa-sprekende persoon lewer het dus die verantwoordelikheid om kennis in te win rakende die waardes en gedrag tydens rou in die Xhosa kultuur. Devore & Schlesinger (1996:116-119) wys daarop dat die inligting ten opsigte van etnisiteit een van die belangrikste aspekte tydens assessering is. Die maatskaplike werker moet dus, voordat hy met rouberaad begin, die klient se kultuur in ag neem en bewus wees daarvan.

#### ***(e) Begrip van gebruike in die Xhosa-kultuur***

Die respondente moes aandui of daar sekere gebruike rondom rou in die Xhosa-kultuur is wat iemand van 'n ander kultuur nooit sal kan verstaan nie.




**Figuur 4.5 Eiesoortige gebruike rondom rou in die Xhosa-kultuur**

Figuur 4.5 dui daarop dat agt (80%) van die respondente wel van mening is dat die Xhosa-kultuur sekere gebruike rondom rou het wat 'n buitestaander nooit sal kan begryp nie. Een (10%) van die respondente het wel gevoel dat 'n buitestaander alle gebruike sal kan verstaan terwyl een (10%) onseker was.

Die agt (80%) wat ja en een (10%) wat onseker gemerk het, is gevra om aan te dui of hulle sou wou hê dat die maatskaplike werker wel die gebruike moet probeer verstaan.





**Figuur 4.6 Die werker se poging om Khosa-gebruikte te verstaan**


Figuur 4.6 toon aan dat agt (90%) van die respondente wel wil hê dat die maatskaplike werker die kulturele gebruike moet probeer verstaan.

Devore & Schlesinger (1996:116) se fokus op die impak van die etniese realiteit op die lewe van die kliënt kom weer eens na vore. Die maatskaplike werker wat die kliënt se etniese realiteit wil verstaan, moet die kliënt se kulturele gebruike eksploreer. Durst (1994:30) is van mening dat 'n maatskaplike werker wat die probleme van die kliënt toeskryf aan 'n "kultuurgaping" onvoldoende dienste lewer. Die maatskaplike werker kan nie onsensitief wees vir die impak wat die Xhosa-sprekende persoon se kultuur op sy or haar rouproses het nie. Daar moet in ag geneem word dat die etnisiteit van die Xhosa-sprekende persoon 'n realiteit is wat aan sy of haar rouproses sekere unieke eienskappe sal verleen. Dit is die maatskaplike werker se verantwoordelikheid om die unieke eienskappe van die Xhosa-sprekende se rouproses te probeer verstaan.

**(f) *Verlangde ondersteuning tydens routypperk***

Ten einde te bepaal watter ondersteuning die respondente verlang in 'n routypperk, is hulle gevra om aan te dui hoe die rol van die maatskaplike werker wat ondersteuning na 'n sterfte gee,

gesien word. Die respondente is vyf opsies gegee en kon meer as een opsie merk. Figuur 4.6 toon die aangeduide behoeftes.



**Figuur 4.7 Vorme van hulp verleen deur die maatskaplike werker**

Figuur 4.7 toon duidelik dat die respondente meer praktiese hulp verlang. Materiële en finansiële hulp is deur vyf (50%) van die respondente gemerk. Hulp met reëlins van die begrafnis sowel as emosionele ondersteuning van die familie word deur vier (40%) van die respondente verlang. Bopape (1995:265) bevestig hierdie data en verduidelik dat persone in rou somtyds meer praktiese hulp wil hê, byvoorbeeld finansiële hulp. Dit is die maatskaplike werker se plig om die behoeftes van die kliënt te bepaal.

### 4.3.3 Rouberaadmodelle


Daar bestaan drie modelle ten opsigte van rou: die fase-model, die mediese model en die take van die rou-model. Parkes (1998:21) meld dat hoewel elke model rou op 'n verskillende manier probeer verklaar, elkeen van hierdie modelle bruikbaar is. Daar is ondersoek ingestel na die

model wat die Xhosa-kultuur se rouproses die beste beskryf, sowel as na die fases en take wat die prominentste voorkom.

**(a) Modelle van die rouproses**

Die drie rouberaadmodelle is afsonderlik beskryf op grond van die ervaring van die rouproses. Die modelle is as volg beskryf:

- Mediese model: Dit is soos om siek te wees vir 'n rukkie waarna ek weer gesond en reg sal wees.
- Fase-model: Dit is 'n tyd wanneer ek deur sekere stadiums gaan en wanneer ek sekere gevoelens ervaar.
- Take-model: Dit is 'n tyd wanneer ek sekere take ten opsigte van rou moet afhandel voordat ek met my lewe kan voortgaan. Die respondente moes een van hierdie ervarings kies.



**Figuur 4.8 Ervaring van die rouproses**

Figuur 4.8 toon dat vyf (50%) van die respondente die ervaring wat die mediese model beskryf, gekies het. Die fasemodel se beskrywing is deur drie (30%) gekies en die takemodel deur twee


(20%). Die tendens wat waargeneem word, dui daarop dat Xhosa-sprekende persone se rouproses meestal deur middel van die mediese model beskryf kan word. Die mediese model is geformuleer deur George Engel (Parkes 1995:21). Hy het geredeneer dat rou gelyk is aan 'n siektetoestand waarvan die persoon moet herstel. Worden (1991:10) verduidelik dat Engel die proses van rou gelykstel aan die proses van heling, met ander woorde die Xhosa-sprekende persoon ervaar die rouproses as 'n kort intense tydperk waarna hy of sy "gesond" word en weer na normaal terugkeer. Dit blyk dat die Xhosa-sprekende persoon sy/haar rouproses ook gelykstel aan 'n proses van heling. Dit is vir die etnies-sensitiewe rouberader belangrik om sy/haar kliënt se ervaring van die rouproses te verstaan. Hierdie insig help met die beplanning van intervensie. Die maatskaplike werker sal dus intervensie rondom die Xhosa-sprekende persoon se siening van die rouproses beplan. Ruimte moet gelaat word vir die klient om intens te rou en die klient moet self kan aandui wanneer en hoe heling plaasvind en ervaar word. Indien die Xhosa-sprekende klient sou aandui dat hy or sy die rouproses deurgewerk het en dat dit verby is, moet die maatskaplike werker dit respekteer.

**(b) *Fases van die rouproses***

Die rouproses word in vier fases verdeel. Parkes (1995:21) beskryf hierdie vier fases as volg:

- 1) Skok en gevoelloosheid
- 2) Verlange en soekende gedrag
- 3) Disorganisering
- 4) Herorganisering

Die vier fases is aan die respondente voorgelê om te bepaal of hierdie fases wel in die rouproses van die Xhosa-kultuur voorkom en, indien wel, watter fases meer prominent as ander is.



**Figuur 4.9 Die fases in die rouproses**

Figuur 4.9 toon aan dat agt (80%) van die respondente vier van die gegewe fases ervaar het. Die vier-fase-model van Parkes en Bowlby (1998) is dus van toepassing op die Xhosa-sprekende persoon se proses van rou. Die afleiding kan gemaak word dat die Xhosa-sprekende persoon tydens sy rouproses deur die vier fases van die fase-model gaan. Die vier fases is skok en gevoeloosheid; verlange en soekende gedrag; disorganiserings en herorganiserings. Die maatskaplike werker moet die vier fases in ag neem wanneer rouberaad met die Xhosa-sprekende klient gedoen word. Die respondente het ook die geleentheid gehad om enige ander fase wat ervaar is neer te skryf. Daar is egter geen alternatiewe fases deur die respondente gegee nie.


**(c) Take van die rouproses**

Worden (1991:10) het vier take geformuleer wat hy as 'n belangrike deel van die rouproses beskou. Hy is van mening dat 'n persoon se rouproses slegs voltooi is indien hierdie vier take afgehandel is. Die vier take is:

- 1) Aanvaarding van die realiteit van die verlies.
- 2) Verwerking van die pyn en rou.

- 3) Aanpassing in 'n omgewing waaruit die oorlewende ontbreek.
- 4) Die agtergeblewene moet die oorledene emosioneel "bêre" en met sy/haar lewe voortgaan.

Die respondente is gevra om aan te dui watter van hierdie take hulle tydens hulle rouproses ervaar het.



**Figuur 4.10 Die take in die rouproses**

Figuur 4.10 toon aan dat agt (80%) van die respondente al die take van die rouproses ervaar het. Die afleiding wat gemaak kan word, dui daarop dat meeste Xhosa-sprekende kliënte se rouproses gerig sal word deur die vier take van Worden. Die vier take kan dus deel wees van etnies-sensitiewe rouberaadintervensie met die Xhosa-sprekende persoon.

**(d) Die Xhosa-sprekende persoon se persepsie van rou**

Die respondente is gevra om hulle ervaring van die rouproses te beskryf. Die respons van vier (40%) van die respondente het aangedui dat dit vir hulle 'n baie hartseer tyd was. Die ander ses (60%) van die respondente het uiteenlopende antwoorde verskaf. Van hierdie response was as volg:

- “dit was 'n normale tyd van rou”
- “dit was 'n tyd van woede”
- “dit was 'n tyd van skok en pyn, maar ek het die situasie na 'n rukkie aanvaar en weer aan die toekoms begin dink”
- “dit was 'n slegte tyd”

Die response reflekteer die Xhosa-sprekende kliënt se persepsie van sy rou tydperk. Die tendens wat waargeneem kan word, dui daarop dat elke Xhosa-sprekende kliënt 'n eie individuele persepsie het. Compton & Galaway (1999:236) beskou die kliënt as die ekspert van sy/haar situasie. Dit sluit die kulturele aspekte wat die situasie beïnvloed in. Etnies-sensitiewe rouberaad kan slegs gedoen word indien die maatskaplike werker na die kliënt luister. Die maatskaplike werker moet vasstel wat die spesifieke individu se persepsie van rou is omdat dit die kliënt se rouproses sal rig.

**4.3.4 Dood en rou in die Xhosa-kultuur**

Mulrain (1993:33) is van mening dat die manier waarop elke kultuur rou, eie is aan die spesifieke kultuur. Hierdie gedeelte van die studie fokus op die afsterwe, begrafnis en die spirituele in die rouproses van die Xhosa-sprekende groep. Die doel is om unieke eienskappe wat die Xhosa-kultuur ten opsigte van rou het, te openbaar.

**(a) Die afsterwe en die begrafnis**

Die gebruike van die Xhosa-sprekende groep met betrekking tot die sterfte van 'n individu en die gepaardgaande begrafnis word geëksploreer. Dit word gedoen aan die hand van oop vrae wat die respondente op die vraelyste moes antwoord.

**(i) Plek van voorkeur vir die afsterwe van 'n persoon**

Die respondente is gevra waar dit verkies word dat 'n persoon sterf. Hulle moes ook aandui hoekom die genoemde plek verkies word. Die meerderheid, naamlik ses (60%) van die respondente het aangedui dat hulle sou verkies dat 'n persoon in die hospitaal sterf, teenoor vier

(40%) wat die huis as die ideale opset beskou. Hierdie bevinding weerspreek die literatuur. Lewis (1999:8-9) is van mening dat 'n Xhosa-sprekende familie verkies om die sterwende persoon tuis te hê. Die respondente wat die hospitaal verkies het, het die volgende redes verskaf:

- “daar is beter hulp by die hospitaal”
- “dit is moeilik om iemand te sien sterf”
- “daar is meer hulp by die hospitaal”
- “die hospitaal kan die persoon beter help as wat ek kan”.

Die bostaande dui daarop dat die respondente van mening is dat daar meer hulp vir die sterwende persoon in die hospitaal as tuis is. Die afleiding kan gemaak word dat kliënte magteloos voel met 'n sterwende persoon tuis en dus hospitalisering verkies.

#### (ii) Rituele na die afsterwe van 'n persoon

Die respondente moes die rituele wat net na die afsterwe van 'n persoon plaasvind, verduidelik. Twee spesifieke aksies is deur al 10 (100%) van die respondente beskryf. Die oorledene se oë moet toegemaak word en die liggaam moet gewas word. Die respondente het ook aangedui dat dit die afgestorwene se familie is wat hierdie take moet uitvoer. Hierdie twee spesifieke rituele word nie in die literatuur genoem nie. Lewis (1999:8) noem wel dat die familie die sterwende moet omring. Die gevolgtrekking wat hieruit spruit, is dat die familie 'n belangrike rol speel in die versorging van die lyk.

#### (iii) Die oordra van die doodstyding en die tref van begrafnisreëlings

Die respondente moes aandui wie gekies word om die doodstyding oor te dra en hoekom. Al 10 (100%) van die respondente het geantwoord dat dit een van die “ouer persone” of “vaders” in die familie moet wees. In respons op hoekom dit spesifiek hierdie persoon moet wees, het vier (40%) van die respondente aangedui dat hulle hierdie gebruik maar net aangeleer het. Twee (20%) van die respondente het wel aangedui dat hierdie ouer persoon gekies word omdat hy die nodige respek teenoor die sterfte sal toon. Walaza (1995:4) se verduideliking dat die persoon wat die doodstyding moet oordra met sorg gekies moet word, omdat die tyding met respek oorgedra moet word, ondersteun die bostaande response.

Die respondente moes ook aandui wie die begrafnisreëlings moet tref. Die respondente het eenparig aangedui dat dit dieselfde persoon moet wees wat die doodstyding moet oordra. As rede het vyf (50%) van die respondente geskryf dat hulle dit aangeleer het uit die tradisie. Dit



blyk vanuit die bevindings dat die ouer lede of “vaders” van die familie ’n belangrike rol speel in die tyd van rou.

(iv) Spesifieke rituele voor die begrafnis

Die respondente moes spesifieke rituele wat voor die begrafnis plaasvind, beskryf. ’n Nagwaak is deur die 10 (100%) respondente beskryf. Ses (60%) van die respondente het dit beskryf as ’n aandebede wat gehou word die aand voor die begrafnis terwyl vier (40%) dit as deurnaggebede voor die begrafnis beskryf het. Die toepassing van die nagwaak blyk te verskil van familie tot familie. Walaza (1995:4) bevestig die bevindinge met ’n soortgelyke beskrywing van die nagwaakritueel. Die respondente se redes vir die nagwaak was as volg:

- “dit is daar sodat almal die oorlede kan groet, veral die familie”
- “dit dien as ondersteuning vir die familie”
- “dit word gedoen sodat almal wat die oorledene liefgehad het, kan groet en om die familie te ondersteun.”

Dit blyk dat die nagwaak dien as ’n finale afskeidseremonie en as ondersteuningsbron vir die familie.

(v) Veranderende tradisies rondom die begrafnis

Die respondente moes aandui of begrafnisse minder tradisioneel geword het. Indien wel, moes hulle sê watter tradisies nog bygehou word. Nege (90%) van die respondente is van mening dat begrafnisse wel minder tradisioneel geword het. Walaza (1995:5) verduidelik dat tradisioneel geen kis gebruik is nie. ’n Bees is geslag en die oorledene is in die beesvel begrawe. Die beskrywing van Walaza word deur die respondente weerspreek. ’n Eenparige verduideliking deur nege (90%) van die respondente meld dat tradisioneel is die oorledene in sy/haar kombes toegedraai en die dag na afsterwe begrawe. Die respondente het verduidelik dat die gebruik vervang is deur ’n kis en seremonie wat albei baie geld kos. Die tradisionele begrafnis is vervang deur meer westerse gebruike. Walaza (1995:5) ondersteun die tendens en meld dat in die hedendaagse Xhosa-kultuur word die oorledene in ’n kis begrawe.


Op die vraag van watter tradisies wel behou is, het ses (60%) van die respondente aangedui dat ’n tradisie wat nog behou word, is dat die familie die oorledene se oë toemaak. Dit blyk vanuit die respondente se antwoorde dat die Xhosa-tradisies rondom die begrafnis besig is om verlore te gaan. Die begrafnis vind nou op ’n westerse wyse plaas; tradisionele gebruike is vervang deur westerse gebruike.

**(b) Die spirituele aspek van die dood en rou in die Xhosa-kultuur**

Die geloofsoortuigings en spirituele gebruike van die Xhosa-sprekende groep word geëksploreer.

**(i) Die rol van 'n geestelike leier**

Die respondente moes aandui watter geestelike leier die grootste rol speel tydens 'n sterfte.



**Figuur 4.11: Verkieste geestelike leier**

Figuur 4.11 toon dat 10 (100%) van die respondente aandui dat 'n dominee/pastoor/rabbi die grootste rol speel tydens 'n sterfte. Dit blyk dat 'n tradisionele leier/heler geen rol te speel het nie. Die bevindinge dui daarop dat die respondente 'n geloof aanhang waarvan die geestelike leier se ondersteuning belangriker as die tradisionele leier sin is. Die bevindinge dat geestelike leiers die grootste rol tydens rou speel dui op die vervaging van Xhosa-tradisie. Geestelike leiers van gelowe soos die Christendom en Islam is nie tradisioneel deel van die Xhosa kultuur nie. Walaza (1995:4) verduidelik dat die tradisionele heler wel 'n rol speel, indien die

oorledene se lyk nie beskikbaar is vir 'n begrafnis nie. Die heler gee vir die familie 'n droom dat die oorledene wel veilig by die voorvadergeeste is.

(ii) Die besluit oor lewe en dood

Die respondente moes die opperwese wat volgens hulle oor lewe en dood besluit, noem. Die rede vir so 'n besluit moes ook gegee word. Al tien (100%) van die respondente het aangedui dat dit God is wat die besluit oor lewe en dood neem. Agt (80%) van die respondente het gesê dat God besluit om iemand te laat sterf sodat die persoon verlos word van pyn. Die data dui daarop dat die respondente van mening is dat 'n opperwese oor die lewe en dood besluit. Die bevindinge word ondersteun deur Soga (1931:317) wat verduidelik dat die Xhosa-sprekende persoon die dood as die ingryping van 'n opperwese beskou.

(iii) Die rol van voorvadergeeste

Daar is gevra watter rol die voorvadergeeste tydens die dood en begrafnis speel. Slegs drie (30%) van die respondente kon 'n antwoord gee. Die antwoorde is as volg:

- “hulle help God met die dood”
- hy/sy roep jou omdat hulle wil hê dat jy by hulle moet bly”
- “hulle ontvang die dooie”.

Die ander agt (80%) van die respondente het geen antwoord op die vrae gehad nie. Die literatuur maak geen melding van hierdie tendens nie. Die afleiding wat gemaak word is dat die aanvaarding van ander gelowe, bv. Christenskap/Islam, die rol van voorvadergeeste laat kwyn het.

(iv) Die oorledene se ewigheidsbestemming

Die respondente is gevra waarheen glo hulle vertrek die oorledene se gees. Agt (80%) van die respondente is van mening dat die gees na God toe gaan. Die ander twee (20%) respondente het aangedui dat die gees hemel toe gaan. Die respons dui daarop dat die respondente glo dat die gees voortleef na 'n persoon se afsterwe. Soga (1931:317) ondersteun die bevinding en meld dat dood vir die Xhosa nie 'n afsnypunt beteken nie. Die siel van die persoon leef voort.

Verdere eksplorاسie is gebruik om vas te stel of die respondente glo dat hulle kontak met die oorledene se siel kan behou en indien wel, hoe. Ses (60%) van die respondente het aangedui dat hulle nie glo dat hulle kontak met die oorledene se siel kan behou nie. Die ander vier (40%) van

die respondente wat wel glo dat hulle kontak met die oorledene kan behou, het die volgende wyses verskaf waarop hulle glo kontak behou word:

- “ek glo dat die oorledene se gees rondom my is”
- “die gees van die dooie kom soms in die nag; ’n ritueel kan ook gehou word om kontak met die gees te maak”
- “die gees van die dooie kom soms in die nag; ’n ritueel kan ook gehou word om kontak met die gees te maak;
- “die dooie roep jou soms na ’n rivier”
- “ek hou kontak deur middel van my drome”.

Die response van die vier (40%) respondente word bevestig deur Soga (1931:317). Hy verduidelik dat in die Xhosa-kultuur het die siel van ’n oorledene direkte kontak met die wat nog leef. Die bostaande bevindinge dui daarop dat die spirituele ’n belangrike rol speel in die Xhosa-kultuur. Die spirituele moet gevolglik in ag geneem word wanneer rouberaad gelewer word.

#### **4.3.5 Die faktore wat die rouproses van die Xhosa-sprekende persoon beïnvloed**

Cook & Oltjenbruns (1998:102) is van mening dat daar sekere faktore is wat ’n persoon se rouproses sal beïnvloed. Die faktore sal die verloop, duur en intensiteit van die rouproses bepaal. Elke kultuur het faktore wat eie is aan die spesifieke kultuur. Dié gedeelte van die navorsing fokus op die gedragsreëls en ondersteuningstelsels binne die Xhosa-kultuur. Die impak wat hierdie faktore op die Xhosa-sprekende persoon se manier van rou het, word ondersoek.

##### **(a) *Gedragsreëls wat ’n rol speel in die rouproses van die Xhosa-sprekende persoon***

Die respondente moes aandui of daar enige spesifieke reëls is wat die rouprosesse van mans, vroue, kinders en bejaardes sal beïnvloed.

##### **(i) Take en optredes wat onderskeidelik van mans en vroue tydens rou verwag word**

Nege (90%) van die respondente het gemeld dat dit die taak van die mans is om die nuus van die dood te versprei en die begrafnisreëlings te tref. Die ander een (10%) respondent het nie ’n antwoord verskaf nie. Die afleiding kan gemaak word dat hierdie twee take eksklusief vir mans

gereserveer word. Die respondente moes verder aandui watter take en optredes verwag word van die vrou. 'n Optrede wat deur al 10 (100%) van die respondente genoem is, is dat die vrou openlik moet rou. Ses (60%) van die respondente het ook aangedui dat die vrou spesiale rouklere moet dra. Dit wil voorkom asof die vrou 'n meer passiewe rol in die tydperk van rou speel. Die man het take om te verrig terwyl die vrou slegs oor die sterfte moet rou.

Die respondente is verder gevra om aan te dui watter take en optredes nie deur mans en vroue afsonderlik gedoen mag word nie. Al tien (100%) van die respondente het aangedui dat daar nie iets spesifiek is wat mans nie mag doen nie. Op navraag of daar sekere take/gedrag is wat vroue nie mag doen nie, het 8 (80%) van die respondente genoem dat vroue tydens rou tuis moet bly en nie mag besoeke aflê nie. Die ander twee (20%) respondente was onseker oor die antwoord op hierdie vraag. Die bevindinge word bevestig deur Walaza (1995:4) wat meld dat vroue in die Xhosa-kultuur in die rou tydperk tradisioneel nie toegelaat word om sekere plekke te besoek nie.

In die lig van hierdie genoemde take en optredes vir mans en vroue is die respondente gevra of daar vaste reëls is vir die optrede van mans en vroue tydens rou. Die 10 (100%) respondente het eenparig aangedui dat die take en gedragsreëls wat hulle in vorige antwoorde beskryf het, vaste reëls is vir die optrede van mans en vroue tydens rou. Die afleiding wat gemaak kan word, is dat daar spesifieke faktore is, naamlik take en gedragsreëls, wat die rouproses van mans en vroue afsonderlik beïnvloed.

#### (ii) Die optrede van 'n familie tydens die rouproses

Die respondente is gevra om aan te dui watter optrede daar van 'n familie verwag word tydens die rouproses. Die respons wat deur agt (80%) van die respondente gegee is, het aangedui dat die familie openlik moet rou en respek moet betoon aan die afgestorwene. Die ander twee (20%) van die respondente het aangedui dat die familie moet rou. Dit blyk vanuit hierdie response dat die Xhosa-kultuur baie waarde heg aan die rouproses en dat dit weerspieël word deur die eerbiedige optrede van 'n familie. Walaza (1995:4) bevestig hierdie bevindinge en verduidelik die familiesamekoms en rouproses.

#### (iii) Kinders en die rouproses

Die navorser wou bepaal wanneer kinders by die rouproses betrek word en of daar sekere gedragsvoorskrifte bestaan waarvolgens 'n kind in 'n tyd van rou moet optree. Die respondente het geen spesifieke ouderdom genoem wat 'n kind moet bereik voordat hy/sy by die rouproses betrek kan word nie. Agt (80%) van die respondente het aangedui dat kinders op enige

ouderdom by die proses betrek kan word. Die ander twee (20%) respondente het afsonderlik aangedui dat kinders op die ouderdomme van  $\pm$  9 en 12 jaar betrek word. Die rede wat hiervoor verstrekk is, is dat die kinders eers op hierdie ouderdomme eers werklik begin verstaan.

Die respondente moes ook aandui of daar sekere spesifieke gedrag is wat 'n kind moet toon in 'n tydperk van rou. Die meerderheid van die respondente, agt (80%) het aangedui dat daar slegs van kinders verwag word om respek te betoon. Die ander twee (20%) respondente het aangedui dat daar van kinders verwag word om tydens die rouproses hulle hare kort te sny.

Vanuit die bostaande data kan afgelei word dat kinders deel vorm van die rouproses in die Xhosa-kultuur. Walaza (1995:5) ondersteun die data en verduidelik dat kinders deel is van die weeklange begrafnisseremonie.

(iv) Bejaardes en die rouproses

Die respondente moes aandui of bejaarde persone in 'n gemeenskap 'n belangrike rol in die rouproses speel. Die 10 (100%) respondente het eenparig aangedui dat bejaarde persone 'n baie belangrike rol speel in die rouproses. Walaza (1995:4) ondersteun die data en verduidelik dat dit die bejaarde persone van die gemeenskap se taak is om die familie te ondersteun in 'n tyd van rou. Daar kan afgelei word dat bejaarde persone 'n baie belangrike rol speel in 'n familie se rouproses. Indien hierdie persone uitgestuur word wanneer rouberaad gelewer word, sal die proses nie normaal kan verloop nie.

(v) Die invloed wat die manier van sterf op die rouproses het

Daar is aan die respondente gevra of die manier waarop 'n persoon sterf die begrafnis of rouproses beïnvloed. Die antwoord wat deur 10 (100%) respondente verskaf is, was 'n bondige Nee. Die bevindinge kan op twee tendense dui. Die wyse waarop 'n persoon sterf, beïnvloed werklik nie die rouproses nie, of die respondente voel nie gemaklik om hierdie vraag eerlik te beantwoord nie.

(b) *Ondersteuningstelsels wat 'n rol speel in die rouproses van die Xhosa-sprekende persoon*

Daar is verskeie algemene faktore wat 'n invloed op die verloop van die rouproses kan hê. Een van die belangrikste is die beskikbaarheid van ondersteuning van familie, vriende en die gemeenskap (Vachon & Stylianos 1978:176). Die respondente moes aandui wie ondersteuning in 'n tyd van rou bied en watter tipe ondersteuning gebied word. Die data is belangrik sodat die


maatskaplike werker sal weet watter tipe ondersteuningstelsels vir die Xosa-sprekende kliënt in rou beskikbaar is.

(i) Primêre bron van ondersteuning

Die respondente moes een primêre bron aandui wat ondersteuning in die rouydperk gebied het. Twee opsies wat as primêre ondersteuningsbronne gesien word, is aan die respondente gegee, naamlik familie of vriende. Die primêre bron wat deur al 10 (100%) die respondente gekies is, is die familie. Hierdie bevindinge stem ooreen met Walaza (1995:4) se mening dat die familie 'n noodsaaklike raamwerk van hulp skep. Die afleiding wat gemaak word, dui daarop dat familie die primêre ondersteuningsbron van die Xhosa-sprekende persoon in rou is. Sowers-Hoag & Sandau-Beckler (1996:39) wys ook daarop dat die maatskaplike werker die familie as primêre ondersteuningsbron moet respekteer. Die rouberader moet hierdie bron gebruik as deel van die rouberaad dienste.

(ii) Die tipe ondersteuning wat ontvang is van die familie

Die doel van hierdie vraag was om vas te stel watter tipe ondersteuning die familie binne die Xhosa-kultuur aan 'n persoon in rou bied. Drie ondersteuningsopsies is aan die respondente voorgelê. Meer as een kon gemerk word.




**Figuur 4.12** Tipes ondersteuning ontvang van die familie

Figuur 4.12 toon dat nege (90%) van die respondente aangedui het dat die familie gehelp het met finansiële ondersteuning. Emosionele en praktiese ondersteuning is deur ses (60%) van die respondente gemerk. Daar is geen literatuur wat hierdie bevindinge ondersteun nie. Die navorser wil egter bepaal watter ondersteuning van 'n Xhosa-familie verwag kan word in 'n tyd van rou. Die bevindinge dui daarop dat die familie primêr finansiële hulp sal bied en sekondêr emosionele en praktiese hulp.

(iii) Die tipe ondersteuning wat van vriende ontvang is

Die vraag sluit aan by die bostaande vraag. Die navorser wou bepaal of die tipe hulp wat vriende in 'n tyd van rou bied, verskil van die tipe hulp wat die familie bied. Die drie kategorieë is weer eens aan die respondente gegee en meer as een kon gekies word.



**Figuur 4.13 Tipes ondersteuning van vriende ontvang**

Figuur 4.13 toon aan dat tien (100%) van die respondente praktiese hulp van hul vriende ontvang het. Vier (40%) het aangetoon dat vriende emosionele ondersteuning verleen het. Geen finansiële ondersteuning is van vriende ontvang nie. Die bevindinge dui daarop dat in die Xhosa-kultuur vriende aan 'n persoon in rou hoofsaaklik praktiese hulp verleen, byvoorbeeld om te help met die voorbereiding van die ete vir die begrafnis.



(iv) Vorme van verlies wat beskou word as verbode gespreksonderwerpe

Parkes (1996:134) beskou die vorme van verlies wat verbode gespreksonderwerpe is as nie-erkende verliese. Daar kleef 'n stigma aan hierdie tipe vorm van verlies. Dit word vermy in gesprekke. Die ondersteuning wat gebied word na hierdie vorme van verlies is ook gebrekkig omdat niemand dit wil erken nie. Slegs een (10%) respondent het 'n antwoord op hierdie vraag verskaf. Die ander nege (90%) het Nee geantwoord. Die respondent wat die vraag beantwoord het, het aangedui dat 'n verlies as gevolg van die MIV/VIGS-virus nie erken word nie. Die rede hiervoor is die groot hoeveelheid skaamte wat aan 'n assosiasie met die virus kleef. Die afleiding wat gemaak kan word, is dat slegs een respondent braaf genoeg was om 'n antwoord te wag. Die res het gehou by die ongeskrewe reëls van die verswyging van hierdie nie-erkende verlies.

**4.3.6 Normale en gekompliseerde rou in die Xhosa-kultuur**

Corr, Nabe & Corr (1993:171) waarsku dat elke kultuur unieke eienskappe tydens die rouproses toon. Hierdie afdeling fokus op die eienskappe van normale en gekompliseerde rou in die Xhosa-kultuur.

(a) *Normale rou*

Navorsers wys daarop dat rou 'n komplekse en veranderende proses is (Jacobs, Kosten, Kasie, Ostfield, Berkman & Charpentier 1987:41-52). Hoewel die proses van elke individu uniek is, sal dit deur sy etnisiteit beïnvloed word. Die navorser poog om die Xhosa-sprekende kliënt se normale rouproses te beskryf.

(i) Manifestasies van normale rou in die Xhosa-kultuur

Cook & Oltjenbrun (1998:94-98) bespreek die aard van normale rou in drie kategorieë van manifestasies: somatiese, intrapsigiese en gedragsmanifestasies. 'n Lys van die manifestasies in elkeen van hierdie kategorieë is aan die respondente getoon. Die respondente moes die manifestasies wat hulle tydens hulle rouproses ervaar het, merk. Die doel was om vas te stel watter manifestasies verwag kan word in 'n Xhosa-sprekende kliënt se rouproses. Indien 'n manifestasie deur ses (60%) en meer respondente gemerk is, word die manifestasie se voorkoms as algemeen beskou. Die response word in drie afsonderlike tabelle weergegee, in die eerste tabel word gefokus op somatiese manifestasies, die tweede tabel intrapsigiese manifestasies en die derde op gedragsmanifestasies.

Tabel 4.1 bevat die somatiese manifestasies wat 'n persoon in die rouproses mag ervaar.

**Tabel 4.1 Somatiese manifestasies van rou (N=10)**

<b>Kortasem</b>	7 (70%)
<b>Keel wat toetrek</b>	5 (50%)
<b>Versteurde slaappatrone</b>	10 (10%)
<b>Moegheid</b>	9 (90%)
<b>Verlies aan energie</b>	9 (90%)
<b>Verandering in eetlus</b>	9 (90%)
<b>Kopseer</b>	10 (100%)
<b>Fisiese / gesondheidsprobleme</b>	9 (90%)

Tabel 4.1 dui aan dat ses (60%) en meer van die respondente die volgende somatiese manifestasies gemerk het:

- kortasem
- versteurde slaappatrone
- moegheid
- verlies aan energie
- verandering in eetlus
- kopseer
- fisiese / gesondheidsprobleme

Die bevindinge dui daarop dat die somatiese manifestasies wat uitgelig is meestal deur 'n Xhosa-sprekende persoon tydens die rouproses ervaar mag word.

Tabel 4.2 bevat die intrapsigiese manifestasies wat 'n persoon tydens die rouproses mag ervaar.

**Tabel 4.2 Intrapsigiese manifestasies van rou**

<b>Skok</b>	9 (90%)
<b>Emosionele gevoelloosheid</b>	9 (90%)
<b>Hartseer</b>	10 (100%)
<b>Woede</b>	5 (50%)
<b>Angs</b>	6 (60%)
<b>Depressie</b>	9 (90%)
<b>Àpatie</b>	8 (80%)
<b>Hulpeloosheid</b>	10 (100%)
<b>Hopeloosheid</b>	10 (100%)
<b>Skuld</b>	5 (50%)
<b>Waardeloosheid</b>	6 (60%)
<b>Disoriëntasie</b>	7 (70%)
<b>Verlaagde konsentrasie</b>	10 (100%)
<b>Hallusinasie</b>	6 (60%)

Tabel 4.2 dui aan dat ses (60%) en meer van die respondente die volgende intrapsigiese manifestasies ervaar het:

➤ skok

- emosionele gevoelloosheid
- hartseer
- angs
- depressie
- apatie
- hulpeloosheid
- hopeloosheid
- waardeloosheid
- disoriëntasie
- verlaagde konsentrasie
- hallusinasie

Die afleiding kan gemaak word dat die intrapsigiese manifestasies wat uitgelig is sal voorkom tydens die rouproses van 'n Xhosa-sprekende persoon.

Tabel 4.3 bevat die gedragsmanifestasies wat tydens 'n persoon se rouproses mag voorkom.

**Tabel 4.3 Gedragsmanifestasies van rou**

<b>Huil</b>	8 (80%)
<b>Onttrekking</b>	7 (70%)
<b>Oorafhanklik</b>	6 (60%)
<b>Verlies van belange in dagtake</b>	8 (80%)
<b>Rusteloosheid</b>	8 (80%)
<b>Vyandige uitbarstings</b>	5 (50%)

Tabel 4.3 dui aan dat ses (60%) en meer van die respondente die volgende gedragsmanifestasies ervaar het:


- huil
- onttrekking
- oorafhanklikheid

- verlies van belange in dagtake
- lusteloosheid

Die afleiding wat vanuit die bostaande tabelle gemaak kan word, is as volg: Die manifestasies wat by elkeen van die drie tabelle uitgelig is, kan beskou word as manifestasies wat kan voorkom in die rouproses van 'n Xhosa-sprekende kliënt. Die maatskaplike werker wat rouberaad aan 'n Xhosa-sprekende werker lewer, kan die uitgeligte gedrags-, somatiese en intrapsigiese manifestasies in die kliënt se rouproses te wagte wees.


(ii) Bystand met die verwerking van normale rou

Die respondente moes aandui of hulle hulp nodig gehad het om die manifestasies, soos bespreek, van hulle rou te verwerk. Indien hulle hulp benodig het, moes hulle aandui wie hulp verleen het.



**Fig. 4.14** Behoefte aan ondersteuning tydens die rouproses

Figuur 4.14 toon aan dat tien (100%) van die respondente wel hulp benodig het om die manifestasies te verwerk. Daar kan afgelei word dat Xhosa-sprekende persone in rou 'n behoefte het aan ondersteuning tydens die rouproses. Figuur 4.15 toon die bronne van ondersteuning wat deur Xhosa-sprekende persone verkies word aan.



**Figuur 4.15 Ondersteuningsstelsels waarvan gebruik gemaak is tydens rou**

Figuur 4.15 toon aan dat die familie, gemerk deur ses (60%) respondente weer, eens die primêre bron van ondersteuning was. Die kerk, gemerk deur vyf (50%) respondente was die ander hoofbron van ondersteuning. Die data dui daarop dat die Xhosa-sprekende persoon wel hulp benodig met die verwerking van sy rouproses. Hulp word egter primêr vanaf die familie ontvang. Die maatskaplike werker as bron van hulp is slegs deur twee (20%) van die respondente gemerk. Die werker word dus nie as 'n belangrike ondersteuningsbron gesien nie. Tshabalala (1992:75) ondersteun die bevindinge met sy verduideliking dat Ubuntu eie is aan die Afrika-kultuur. Ubuntu vereis dat die gemeenskap eerder vir mekaar sorg as om eksterne hulp te verkry.

**(b) Gekompliseerde rou in die Xhosa-kuktuur**

Die navorser wou vasstel wanneer die Xhosa-kultuur 'n persoon se rouproses as gekompliseerd of abnormaal ervaar. Horowitz et al. (1980:1157) definieer gekompliseerde rou as volg: Dit is rou wat tot op die vlak beweeg het waar die persoon in rou oorweldig word, wanaangepaste gedrag toon en in die proses van rou bly sonder om daardeur te beweeg. Die respondente moes beskryf wanneer 'n persoon se rou nie meer as normaal beskou word nie en hoekom. Die tipes abnormale gedrag en oorsake gekoppel aan abnormale rou moes ook beskryf word. Die respondente kon geeneen van hierdie vrae beantwoord nie. Al tien (100%) van die respondente het aangedui dat hulle nie die konsep van abnormale rou verstaan nie. Die respondente het ook aangedui dat afwykende gedrag met betrekking tot rou nog nie deur hulle gewaar is nie. Die afleiding wat vanuit die respondente se reaksie gemaak kan word, is dat gekompliseerde rou glad nie of 'n baie klein mate, in die Xhosa-kultuur ervaar word.

**4.4 SAMEVATTING**

Die bevindinge in hierdie hoofstuk reflekteer 'n wye spektrum van unieke eienskappe in die Xhosa-kultuur se rouproses. Data word verskaf oor met die behoeftes waaraan etnies-sensitiewe rouberaad moet voldoen. Meeste van die bevindinge stem ooreen met die literatuur wat in Hoofstuk 2 en 3 bespreek is, hoewel 'n klein aantal teenstrydighede uitgelig is.

Die inligting op grond van hierdie hoofstuk verkry is, sal as rigtingwyser kan dien. Maatskaplike werkers wat etnies-sensitiewe rouberaad met 'n Xhosa-sprekende persoon wil doen, kan die data met groot vrug gebruik. Dit verleen insig in die behoeftes en gebruike van die Xhosa-kultuur ten opsigte van rouberaad.

## HOOFSTUK 5

### GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

#### 5.1 INLEIDING

Die doel van hierdie studie is om maatskaplikewerk-riglyne vir etnies-sensitiewe rouberaad daar te stel. Hierdie doel is bereik aangesien die rol van die maatskaplike werker as etnies-sensitiewe rouberader en die behoeftes, gebruike, rituele en geloofsoortuiging van die Xhosa-sprekende groep na aanleiding van die literatuur en empiriese ondersoek bepaal is. Gevolgtrekkings word gevolglik gemaak en dien as basis vir aanbevelings oor die verdere ontwikkeling en verfyning van etnies-sensitiewe rouberaad.

#### 5.2 GEVOLGTREKKINGS

Die gevolgtrekkings wat gemaak word, is verdeel in vyf dele, naamlik:

- die rol van die maatskaplike werker as etnies-sensitiewe rouberader;
- rouberaadmodelle;
- dood en rou in die Xhosa-kultuur;
- faktore wat rou beïnvloed in die Xhosa-kultuur; en
- normale en gekompliseerde rou.

##### 5.2.1 Die rol van die maatskaplike werker as etnies-sensitiewe rouberader

'n Maatskaplike werker is wel daartoe in staat om etnies-sensitiewe rouberaad te lewer aan 'n Xhosa-sprekende kliënt. Die maatskaplike werker benodig egter 'n deeglike kennisbasis van die Xhosa-kultuur. Die werker sal daadwerklik hom-/haarself vertrou moet maak met die waardes en gedrag ten opsigte van rou in die Xhosa-kultuur. Die maatskaplike werker kan slegs etnies-sensitiewe rouberaad lewer indien hy/sy kennis het van die Xhosa-kultuur se gebruik en rituele ten opsigte van rou.

Die maatskaplike werker moet ook daarmee verlief neem dat hy/sy nooit al die Xhosa-gebruike rondom rou sal kan verstaan nie. Dit moet egter nie die werker ontmoedig om dit te probeer verstaan nie. Indien die werker aandui dat hy die gebruike wil verstaan, toon hy belangstelling in die Xhosa-sprekende kliënt se kultuur. Dit sal die kliënt se houding teenoor die werker verbeter en dienslewering sal meer suksesvol wees.



Laastens moet die maatskaplike werker wat etnies-sensitiewe rouberaad met 'n Xhosa-sprekende kliënt doen, die behoeftes van die kliënt baie deeglik assessee. Die Xhosa-sprekende kliënt in rou verlang meestal materiële en praktiese hulp. Die etnies-sensitiewe maatskaplike werker moet bereid wees om aandag te gee aan die kliënt se aangetoonde behoefte. Die werker moet nie met 'n vooropgestelde idee, van wat die kliënt se behoefte is, gaan nie.

### **5.2.2 Rouberaadmodelle**

Die Xhosa-sprekende persoon in rou beskryf sy/haar rouproses die beste met behulp van die mediese model. Die gevolgtrekking wat gemaak word, is dat die Xhosa-sprekende persoon sy/haar rouproses sien as 'n relatiewe kort tydperk waartydens intens gerou word. Wanneer hierdie tydperk verby is, gaan die lewe voort. Rou is dus vir die Xhosa-sprekende persoon 'n tydelike emosionele disekwilibrium waarna heling plaasvind. Hoewel die mediese model 'n goeie verklaring van die rouproses blyk te wees, ervaar die Xhosa-sprekende persoon al die fases en take wat in die westerse fase-model en take-model beskryf word.

Bostaande dui daarop dat die Xhosa-sprekende kliënt se rouproses nie verskil van die westerse rouproses ten opsigte van fases en take wat deurgewerk en afgehandel moet word nie. Die Xhosa-kultuur se siening van rou as 'n kort intense ervaring waarna die lewe weer voortgaan, verskil van die westerse siening dat rou 'n langdurige en aanhoudende proses is. Die Xhosa-kultuur beskou rou as iets wat wel 'n plek gegun moet word, maar nadat onverdeelde aandag daaraan gegee is, is die proses afgehandel.

### **5.2.3 Dood en rou in die Xhosa-kultuur**

Die siening van dood en rou in die Xhosa-kultuur is 'n vermenging van tradisionele Xhosa-gebruike en waardes en westerse invloede. In teenstryd met tradisie verkies die Xhosa-sprekende persoon dat 'n persoon in die hospitaal eerder as tuis moet sterf. Die Xhosa-sprekende persoon wil nie meer die verantwoordelikheid aanvaar vir die fasilitering van die sterwensproses nie. Hoewel daar verkies word dat 'n persoon in die hospitaal sterf, wil die familie nog self verantwoordelik wees vir die versorging van die lyk. Die gevolgtrekking wat gemaak word, is dat hoewel die Xhosa-sprekende persoon van 'n westerse instansie gebruik maak, word sekere tradisionele gebruike nie verloor nie.

Die hedendaagse begrafnisrituele in die Xhosa-kultuur word ook gekenmerk deur 'n vermenging van tradisionele en westerse gebruike. Spesifieke voorskrifte bestaan wat bepaal wie die doodstyding moet oordra en die begrafnis moet reël. 'n Nagwaak wat 'n ou tradisie is, word ook

nog voor 'n begrafnis gehou. Die teraardebestelling word egter gekenmerk deur 'n westerse kis en seremonie wat vir die familie baie geld kos. Baie families sukkel vandag om die koste van 'n begrafnis by te bring en is van mening dat ou tradisionele begrafnisse waar die oorledene in sy/haar kombes begrawe is, beter was. Die gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat die invloed van 'n westerse manier van teraardebestelling vir die Xhosa-sprekende familie 'n finansiele las skep.

Die invloed van westerse gelowe soos die Christendom word ook duidelik waargeneem wanneer die Xhosa-sprekende persoon se spirituele aspek van die dood ontleed word. Die Xhosa-sprekende persoon se fokus het verskuif vanaf sy tradisionele geloof in voorvadergeeste na meer Christelike opvattinge ten opsigte van die dood. 'n Dominee, pastoor of rabbi word as die belangrikste geestelike leier tydens die sterwensproses gesien. Baie Xhosa-sprekende persone is ook nie meer van mening dat hulle met die voorvadergeeste kan kommunikeer nie. Die gevolgtrekking vanuit die bostaande dui daarop dat die Xhosa-sprekende persoon se spirituele ervaring van die dood vandag meer gerig word deur westerse invloede as tradisionele opvattinge en geloofsoortuigings.

#### **5.2.4 Die faktore wat die rouproses van die Xhosa-sprekende persoon beïnvloed**

Die optredes van 'n Xhosa-sprekende persoon tydens rou word nog deur streng voorskrifte bepaal. Vroue word veral onderwerp aan voorskrifte en moet dit getrou nakom. 'n Duidelike klem val ook op die feit dat al die persone in die familie, jonk en oud, tydens die rouproses respek moet betoon. Indien gedragsvoorskrifte geïgnoreer word, word die persoon se optrede as disrespekvol teenoor die rouproses ervaar. Bejaarde lede van 'n familie speel ook 'n belangrike rol in die rouproses. Die lede dien as 'n belangrike ondersteuningstelsel. Kinders speel ook 'n rol in die rouproses en sal nie uitgesluit word nie. Dit is egter belangrik dat die kinders respek sal toon.

Die gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat streng gedragskodes die rouproses van die Xhosa-kultuur beïnvloed. Indien hierdie gedragskodes nie gerespekteer word nie, word die rouproses geminag.

Die Xhosa-sprekende groep se ondersteuningstelsels het ook 'n duidelike invloed op die rouproses. Die familie dien as 'n primêre bron van ondersteuning vir 'n persoon in rou. Die familie lewer finansiële, praktiese en emosionele ondersteuning. Vriende dien ook as 'n bron van ondersteuning, maar lewer meestal praktiese ondersteuning. Hulle help byvoorbeeld om

kos te maak. Bostaande dui daarop dat die Xhosa-sprekende persoon se familie die belangrikste bron van ondersteuning is in 'n tyd van rou.

Nie-erkende verliese het ook 'n impak op die rouproses van die Xhosa-sprekende persoon. Sekere sterftes, byvoorbeeld 'n VIGS-sterfte, word nie bespreek in die Xhosa-kultuur nie. Daar kleef 'n negatiewe stigma aan hierdie manier van sterf. Dit bring mee dat die familie van 'n persoon wat aan VIGS gesterf het, nie openlik daarvoor kan praat nie. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat indien die familie nie kan praat oor die sterfte nie, hulle nie die nodige ondersteuning om die impak van 'n VIGS-dood te verwerk, kan kry nie.

Daar is dus drie faktore wat die Xhosa-sprekende persoon se rouproses beïnvloed, naamlik gedragskodes, ondersteuningstelsels en nie-erkende verliese.

### **5.2.5 Normale en gekompliseerde rou in die Xhosa-kultuur**

Die wyse waarop normale rou in die Xhosa-kultuur manifesteer, is gelykstaande aan die manifestering van rou in die westerse samelewing. Die Xhosa-sprekende persoon beleef dieselfde gedrags-, intrapsigiese en somatiese manifestasies as 'n westerse persoon in rou. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die aard van 'n Xhosa-sprekende persoon se rou dieselfde is as die aard van normale westerse rou.

Gekompliseerde rou kom skynbaar nie in die Xhosa-kultuur voor nie. Die term van afwykende rougedrag bestaan nie en die Xhosa-sprekende persoon verstaan nie die prinsiep van 'n rouproses wat nie afgehandel word nie. Die gevolgtrekking wat gemaak kan word, dui daarop dat die rouproses in die Xhosa-kultuur van so aard is dat gekompliseerde rou uitgeskakel word. Dit kan toegeskryf word aan 'n rouproses waar 'n sekere tydperk aan intense rou afgestaan word. Die familie lewer goeie ondersteuning en fases en take in die rouproses word afgehandel. Die rouproses word dus nie vermy nie, maar aangevat en afgehandel. Dit laat nie ruimte vir die ontstaan van gekompliseerde rou nie.

## **5.3 AANBEVELINGS**

In die lig van die gevolgtrekkings kan die volgende aanbevelings gemaak word:

### **5.3.1 Etnies-sensitiewe rouberaad dienste vir Xhosa-sprekende kliënte**

Daar word aanbeveel dat maatskaplike werkers deeglike kennis van hulle eie houdings, waardes en sienswyses ten opsigte van hul eie etnisiteit en rou moet hê. Die maatskaplike werker moet

sy of haar eie vooroordele en emosies rondom etnisiteit en rou ken, dit sal voorkom dat dit onbewustelik etnies-sensitiewe rouberaad dienste met 'n klient sal beïnvloed.

Daar word verder aanbeveel dat maatskaplike werkers wat roueraad aan Xhosa-sprekende persone wil lewer 'n deeglike kennis en waardebasis van die Xhosa-sprekende klient se rituele rondom rou moet opbou. Die maatskaplike werker moet nie huiwer om, met toestemming, van hierdie rituele by te woon nie. Dit sal 'n praktiese ervaring van en gevolglik meer insig in die klient se etnisiteit verskaf.

### **5.3.2 Die impak van westerse gebruike op die tradisionele Xhosa-rouproses**

Die maatskaplike werker moet nie 'n klient se individualiteit gelyk stel aan sy/haar kultuur nie. Die Xhosa-sprekende klient se eie individuele behoeftes rondom rou moet saam met sy kulturele behoeftes in ag geneem word. Die individuele behoeftes kan minder tradisioneel wees en nie meer strook met tradisionele Xhosa-gebruike tydens rou nie. Daar moet deeglike assessering gedoen word om te bepaal hoe tradisioneel 'n Xhosa-sprekende klient se siening van sy rouproses is. Dienslewering moet hiervolgens bepaal word.

### **5.3.3 Die behoefte aan roueraad**

Die maatskaplike werker moet sy Xhosa-sprekende klient se behoeftes deeglik assesseer. Daar word aanbeveel dat die behoeftes byvoorbeeld om praktiese of emosionele ondersteuning deeglik bepaal word. Die behoeftes sal bepaal op watter wyse roueraad gelewer word. Die maatskaplike werker moet duidelikheid hê oor die tipe praktiese of emosionele hulp wat die klient verlang, byvoorbeeld finansiële hulp, hulp met die reël van die begrafnis of slegs ondersteuning deur te luister. Die klient moet ook bewus wees van die tipe dienste wat die maatskaplike werker wel kan lewer, dit sal voorkom dat die klient dienste verwag wat nie gelewer kan word nie, byvoorbeeld dat die maatskaplike werker die begrafnis kan finansier.

### **5.3.4 Verdere navorsing**

Verdere navorsing word aanbeveel ten opsigte van:

- a) Die afwesigheid van gekompliseerde rou in die Xhosa-kultuur.
- b) Die volle impak van westerse gebruike op die tradisionele Xhosa-kultuur se wyse van rou.
- c) Die plek van roueraad in die Xhosa-kultuur se rouproses.

Daar word ook aanbeveel dat die studie herhaal word met 'n groter aantal respondente. Daar kan ook 'n onderskeid gemaak word tussen respondente in stedelike en plattelandse areas.

## BRONNELYS

- Austin, CD & McClelland, RW (Ed.) 1996. *Perspectives on case management practice*. Milwaukee: Families International Inc.
- Babbie, E 1998. *The practice of social research*. 8<sup>th</sup> Ed. USA.: Wadsworth.
- Badawi, M & Biamonti, B 1990. *Social work practice in health care*. New York: Woodhead-Faulker.
- Barker, RL 1987. *The social work dictionary*. Maryland: Silver Spring.
- Bonnano, GA 1994. The consequences of emotional avoidance and emotional inhibition during bereavement. Lesing: 4de Internasionale konferensie van Rou in die kontemporêre samelewing. Stockholm 12-16 Junie 1994.
- Bopape, M 1995. *The bapedi framework of mourning and bereavement and its implications for helping professions*. *Social Work / Maatskaplike Werk* 31(3): 262-266.
- Brammer, LM & MacDonald, G 1999 *The helping relationship*. 7<sup>th</sup> Edition. USA: Allyn and Bacon.
- Cascio, T 1999. Religion and spirituality: diversity issues for the future. *Journal of Multicultural Social Work*, 7(3/4): 129-143.
- Cleiren, M 1991. *Bereavement and adaptation*. Leiden: DSWO Press.
- Compton, BR & Galaway, B 1999. *Social work processes*. 6th Edition USA: Brooks/Cole Publishing Company.
- Cook, AS & Oltjenbruns, KA 1998. *Dying and grieving, lifespan and family perspectives*. 2nd Ed. Orlando: Harcourt Brace & Company.
- Corr, CA; Nabe, CM & Corr, DM 1993. *Death and dying life and living*. USA: Wadsworth.
- Davidson, KW & Foster, Z 1995. Social work with dying and bereaved clients: helping the workers. *Social Work in Health Care*, 21(4): 1995:15.
- Denzin, NK & Lincoln, YS (Eds). 1994. *Handbook of qualitative research*. Thousand Oaks: Sage.

- Devore, W & Schlesinger, EG 1995. *Ethnic – sensitive social work practice* 4<sup>th</sup> Ed. USA: Allyn & Bacon.
- De Vos AS (Ed); Strydom, H; Fouché, CB; Poggenpoel, M; Schurink, EW 1998. *Research at grass roots. A premier for the caring professions*. Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.
- Doel, M & Shardlow, S 1998. *The new social work practice*. England: Arena.
- Durst, D 1994. Understanding the client/social worker relationship in a multicultural setting: implications for practice. *Journal of Multicultural Social Work*, 3(4): 29-41.
- Greene, RR 1994. *Human behaviour theory*. New York: Walter de Gruyter Inc.
- Greene, JW (1995). *Cultural awareness in the human services: A multi ethnic approach*. 2<sup>nd</sup> Edition. Needham Heights, MA: Allyn and Bacon.
- Haynes, AW & Singh, RN 1992. Ethnic-sensitive social work practice: An integrated, ecological and psychodynamic approach. *Journal of Multicultural Social Work* 2(2): 43-51.
- Horowitz, MJ; Wilner, N; Marmar, C & Krupnick, J 1980. Pathological grief and the activation of latent self images. *American Journal of Psychiatry* (137): 1157-1162.
- Imbrogno, S 1996. A syncretic construct to a multicultural program. *Journal of Multicultural Social Work*, 4(1): 21-34.
- Irwin, HJ & Melbin-Helberg, EG 1992. *Enhancement of death acceptance by a grief counselling course*. *Omega* 25: 73-86.
- Jacobs, SC, Kosten, TR, Kasl, SV, Ostfield, AM, Berkman, L & Charpentier, P 1987. *Attachment theory and multiple dimensions of grief*. *Omega* 18(1): 41-52.
- Jacques, G 2000. The Baby and the bath water: The dilemma of modern social work in Africa. *Social Work / Maatskaplike Werk*, 36(4): 361-374.
- Johnson, LC 1995. *Social work practice a generalist approach*. 5<sup>th</sup> Edition, USA: Allyn and Bacon.
- Jonker, C & Cronje, JI 2000. The cross-cultural ravine: Why the bridge is necessary, and how to go about building it. *Social Work / Maatskaplike Werk*. 36(3): 218-235.

- Kadushin, A 1990. *The social work interview* 3<sup>rd</sup> Edition. USA: Columbia University Press.
- Kerson, TS & Associates 1997. *Social work in health settings. Practice in Context* 2<sup>nd</sup> Ed. Haworth Press. N.Y.
- Kramer, BJ 1998. Preparing social workers for the inevitable: A preliminary investigation of a course on grief, death and loss. *Journal of Social Work Education* Vol. 34(2): 211-225.
- Kübler-Ross, E 1995. *Death is of vital importance*, New York: Station Hill Press.
- Lazare, A 1979. *Unresolved grief*. In A Lazare (Ed.) , *Outpatient psychiatry: Diagnosis and treatment*. Baltimore: Williams and Wilkens.
- Lindeman, E 1944. The symptomatology and management of acute grief. *American Journal of Psychiatry*, 141.
- Logan, ML; Freeman, EM & McRoy, RG 1990. *Social work with black families: A culturally specific perspective* New York: Longman.
- Lum, D 1996. *Social work practice and people of color: A process stage approach*. Pacific Grove, CA: Brooks-Cole.
- Mermann, AC 1999. *To do no harm*. Humanity Books: New York.
- Mnende, N 1997. *African traditional attitudes to death and dying*, CME, 15(7): 793:795.
- Mouton, J 2001. *How to succeed in your masters and doctoral studies: A South African guide and resource book*, Pretoria: Van Schaik Publishers
- Mulrain, G 1993. Bereavement, race and culture. *Bereavement Care*, (123): 33-35.
- Nyatanga, B 1997. Cultural issues in palliative care. *International Journal of Palliative Nursing*, 3(4): 203-208.
- Parkes, CM 1972. *Bereavement: studies of grief in adult life*. New York: International Universities Press.
- Parkes, CM 1996. *Bereavement studies of grief in adult life*. 3<sup>rd</sup> Edition, London: Routledge.
- Parkes, CM 1998. *Traditional models and theories of grief*. *Bereavement Care*, 17(2): 21-23.



- Parkes, CM; Relf, M. & Coldrick, A. 1996. *Counselling in terminal care and bereavement*. Leicester: BPS Books.
- Potgieter, MC 1998. *The social work process development to empower people*. South Africa: Prentice Hall (Pty) Ltd.
- Rando, T 1993. *Treatment of complicated mourning*. Champaign IL: Research Press.
- Ratau, SL 1997. *Traditional african perception of mental illness and treatment: A social work perspective*. Tesis (MAMW) – Universiteit van Stellenbosch.
- Schultz, R 1978. *The psychology of death, dying and bereavement*. USA: Addison-Wesley Publishing Company.
- Schuchter, SR & Zisook, S 1986. Treatment of spousal bereavement: A multidimensional approach. *Psychiatric Annals*. 16 :295-305.
- Sheafor, RW; Horejsi, CR & Horejsi, GA 1994. *Techniques and guidelines for social work practice*. London: Allyn and Bacon.
- Sikhitha, TM 1996. Social work practice in cross-cultural situations: some guidelines for practice. *Social Work / Maatskaplike Werk*, 32(1): 61-66.
- Slagle, KW 1978. *Live with loss*. New Jersey: Prentice Hall.
- Smith, CR 1982. *Social work with the dying and bereaved*. London: The Macmillan Press Ltd.
- Soga, JH 1931. *The AMA-Xhosa life and customs*. South Africa: Lovedale Press.
- South Africa (Republic) Department of Welfare and Population Development. 1997. White Paper of Social Welfare, Pretoria: Government Printer.
- Sowers-Hoag, KM & Sandau-Beckler, P 1996. Educating for cultural competence in the generalist curriculum. *Journal of muticultural Social Work*, 4(3):37 – 54.
- Tshabalala, M 1992. Multicultural Social Work Practice: Alternative Options for Social Work Practice in South Africa. *Journal of Multicultural Social Work* 2(2): 65-78.
- Vachon, M & Stylianos, SK The role of social support in bereavement. *Journal of Social Issues* 443: 175-190.

Vaktaalkomitee vir maatskaplike werk. 1995. *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk*,  
Kaapstad : CTP.

Walanza, N 1995. Workshop: Grief in an African context. Fifth National Hospice Congress.  
Stellenbosch.

Weaver, HN 1998. Indigenous people in a multicultural society: Unique issues for human  
services. *Social Work*, 43(3): 203-210.

Williams, M; Tutty, LM & Grinnel, MR 1995. *Research in social work an introduction*. 2<sup>nd</sup> Ed.  
U.S.A. Peacock.

Worden, WJ 1991. *Grief counselling and grief therapy. A handbook for the Mental Health  
Practitioner* 2<sup>nd</sup> Ed. Great Britain: Routledge.

**ADDENDUM A:**

**VRAELYS**

## Toestemmingsbrief

Geagte

Ek is besig met 'n studie wat riglyne vir etnies-sensitiewe rouberaad met Xhosa-sprekende persone wil bepaal. Daar word gefokus op Xhosa-sprekende persone in rou en die effektiwiteit waarmee maatskaplike werkers rouberaad aan hulle kan verskaf. Die huidige rouberaadmodelle en literatuur is slegs westers gebaseer. Die studie wil die behoeftes, rituele, gebruike en unieke rouproseses van die Xhosa-kultuur verken. Die inligting, saam met die basiese kennis van die westerse modelle, sal gebruik word om rouberaad meer etnies sensitief vir Xhosa-sprekende persone te maak.

Die studie maak staat daarop om sekere inligting, rakende u rouproses en die ondersteuning wat u in u proses van rou ontvang het, te verkry. Die inligting sal gebruik word om die ondersteuning aan Xhosa-sprekende persone in rou volgens hul behoeftes te rig. Die beantwoording van die vraelys is vrywillig. U hoef geen vrae teen u sin te beantwoord nie. Alle inligting wat u verstrekk is konfidensieël en sal anoniem en akkuraat weergegee word. Indien u bereid is om aan die studie deel te neem, vul asseblief die onderstaande in.

---

### Vorm van toestemming

Ek verstaan die beginsels van die studie en het geen besware teen die invul / beantwoording van die vraelys nie.

**Volle naam en van:** \_\_\_\_\_

**Handtekening:** \_\_\_\_\_

**Datum:** \_\_\_\_\_

**Geteken te:** \_\_\_\_\_

---

## 'n Onderzoek na riglyne vir etnies-sensitiewe rouberaad met Xhosa-sprekende persone

---

### **Instruksies**

- 1) Die vrae sal mondelings aan u gerig word; indien u dit nie verstaan nie, vra asseblief vir 'n herhaling of verduideliking.
  - 2) Beantwoord asseblief elke vraag so eerlik en volledig as moontlik.
- 

### **Afdeling A: Identifiserende besonderhede**

- 1.1. Naam en Van: \_\_\_\_\_
- 1.2. Geslag : \_\_\_\_\_
- 1.3. Ouderdom : \_\_\_\_\_
- 1.4. Huistaal : \_\_\_\_\_
- 1.5. Verhouding met oorledene: \_\_\_\_\_

### **Afdeling B: Die rol van die maatskaplike werker as etnies-sensitiewe rouberader**

- 2.1. Dink u dat 'n maatskaplike werker van 'n ander kultuur vir u in u tyd van rou sal kan ondersteun?

Ja	
Onseker	
Nee	

- 2.2. Hoe sal u voel as 'n maatskaplike werker van 'n ander kultuur daarop aandring om u in u tyd van rou te ondersteun?

Ek sal dit verwelkom	
Ek sal nie werklik omgee nie	
Ek sal dit glad nie wil hê nie, vergerg en kwaad wees	

- 2.3. Voel u dat u kultuur en die geskiedenis van u mense 'n invloed het op u eie manier van rou?

Ja	
Onseker	
Nee	

**2.4. Dink u dat 'n maatskaplike werker van 'n ander kultuur genoeg kennis het van u Xhosa-kultuur en rou in u kultuur om die volgende te verstaan?**

	Ja	Nee	Onseker
Kulturele waardes ten opsigte van rou			
Kulturele gedrag en optredes soos rolle in die rouproses			
Unieke eienskappe / gebeurtenisse wat gerespekteer moet word			
Wanneer 'n maatskaplike werker welkom sal wees om ondersteuning te bied			
Wanneer sekere optredes van die maatskaplike werker disrespekvol teenoor die rouproses is			

**2.5. Voel u dat daar sekere gebruike rondom rou in die Xhosa-kultuur is, wat iemand van 'n ander kultuur nooit sal kan verstaan nie?**

Ja	
Onseker	
Nee	

**2.5.1. Indien "Ja" of "Onseker", sou u graag wou hê dat die maatskaplike werker dit moet probeer verstaan, al is dit net gedeeltelik?**

Ja	
Nee	

**2.6. Hoe sien u die rol van die maatskaplike werker wat u kom ondersteun nadat u geliefte gesterf het?**

*U mag meer as een antwoord merk*

Verlening van materiële en finansiële hulp	
Hulp met reëlings ten opsigte van die begrafnis	
Verlening van emosionele ondersteuning aan u familie	
Hulp met familie- of gesinsprobleme wat ontstaan as gevolg van die dood	

Ander: \_\_\_\_\_  
 \_\_\_\_\_  
 \_\_\_\_\_

**Afdeling C: Rouberaadmodelle**

**3.1. Hoe het u, of hoe ervaar u tans die tyd na die dood van u naasbestaande?**

*U moet asseblief een opsie kies*

Dit is soos om siek te wees vir 'n rukkie, waarna ek weer gesond en reg sal wees	
Dit is 'n tyd wanneer ek deur sekere stadiums gaan en wanneer ek sekere gevoelens ervaar	
Dit is 'n tyd wanneer ek sekere take ten opsigte van rou moet afhandel voordat ek met my lewe kan voortaan	

**3.2. Tydens u rou en net na die dood van u geliefde, het u enige van die volgende ervaar?**

*U mag meer as een merk*

Skok, onwerklikheid	
Verlange na die oorledene	
Deurmekaar optrede soos vergeetagtigheid	
'n Gevoel dat alles weer sal regkom	
Al die bogenoemde	

Ander: \_\_\_\_\_  
 \_\_\_\_\_  
 \_\_\_\_\_

**3.3. In die tyd van rou, het u gevoel dat u enige van die volgende moes doen?**

*U mag meer as een merk*

U moes aanvaar en vir uself oortuig dat die persoon oorlede is	
U moes erken dat u baie hartseer is en dit verwerk	
U most aanpas sonder die oorledene, leer om sonder hom or haar te oorleef	
U moet met u lewe voortgaan en u gedagtes van die oorledene op 'n spesiale plek in u hart bêre	
Al die bogenoemde	

**3.4. Hoe begryp, sien en ervaar u die tyd van rou?**

\_\_\_\_\_  
 \_\_\_\_\_  
 \_\_\_\_\_  
 \_\_\_\_\_  
 \_\_\_\_\_

**Afdeling D: Dood en rou in die Xhosa-kultuur**

***Begrafnis en Dood***

4.1. **Waar word dit verkies dat 'n persoon sterf, en hoekom?**

---

---

---

---

---

4.2. **Wat gebeur net na iemand gesterf het - word enige spesifieke rituele uitgevoer?**

---

---

---

---

---

4.3. **Wie moet die nuus van die dood oordra, en hoekom word die persoon gekies?**

---

---

---

---

---

4.4. **Wie behartig die begrafnisreëlings, en hoekom moet die persoon dit doen?**

---

---

---

---

---

4.5. **Vind daar spesifieke rituele soon 'n nagwaak voor die begrafnis plaas?**  
*Indien ja, spesifiseer asseblief*

---

---

---

---

---



4.6. **Sou u sê dat begrafnisse in u kultuur minder tradisioneel geword het? Hoekom?**

---

---

---

---

---

4.6.1. **Indien wel, watter tradisies word nog behou?**

---

---

---

---

---

***Spirituele***

4.7. **Watter geestelike leier speel die grootste rol tydens 'n dood?**

Dominee / Pastoor / Rabbi	
Tradisionele leier / heler	

4.8. **In u oë, wie besluit oor lewe en dood, en hoekom laat die persoon / gees iemand sterf?**

---

---

---

---

---

4.9. **Watter rol speel die voorvadergeeste tydens die volgende aspekte?**

4.9.1. **Die dood/sterfte?**

---

---

---

---

---

4.9.2. **Die begrafnis?**

---

---

---

---

---

4.10. **Waarheen glo u vertrek die oorledene se gees?**

---

---

---

---

---

4.11. **Glo u dat die oorledene kontak met u kan hou of oor u kan waak?  
Indien ja, hoe?**

---

---

---

---

---

**Afdeling E: Faktore wat rou beïnvloed**

***Gedragreëls***

5.1. **In die Xhosa-kultuur, wat is die voorskrifte vir gedrag tydens rou?**

5.1.1. **Watter take en optrede word verwag van vrouens?**

---

---

---

---

---

5.1.2. **Watter take en optrede word verwag van mans?**

---

---

---

---

---

5.1.3. **Wat mag vroue nie doen nie?**

---

---

---

---

---

**5.1.4. Wat mag mans nie doen nie?**

---

---

---

---

---

**5.1.5. Hoe word daar van 'n familie verwag om op te tree?**

---

---

---

---

---

**5.2. Is daar enige vaste reëls wat die manier waarop mans en vroue rou bepaal?**

---

---

---

---

---

**5.3. Op watter ouderdom word kinders by die rouproses betrek, hoekom?**

---

---

---

---

---

**5.3.1. Het hulle enige spesifieke gedragsvoorskrifte?**

---

---

---

---

---

**5.4. Word bejaardes belangrik of onbelangrik in die rouproses gesien?**

---

---

---

---

---

5.5. Sal die manier wat die oorledene gesterf het die begrafnis en rouproses beïnvloed? Indien wel, watter maniere van sterf het 'n negatiewe invloed en watter het 'n positiewe invloed?

---

---

---

---

---

**Ondersteuningstelsels**

5.6. Van wie het u die meeste ondersteuning ontvang?

Familie Wie spesifiek in die familie: _____ _____ _____	
Vriende	

5.7. Watter tipe ondersteuning is van u familie ontvang?

Emosioneel	
Prakties	
Finansieël	

Ander: \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

5.8. Watter tipe ondersteuning is van u vriende ontvang?

Emosioneel	
Prakties	
Finansieël	

Ander: \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

5.9. **Is daar enige vorme van verlies wat in die gemeenskap gesien word as 'n verlies waaroor daar nie gegraap of na verwys word nie? Indien wel, watter tipe verliese?**

---

---

---

---

---

5.10. **Hoekom kan daar nie openlik hierna verwys of oor gepraat word nie?**

---

---

---

---

---

**Afdeling F: Normale en Gekompliseerde rou**

***Normale rou***

6.1. **Watter van die volgende het u tydens u rouproses ervaar?**

*U mag meet as een merk*

6.1.1. **Somaties**

Kortasem	
Keel wat toetrek	
Versteurde slaappatrone	
Moegheid	
Verlies aan energie	
Verandering in eetlus	
Kopseer	
Fisiese / gesondheidsprobleme	

**6.1.2. Intrapsigies**

Skok	
Emosionele gevoelloosheid	
Hartseer	
Woede	
Angs	
Depressie	
Apatie	
Hulpeloosheid	
Hopeloosheid	
Skuld	
Waardeloosheid	
Disoriëntasie	
Verlaagde konsentrasie	
Hallusinaie	

**6.1.3. Gedrags**

Huil	
Onttrekking	
Oorafhanklik	
Verlies van belange in dagtake	
Rusteloosheid	
Vyhandige uitbarstings	

**6.2. Het u hulp nodig gehad om enige van die simptome te hanteer?**

Ja	
Nee	

**6.3. Indien wel, wie het vir u gehelp?**

Familielid	
Vriend	
Maatskaplike werker	
Kerk, dominee, geestelike leier	
Tradisionele heler	

Ander:

---



---



---

6.4. **Wanneer beskou u Xhosa-kultuur 'n persoon se rou as nie meer normaal nie?**

---

---

---

---

---

6.4.1. **Hoekom word dit nie meer as normaal beskou nie?**

---

---

---

---

---

6.4.2. **Watter tipe optredes word nie as normale optredes ten opsigte van rou beskou nie?**

---

---

---

---

---

6.4.3. **Wat word as die oorsaak beskou?**

---

---

---

---

---

***Baie dankie vir u samewerking!***